## HOOFSTUK 4
# PRINSIPIËLE OMLYNING

### 4.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die identifisering en beskrywing van die beginsels waarop appèl en regsherstel rus, asook die wesenlike aspekte waaruit dit bestaan, is een van die hoofsake waarop in hierdie studie gefokus word[1]. Met die oog hierop word die begrippe appèl en regsherstel in die eerste plek binne die breër raamwerk van algemeen geldende regsbeginsels bespreek en omskryf. Vervolgens word verskeie wesenlike aspekte rakende appèl beskryf, waarna ook kortliks aan alternatiewe metodes van geskilbeslegting in die kerkreg aandag gegee word. Die hoofstuk sluit af met 'n praktykgerigte sintese. Vereistes waaraan appèl met die oog op regsherstel behoort te voldoen, word daarin verwoord.

### 4.2 APPÈL IN DIE KERKLIKE EN BURGERLIKE REG: ONDERLINGE VERHOUDING

Wanneer Gereformeerde kerkreghandboeke, kerkorde-handleidings en relevante publikasies oor die hantering van kerklike appèlle geraadpleeg word, word dit duidelik dat daar oor die onderlinge verhouding tussen appèl in die kerklike en burgerlike reg uiteenlopend gedink word. Die onderskeie gedagterigtings kan breedweg soos volg saamgevat word:

- Bipolêre verhouding. 'n Skerp lyn word tussen appèl in die kerklike en in die burgerlike reg getrek. Kerkreg en burgerlike reg word radikaal van mekaar geskei; soms teenoor mekaar gestel.
- Polêre verhouding. Bepaalde ooreenkomste tussen appèl in die kerklike en burgerlike reg word erken. Daar word gepoog om dié raakvlakke tot uitbou van die Gereformeerde kerkreg te identifiseer en beskryf. Kerkreg en burgerlike reg word langs mekaar geplaas.
- Gesinchroniseerde verhouding. Algemene regsbeginsels wat aan die kerkreg en die algemene reg (onder andere die burgerlike reg) ten grondslag lê, word geïdentifiseer en beskryf. Gereformeerde kerkregtelikes en gereformeerde juriste werk saam om dié beginsels in die praktyk van die kerkregering, met name in gevalle van geskilbeslegting, toe te pas.

[1] Sien Hoofstuk 1, probleemstellings 2 tot 5 asook navorsingsdoelstellings 3 en 4 onder Hoofstuk 1, paragraaf 1.4.1

### 4.2.1 Bipolêre verhouding

Die *sui generis* van die kerkreg word deurgaans as basisargument ten gunste van 'n skerp skeiding tussen appèl in die kerklike en nie-kerklike reg aangevoer. Die eiesoortigheid en andersheid van die kerkreg word op verskeie maniere verwoord:

- *Eiesoortige norm*

  Kerklike regspraak wil aan die Christusregering ooreenkomstig sy Woord deurgang gee. Daarom mag dit nooit op 'n juridiese manier uitgeoefen word nie, laat staan op 'n wettiese of wêreldse manier[2].

  Die wêreldlike reg bepaal dat die wetgewer geen reël mag stel wat teen die grondwet ingaan nie. As daar wel so 'n reël ingestel word, moet regters dit nogtans toepas. Die reg om die wet aan die grondwet te toets kom slegs die wetgewer toe, nie die regter nie. Die kerkreg daarenteen eis dat elke lidmaat of ampsdraer enigiets wat met Gods Woord (die grondwet van kerk en koninkryk) in stryd is, onmiddellik bekend maak – desnoods teen alle kerklike ordeninge en beslissings in[3].
- *Eiesoortige regsuitoefening*

  Kerklike regsuitoefening is wesenlik van die wêreldlike regsuitoefening te onderskei. Die kerkorde wys weg van homself af. Deur die kerkorde word gehoorsaamheid aan die Skrif gereël. Die wet wys na homself. Deur die wet word gehoorsaamheid aan die wet as sodanig afgedwing. In kerklike regsuitoefening gaan dit nie om oortredinge van die kerkorde nie, terwyl dit in die wêreldlike regsuitoefening wel om oortredinge van die staatswette gaan[4].
- *Eiesoortige atmosfeer*

  Kerklike regspraak behoort in die atmosfeer van liefde en behoud plaas te vind. Die atmosfeer van wêreldlike regspraak is koud en klinies. Die gevaar is groot dat in kerklike regspraak na wêreldlike reg gekyk word, wat nie aan Bybelse gebooie voldoen nie. Dit het tot gevolg dat kerklike geskille as harde regsake hanteer word in plaas van 'gewetenskrisisse' tussen broeders van dieselfde huis[5].
- *Eiesoortige optrede*

  Skriftuurlike beginsels van geregtigheid en billikheid, wat vir kerklike regspraak geld, is wesenlik anders as die *strictum ius*, die formalisme en 'behendigheidspel' van die wêreldlike reg wat met 'koue regsake' werk[6].

---
[2] Van der Walt, 1976:164
[3] Deddens, 1953l:362
[4] Smit, 1984a:103
[5] Roeleveld, 1972a:41
[6] Roeleveld, 1972a:41,46; De Kock, 1982:27

- *Eiesoortige terminologie*

  Die wêreldlike regspraak gee dikwels 'n ander inhoud aan regsterme as die kerklike regspraak[7].

- *Eiesoortige regbank*

  'n Kerklike vergadering wat regspreek is wesenlik anders as 'n burgerlike hof. Kerklike vergaderinge is nie permanente strukture nie. 'n Mindere kerklike vergadering kan gevolglik nie as 'verweerder' teenoor 'n appellant in 'n meerdere vergadering optree nie[8].

- *Eiesoortige regter*

  Die wêreldlike reg word toegepas deur persone wat na jarelange studie in die kennis van die reg bedrewe is. Kerkreg word toegepas deur ampsdraers, wat in die eerste plek toegelê is op kennis van die Skrifte, 'n 'deur die gewoonte geoefende gawe om tussen goed en kwaad te onderskei (Hebreërs 5:14)'[9].

- *Eiesoortige orde*

  Die orde van die kerk is wesenlik anders as die orde van enige ander samelewings-verband, instituut of struktuur. 'n Ander wetmatigheid geld vir die bestaan van die kerk as wat vir 'n menslike vereniging of instituut geld[10].

  Gevolglik kan die kerkorde nie soos 'n staatswet hanteer word nie. Kerkreg en wêreldlike reg verskil in baie opsigte van mekaar; onder andere in aard, struktuur, sin, omvang en metode[11].

- *Eiesoortige regshandhawing*

  Die wêreldlike reg laat haar deur dwang geld, desnoods met geweld. Gehoorsaamheid word afgeforseer. Kerkreg daarenteen soek na vrye gehoorsaamheid uit liefde, met as middele onderwysing, oorreding, vermaning, waarskuwing[12].

- *Eiesoortige gerigtheid*

  Die wêreldlike reg let op uitwendige optrede en bemoei hom nie met innerlike gesindheid nie. Daarom straf die wêreldlike reg misdadigers, ook al bekeer hulle hul. Straf dien as vergelding. Kerklike regspraak en sensuur is egter nie slegs (selfs nie primêr) op uiterlike geweld gerig nie, maar eis aflegging van haat, wat vir God doodslag is. Kerkregering berus op die soenverdienste van Jesus Christus en is derhalwe verbind aan sy wil vir sy

---

[7] Schilder (Schilder en Deddens, s.j.:39) skryf in dié verband: 'Denk maar eens aan het woord 'advies', dat in de kerkelijke wereld een andere inhoud heeft dan in de juridische. In omgekeerde richting geldt hetzelfde van den term 'hoger beroep'. Men laat den term gaan, maar feitelijk deugt hij in de kerkelijke wereld niet (meerdere vergaderingen zijn geen superieure, geen *hoogere*)'.

[8] Spoelstra, 1986:107. Spoelstra spreek hom in die lig van 1 Korintiërs 3:3 sterk uit teen dikwels gebruikte terminologie in kerklike appèlsake wat na sy mening tipiese sekulêre tendense vertoon. Hy verwys in besonder na terme soos 'verweer' en 'partye'.

[9] Deddens, 1953l:362; Deddens, 1956n:271

[10] Smit, 1984b:42

[11] Deddens, 1953l:362

[12] Deddens, 1953l:362

kerk[13]. Kerklike regspraak het berou en boetvaardigheid van die sondaar as mikpunt[14]. Kerkregering is diens aan en van die Woord; dit is getuienis en verkondiging wat die betrokkenes voor 'n beslissing met betrekking tot Christus stel[15].

- *Eiesoortige fokus*

  Die wêreldlike reg fokus by die positivering daarvan op 'n groot getal besonderhede en reël tallose feite en verhoudinge. Gevolglik is die wêreldlike reg aan 'n menigte, dikwels tegnies-ingewikkelde formuleringe gebind[16]. Die kerkreg bepaal hom, met inagneming van geldige regsreëls, slegs by hoofsake[17]. Die kerkorde is nie soos 'n wet of reglemente-bundel op allerhande moontlikhede van ónreg gefokus nie, maar spel die basiese reëls vir rég uit.

### 4.2.2 Polêre verhouding

In meer resente kerkregtelike werke word daar op 'n minder skerp manier met die *sui generis* van die kerkreg omgegaan.

Smit, wat enersyds beklemtoon dat die orde van die kerk wesenlik anders is as die orde van enige ander samelewingsverband, instituut of struktuur[18], stel 'n jaar later dat die kerk wesenlik met dieselfde reg uit dieselfde oorsprong as die staat te make het[19]. Hy verwys na die regsordening in die Ou Testament, wat ongedifferensieerd as 'n eenheid oor die hele lewenspektrum geld.

Smit, net soos Du Plooy[20], sluit aan by Calvyn se beskouing dat die kerk en die staat dieselfde reg uit dieselfde oorsprong hanteer[21]. Dit is egter onderskei in twee *ordines* wat God ingestel het; soos twee oë in een liggaam. Die differensiasie tussen kerkreg en staatlike reg veronderstel dus nie 'n kategorie-verskil of 'n wesensverskil in die reg nie, maar 'n toepassings-verskil. Die staatsowerheid orden die staat, kragtens sy funksie, met juridiese wette en bepalinge wat afdwingbaar is. Die kerkraad orden die kerk, kragtens sy funksie, met liefde deur die positiewe reg van God wat in geloof gehoorsaam word[22].

[13] Smit, 1992:517
[14] Deddens, 1953l:362
[15] Jonker, 1965:12
[16] Deddens, 1953l:362
[17] Deddens, 1956n:271
[18] Smit, 1984b:42
[19] Smit, 1985:327
[20] Du Plooy, 1991:114, 124
[21] Calvyn, Institusie 4,20,1
[22] Smit, 1985:329

Net soos Smit, onderstreep die *Gereformeerde Gemeenten* (GG) in Nederland met 'n beroep op Calvyn die geestelike karakter van die kerkreg, en dat dit om daardie rede 'n geheel ander orde as die wêreldlike reg is [23]. Terselfdertyd wys hulle op die algemene regsbeginsels wat sowel vir die kerk as vir die staat geld[24]. Ook al is die kerkreg *sui generis* wat sy bron (die Skrif), bedoeling (eer van God, welsyn van die gemeente, behoud van die sondaar) en talle ander sake betref, is daar eweneens duidelike ooreenkomste met die wêreldlike reg. Die wêreldlike reg kan vir die kerke baie nuttig wees. Die *Gereformeerde Gemeenten* waarsku met verwysing na Bos[25] in besonder teen wêreldlike prosedures wat sover moontlik in die kerk vermy word, aangesien wêreldlike reg vergeld en die kerk versoen[26].

Vanuit 'n nie-kerkregtelike hoek wys Santing-Wubs[27] daarop dat beginsels van die (Nederlands-Europese) grondwet nie regstreeks in kerklike geskilbeslegting deurwerk nie. Tog is daar talle prosesregtelike beginsels in dié grondwet wat vir die regsgang in die kerke van toepassing is en met groot vrug gebruik kan word.

Vroeër in die 20ste eeu het Van Es in Nederland 'n perspektief op die sogenaamde Du Plessis-saak in Suid-Afrika gegee [29]. Van Es pleit vir vryheid van die kerk in haar eie sfeer, net soos vryheid van die staat in sy eie sfeer. Onderlinge eerbiediging is die wagwoord. Op bepaalde terreine moet kerk en staat mekaar ontmoet. Hoe meer daar onderling gekommunikeer en oorleg gepleeg word, hoe beter. Daar is volgens Van Es genoeg onderlinge raakvlakke om met mekaar in gesprek oor te tree[30]. Dit sluit die reg tot appèl in.

### 4.2.3 Gesinchroniseerde verhouding

In die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland (GKV) is daar sedert 1993 diepgaande oor kerklike appèl besin[31]. Die verhouding tussen appèl in die kerkreg en die burgerlike reg het prominente aandag gekry. In 1994 is 'n uitgawe van *De Reformatie* in geheel aan die saak van kerklike appèl gewy.

Boersma, 'n juris, identifiseer bepaalde probleme met die appèlreëling wat op daardie stadium in die GKV van krag was[32]. Daar is volgens hom geen enkele sekerheid oor die tydsduur van

[23] GG, 1999:9
[24] GG, 1999:10
[25] Bos, 1950:71
[26] GG, 1999:10
[27] Santing-Wubs, 2002:139-140; vergelyk Slump, 2000:91
[29] Van Es, 1933:2
[30] Van Es, 1933:31
[31] Haitsma, 2004:5
[32] Boersma, 1994:585-587

die prosedure nie; bowendien is daar geen instansie wat die verloop van termyne kontroleer nie. Die implikasies is groot vir diegene wat om regshulp aanklop. Meerdere vergaderings word nie saamgestel op die basis van deskundigheid in die beslegting van geskille nie. Daar is dus geen waarborg vir kwaliteit wat betref die hantering en afhandeling van 'n appèl nie. Omdat die mindere vergadering teen wie geappelleer word afgevaardigdes na die meerdere vergadering stuur by wie geappelleer word, kan die indruk ontstaan dat die hantering en afhandeling van die appèl by voorbaat partydig sal wees. Verder roep die feit dat dieselfde predikante min of meer altyd by bepaalde meerdere vergaderinge is, die risiko van domino-krasie op. Die kerklike weg is 'n moeisame weg, wat daartoe aanleiding gee dat dikwels in die onreg berus word, eerder as om vir die moeisame weg te kies. Laasgenoemde het 'n negatiewe gevolg vir die verontregte sowel as die onregverdige[33]. Omdat Artikel 31 KO so beknop is, ontstaan daar talle vrae insake die appèlprosedure: Wanneer kan reaksie verwag word? Kan die appèl mondeling toegelig word? Is die behandeling van die appèl openbaar?

In die oë van die wêreldlike reg is hierdie sake volgens Boersma ernstige knelpunte. Indien iemand ooreenkomstig 1 Korintiërs 6 wel na 'n wêreldlike regbank toe gaan omdat sy reg in die kerk geminag is, hoe sal die regter oor 'n prosedure – wat nie noukeurig omskryf is nie – oordeel? So 'n situasie moet syns insiens voorkom word. Boersma meen dat daar 'n regsgang ontwikkel moet word waardeur 'n saak van vermeende onreg in die lyn van 1 Korintiërs 6 binne die eie kerklike gemeenskap effektief behandel en afgehandel kan word[34]. Kerklike regspraak, wat vanuit die gemene reg as 'alternatiewe geskilbeslegting' beskou word[35], mag in geen opsig vir die wêreldlike reg terugstaan nie, veral nie wat appèlle betref nie.

In 1997 spreek Slump, 'n regter, hom sterk ten gunste van 'n ontwikkeling in die 'gesonde grensverkeer' tussen kerkreg en burgerlike reg uit[36]. So 'n ontwikkeling is nodig, onder andere omdat 'n burgerlike regter by die beoordeling van geskille waarin die kerklike regsgang ter sprake kom, deeglik toets of daar sprake was van skending van fundamentele regsreëls. Die primaat wat die regter aan die kerklike regsgang gee, maak die kerklike regsgang nie immuun vir regterlike toetsing by nabaat nie[37].

Slump bestry die teenstelling wat tussen kerklike en wêreldlike prosesreg gesoek of geskep word. Die Skrif diskwalifiseer nêrens die wêreldlike regspraak as sodanig nie. Daarby kan die invloed van die wêreldlike reg en die kennis en ervaring van juriste by die bestudering en ontwikkeling van die kerklike reg al te maklik 'buite die deur gehou word' deur 'n vertekende

[33] 1 Korintiërs 6:9
[34] Vergelyk Oldenhuis, 1994:591-593 en Pel, 1994:593
[35] Santing-Wubs, 2002:106
[36] Slump, 1997:86
[37] Slump, 2000:91

beeld aan die verhouding tussen beide gebiede te gee. Dikwels word 'n karikatuur van die wêreldlike reg geskep asof dit bloot koud en hard en klinies is. Ook al is die kerklike regsgang uniek, kan daar soveel op die *sui generis* gehamer word, asof daar nie ook bepaalde Godgegewe regsreëls is wat konsekwent oral geld nie [38].

Te Velde onderskryf die mening van bogenoemde juriste[39]. In verband met die verhouding tussen kerkreg en staatsreg noem hy dat die kerk nie in 'n klooster leef nie, maar noodwendig aan die buitewêreld blootgestel word. In haar pastorale arbeid kry die kerk noodwendig te doen met dinge soos familiereg en strafreg. Dit is nie net uit praktyk noodsaaklik om van wêreldlike reg kennis te neem nie, maar ook prinsipieel. God is Koning oor alles. Baie basiese regsreëls wat in die kerk van toepassing is, is net so van toepassing in die staat. Kennis van juriste kan dus goed gebruik word. Samewerking en wisselwerking van teoloë met christen-juriste is onmisbaar om op hoogte te bly van ontwikkelinge en om bewaar te bly van vergissings.

Santing-Wubs[40] beskryf die basiese prosesregtelike beginsels wat, met volle inagneming van die kerke se eie regsbeginsels, op kerklike regspraak van toepassing is[41]:

- toegang tot regterlike instansie;
- eerlike behandeling, waaronder reg op hoor en wederhoor, reg op gelyke proseskanse[42];
- deugdelike motivering van regterlike uitspraak;
- openbaarheid van regspraak;
- beregting binne 'n redelike termyn;
- onafhanklikheid en onpartydigheid van die regter.

Santing-Wubs vestig verder die aandag daarop dat toetsing van kerklike uitsprake deur 'n burgerlike regter altyd moontlik is[43]:

- marginale toetsing om toe te sien dat daar aan die vereistes van die reg voldoen is;
- kwalitatiewe toetsing om te bevestig dat daar diepgaande genoeg na die geskil gekyk is;
- inhoudelike toetsing, wat beteken dat die saak as't ware heropen word.

Wat laasgenoemde betref laat die burgerlike regter hom nie oor geloofskwessies uit nie[44].

[38] Slump, 2000:93-94; vergelyk Boersma, 2004:13
[39] Te Velde, 2004c:131
[40] Santing-Wubs, 2002:106-107, 132-139
[41] Dit is die reëls van natuurlike geregtigheid, waaraan in paragraaf 4.4.5.2.1 aandag gegee word.
[42] *Equality of arms* – byvoorbeeld dat elkeen geregtig is op regshulp.
[43] Santing-Wubs, 2002:163
[44] Santing-Wubs, 2002:194. Die vraag is relevant tot watter mate die uitspraak van die burgerlike regter in die kerk bindend is.

### 4.2.4 Slotsom

Alle gereformeerde kerkregtelikes sowel as gereformeerde juriste wat oor die verhouding tussen kerklike en burgerlike reg geraadpleeg is, is dit eens dát die kerkreg sy eie-aard (*sui generis*) het. Oor die manier waarop die eie-aard gehandhaaf en uitgeleef moet word, bestaan daar verskil van mening. Dit blyk dat bepaalde wanvoorstellings wat vanuit die kerkreg oor die burgerlike reg bestaan het, met verloop van tyd uit die weg geruim is.

In hierdie studie word daar, met volle inagneming van die eie-aard van die Gereformeerde kerkreg sowel as die burgerlike reg, van die standpunt uitgegaan dat daar 'n gesinchroniseerde verhouding tussen die kerkreg en die burgerlike reg behoort te wees en dat dié verhouding voortdurend verder ontwikkel word. Drie hoofsake word as motief vir hierdie standpunt aangebied:

- God se Woord is geldig vir alles in die lewe, onder andere vir kerklike én burgerlike reg[45]. Die eiesoortigheid van die kerklike reg kan en mag nie sodanig verabsoluteer word, dat dit in spanning met ander vorme van regspraak beskou en toegepas word nie. Ook al is die kerk nie ván die wêreld nie, is die kerk wel ín die wêreld[46]. Daar moet noukeurig onderskei word wat werklik die eie-aard van die kerkreg is, en wat algemeen regsgeldige reëls is.
- Kerklike regspraak moet ten alle tye ooreenkomstig algemeen geldende regsbeginsels, wat vir die kerk 'n minimum-vereiste behoort te wees, geweeg kan word[47]. Dit sal tot oneer van Christus en sy kerk strek as die minimum-vereistes nie deur die kerke nagekom (kan) word nie[48]. Kerklike regspraak moet in alle opsigte hoogstaande wees[49], sodat kan blyk dat die kerk ook in dié opsig 'n stad op 'n berg is[50]. Die Here se Naam moet onder andere by wyse van deeglike kerklike regspraak deur nie-kerklike mense geëer word[51].
- 'n Gelowige juris moet, soos enige ander lidmaat in die amp van gelowige, sy/haar juris-gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die gemeenskap van die heiliges kan aanwend[52]. Onderlinge samewerking tussen gelowige regskundiges en diegene wat in

[45] Op die basis hiervan bepaal Artikel 71 KO dat sowel burgerlike straf as kerklike tug noodsaaklik is om die eer van God te handhaaf. Oor die 'dat, hoe en wat' van elkeen is die Woord van God duidelik, so ook oor die gemeenskaplikheid en uniekheid daarvan. Vergelyk Roeleveld, 1958:19.
[46] Johannes 17:15; 2 Korintiërs 3:2; Filippense 3:20; Kolossense 3:1
[47] Vergelyk 1 Petrus 3:15 – 'Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is …'.
[48] Oldenhuis, 1994:590. Met verwysing na die Roomse kanonis W Onclin, stel Torfs (1998:20) die vraag: 'Beschikt de kerk overal nog wel over voldoende vaardige canonisten die ook op zuiver juridisch vlak vrank en vrij met het moderne recht in dialoog vermogen te treden'? Dié vraag is net so relevant vir die Gereformeerde kerkreg.
[49] Pel, 1994:593
[50] Matteus 5:14; Filippense 2:14-16
[51] Matteus 5:16
[52] Sondag 21 HK

die kerk geroep word om regspraak te lewer, lei tot opbou van die liggaam van Christus[53]. Daarteenoor waarsku Paulus dat gewaak moet word teen 'n verdeeldheid van gawes en kragte[54].

Dit is nie die bedoeling met hierdie studie om die verhouding tussen appèl in die kerklike en nie-kerklike reg volledig te beskryf en ontleed nie. In die lig van bogenoemde sal tersaaklike punte in die burgerlike reg geïdentifiseer word wat vir die bestudering van appèl met die oog op regsherstel in die Gereformeerde kerkreg van belang is.

## 4.3 BEGRIPSBESKRYWING

### 4.3.1 Appèl in die burgerlike reg

#### *Woordbeskrywing*

Die Latynse beprip *appello* het die algemene betekenis van 'aanspreek, toespreek, iemand vra om iets te doen, maan, tot verantwoording roep, noem, benoem, uitspreek'[55]. In juridiese sin dui *appello* op 'vra vir hulp en beskerming, beroep doen op regspraak'[56]. Die verwante begrip *provoco* beteken in juridiese sin 'om voor 'n hoër hof te daag, om op 'n hoër tribunaal te appelleer, uitroep om hulp'[57].

Op die oog af is *appello* en *provoco* sinonieme. Tog is daar volgens sommige verklaarders 'n mate van onderskeid, naamlik in die adres waarop 'n beroep gedoen word. *Appello* is 'n beroep wat op die hoër hof gedoen word, terwyl *provoco* daarop dui dat op die volk in hoër beroep gegaan word[58]. Volgens Grosheide het die verskil tussen *provocatio* en *appellatio* gedurende die keisertyd heeltemal verdwyn[59].

In die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal[60] word appèl in juridiese sin verklaar as 'beroep op 'n hoër hof'. Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek[61] dui appèl op 'beroep van 'n veroordeelde op 'n hoër hof om die uitspraak van die laer hof met die oog op vermindering of vernietiging van straf in heroorweging te neem; beswaar teen 'n uitspraak'. In

---

53 Van Bekkum, 1990:798
54 1 Korintiërs 12:12-27
55 Engelbregt, 1882:173; Marchant en Charles, 1902:46; Postma, 1975:23
56 Marchant en Charles, 1902:46; Postma, 1975:23
57 White en Riddle, 1880:1583; Engelbregt, 1882:1599; Marchant en Charles, 1902:452
58 Smith, 1894:34; Postma, 1975:257
59 Grosheide, 1948:351
60 Odendal en Gouws *red.*, 2000:50
61 Kritzinger *ea.*, 1972:53; vergelyk Schoonees *red.*, 1956:239, 381.

'n militêre sin het dit die betekenis van 'byeenroeping om te kontroleer'. Dit kan ook op beroep in die algemeen dui. 'n Provokateur is iemand wat uitdaag, uittart, tot verset aanspoor[62]. Laasgenoemde het 'n besonder negatiewe inhoud en konnotasie.

***Saakbeskrywing***

In regswoordeboeke word appèl omskryf as 'a proceeding undertaken to have a decision reconsidered by bringing it to a higher authority; esp., the submission of a lower court's or agency's decision to a higher court for review and possible reversal'[63]. 'One appeals *against* a lower court's decree'[64]. 'An appeal, applicable to courts of law, means a complaint to, and a judical examination by, a higher court of decision of an inferior court. The higher court then approves, corrects or sets aside the judgement of the inferior court'[65]. 'The right of appeal is the right of entering a superior court and invoking its aid and interposition to redress the error of the court below. An appeal, strictly so called, is one in which the question is, whether the order of the court from which the appeal is brought was right on the materials which that court had before it. A motion before a judge in court to discharge or vary an order made by him in chambers is not an appeal, but a re-hearing. A right of appeal, where it exists, is a matter of substance, and not of procedure'[66].

***Elemente van appèl***

Uit die woord- en saakbeskrywing blyk dat die volgende elemente eie aan appèl is:

- Appèl is 'n regsproses waarin 'n klagte teen die uitspraak van 'n laer hof uitgespreek word.
- Deur appèl word die uitspraak van die laer hof voor 'n hoër hof gebring.
- Die hulp en bemiddeling van 'n hoër hof word ingeroep om die uitspraak van die laer hof by wyse van hersiening te laat toets.
- Appèl is gerig op die inhoud van 'n regsaak, en nie op prosedure nie.
- Appèl is 'n regsmiddel, waarby die saak in geding in geheel aan die oordeel van 'n hoër regter toevertrou word. Die regter oordeel oor die feite sowel as oor die reg. Appèl beteken dus 'n nuwe proses[67], waarin nuwe getuies, deskundiges en stukke ter sprake kom.

[62] Odendal en Gouws *red.*, 2000:878
[63] Garner, 1999:94
[64] Garner, 1999:67
[65] Saunders, 1988:96; Claasen, 1997:132
[66] James, 1986:151
[67] *iudicium novum*

***Wetgewing in praktyk***

Suid-Afrikaanse wetgewing[68] insake appèlreg gee 'n nader aanduiding van die praktyk van appèl:

- *Reg tot appèl*

  Die reg om in appèl te gaan word sorgvuldig by wyse van wetgewing beskerm. Niemand mag van daardie reg ontneem word nie[69].
- *Tyd vir appèl*

  Appèl moet binne voorgeskrewe tye (deurgaans 14 dae na die datum van skuldigbevinding) aangeteken word. Onder bepaalde omstandighede kan die tydperk om te appelleer deur die hof *ad quem* verleng word.
- *Verlof tot appèl*

  Verlof tot appèl sal slegs toegestaan word indien bewys word dat:
  - verdere getuienis wat vermoedelik as waar aanvaar sal word, beskikbaar is;
  - sodanige getuienis redelikerwys tot 'n ander beslissing aanleiding kan gee;
  - daar 'n aanvaarbare verklaring gegee kan word waarom genoemde getuienis nie alreeds gedien het nie.
- *Indiening van appèl*

  'n Skriftelike kennisgewing van appèl moet by die klerk van die hof ingedien word.
- *Formaat van appèl*

  'n Afskrif van die oorspronklike notule van die besluit waarteen geappelleer word moet by die stukke ingesluit wees. Gronde vir appèl, waaruit blyk teen watter feite en teen watter regsbevinding beswaar gemaak word[70], moet duidelik en in besonderhede weergegee word[71].
- *Kernsaak by appèl*

  Die kern van die vraag by appèl teen 'n bestaande vonnis is nie of die vonnis reg of verkeerd was nie, maar of die verhoorhof, by die oplegging daarvan, sy diskresie behoorlik en regterlik uitgeoefen het[72]. In dié opsig is daar 'n wesenlike verskil tussen appèl en hersiening[73].
- *Stel van appèl*

  Die appellant sal nie toegelaat word om op 'n punt van appèl te argumenteer wat hy nie in sy kennisgewing van appèl gemeld het nie, tensy die hof van appèl hom spesiaal daarvoor

---

[68] RSA Wet op Landdroshowe 1944, artikel 87, reël 51; Wet op die Hooggeregshof 1959, reëls 50 en 67 (12,b); Strafproseswet 1977, artikels 309 en 322; Grondwet 1996, artikel 168; Reëls van die Konstitusionele Hof 1998, paragraaf 17.
[69] Hiemstra, 1987:725
[70] Eckard, 1984:336
[71] Hiemstra, 1987:728
[72] Kriegler, 1993:802
[73] Eckard, 1984:322-323

toestemming verleen. Die appellant mag wel toegelaat word om ’n regspunt by die voortsetting van die appèl te opper wat hy nie in die kennisgewing van die appèl geopper het nie. Verlof om ’n nuwe grond van appèl by te voeg, behoort normaalweg alleen toegestaan te word as daar ’n verduideliking is van die versuim om die betrokke grond van appèl betyds aan te voer. Daar moet ’n redelike vooruitsig wees dat die appèl op die betrokke grond sal slaag[74].

- *Hulp by appèl*

  ’n Prokureur mag, mits volmag daartoe aan hom verleen is, namens ’n veroordeelde persoon in die hele appèlproses optree.

- *Hantering van appèl*

  Behalwe dat die hof van appèl die appellant aanhoor, moet dié hof hom deeglik vergewis van die ondersoek deur die verhoorhof, dit is die hof *a quo*, wat die saak ondersoek het en teen wie se uitspraak geappelleer word[75]. Grondliggend aan hierdie optrede is die *audi alteram et partem*-reël. Die hof van appèl moet daarteen waak om nie net op grond van die geskrewe stukke af te gaan nie[76].

- *Uitspraak in appèl*

  Die appèlregter moet die regsvrae, die feitlike bevindings waartoe hy gekom het asook die verbinding tussen bevinding en regsvrae tesame met die weergee van redes vir sy bevinding bekend maak.

- *Vonnis in appèl*

  Die hof *ad quem* het bevoegdheid om ’n bestaande vonnis te verswaar of om ’n ander vorm van vonnis in die plek van of benewens die bestaande vonnis op te lê.

- *Effek van uitspraak in appèl*

  Die hof *ad quem* kan[77]:

  - ’n bestaande vonnis bekragtig, wysig of vernietig;
  - die saak terugverwys na die hof *a quo* met instruksies vir die afneem van verdere getuienis of die verstrekking van meer inligting;
  - beveel dat die partye of een van hulle op ’n geskikte tyd in die hof van appèl sodanige verdere bewys moet aanvoer as wat die hof nodig of wenslik ag;
  - enige ander stappe doen wat tot die regverdige, spoedige en so goedkoop moontlike afhandeling van die saak kan lei.

[74] Hiemstra, 1987:728-729
[75] Kriegler, 1993:799
[76] Eckard, 1984:336
[77] Hiemstra, 1987:735-741

### 4.3.2 Appèl in die Gereformeerde kerkreg

In Artikel 31 KO word bepaal dat iemand wat 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is, hom op 'n meerdere vergadering kan beroep.

Te Velde[78] stel dat Artikel 31 KO primêr oor situasies gaan waarin 'n kerkraad iemand persóónlik onreg aangedoen het en hoër beroep in so 'n geval moontlik is. Dit kan egter ook gebeur dat iemand op 'n meerdere vergadering beroep doen omdat hy meen dat 'n kerkraadsbesluit teen God se Woord ingaan en vir die voortbestaan van die héle gemeente gevaar inhou[79]. Ongeag die hoeveelheid mense wat deur die vermeende verontregting geraak word of die materie waaroor die vermeende verontregting bestaan[80], staan een saak vas: daar is ruimte om vir regspraak te vra. 'n Kerklid (of -lede) kan die susterskerke uit die omgewing se hulp inroep om te beoordeel of daar inderdaad onreg geskied het[81]. Indien bevind word dat daar inderdaad onreg geskied het, kan die kerke mekaar help om die gedane onreg reg te stel.

Die 'beroep' waarvan Artikel 31 KO melding maak, beteken volgens Deddens[82] 'het zich wenden tot een andere, hogere rechter (zo in het wereldlijk recht) om herziening van een vonnis. De appellant richt zich tegen 't vonnis (uitspraak) van b.v. de "lagere" rechter of de kerkeraad, waarbij in geding was niet alleen of de appellant in staat was, klaar en overtuigend aan te tonen, dat de uitspraak streed tegen de normen (voor de wereldlijke rechter: de wet; in het kerkelijk leven: Gods Woord en de K.O.) maar evenzeer, of de uitspraak van lagere rechter of kerkeraad gebaseerd was op de feiten, en dus geen feiten bij de besluitvorming waren overgeslagen of onjuist geïnterpreteerd'.

Aansluitend by Te Velde en Deddens se beskrywing van Artikel 31 KO moet in gedagte gehou word dat:

- appèl in wese niks anders is as 'dat je een beroep op iemand doet. Opdat hij je te hulp kome. Maar dan moet die hulp ook nodig zijn. Dan moet er dus nood zijn, waaruit je geholpen moet worden, omdat je er anders in blijft'[83].
- appèl 'n middel is waardeur elke gelowige as deelhebber aan die Gees van die Here geleentheid kry om saam te soek na Christus se heerskappy as hy meen dat 'n besluit wat

[78] Te Velde, 2002:1; vergelyk Bouwman, 1970b:15, 35; Spoelstra, 1986:101; Spoelstra, 1989:196
[79] Bouwman, 1970b:24; Van Rongen, 1995:58
[80] Sien paragraaf 4.4.1.1 oor die inhoud en reikwydte van verongelyking.
[81] Te Velde, 2002:1
[82] Deddens, 1956i:218
[83] Schilder, 1956:326; vergelyk Oranje, 1944:14

geneem is, in stryd is met die Woord, die belydenisskrifte of die Kerkorde, of as hy meen dat hyself deur só 'n besluit te na gekom is[84].

- appèl nodig is vir beslegting in geskille en vir bewaring van orde en rus in die kerke[85].
- appèl 'n heilige plig ter wille van die eer van die Here, die stigting van die kerk en gewetens van gelowiges moet wees[86].

Hierdie beskrywing van appèl kom in breë trekke ooreen met wat onder appèl in die burgerlike reg, soos onder 4.3.1.1 beskryf, verstaan word. Dit vertoon eweneens duidelike ooreenkomste met die appèlproses in die Roomse kerkreg: 'Unter Appellatio versteht man in kanonischen Prozessrecht das ordentliche Rechtsmittel der Berufung gg. ein gerichtliches Urteil, d.h. die Anrufung eines höheren Richters, der das Urteil inhaltlich überprüfen soll. Damit verbunden ist die Bitte um ein neues Urteil'[87].

***Ekskursie 5: Appèl, beswaar en revisie***

Dit dien vermeld te word dat appèl duidelik van beswaar en revisie onderskei moet word. In 'n studie oor appèlreg het Te Velde[88] bevind dat daar oor die algemeen verwarring tussen dié verskillende aksies merkbaar is. Sommige appèlle is volgens hom niks anders as 'n versoek om revisie nie[89].

*Appèl en beswaar*

Die punt van ooreenkoms tussen appèl en beswaar is dat iemand oor 'n bepaalde saak swarigheid[90] het. Die *gravis* ontstaan omdat iemand oordeel dat 'n besluit met die Woord van God of die kerkorde in stryd is[91].

- Om die *gravis* aan te spreek en op te los, wend die beswaarde[92] hom met 'n beswaarskrif[93] na die vergadering wat die besluit geneem het wat tot die swarigheid aanleiding gegee het[94].

---

84 Coertzen, 1991:99
85 Jansen, 1923:143
86 Deddens, 1954m:254; Spoelstra, 1989:188
87 Rommel, 2000:145
88 Te Velde, 2002:1; vergelyk Te Velde, 2004b:36 en die stand van sake in die PKN, soos beskryf deur Van den Heuvel, 2004:247; Van Oene, 1990:154
89 Haitsma, 2002b:9
90 *gravis*
91 Harmannij, 1990:128
92 Die beswaarde kan ook 'n kerkraad wees.
93 *gravamen*
94 GKSA Acta, 1991:526-528 en Acta, 1994:52-53 wys die praktyk hiervan uit.

- Indien die swarigheid tot verongelyking lei, kom daar 'n element by wat die swarigheid vermeerder.  Verongelyking beteken:  daar vind onreg[95] rondom die reeds bestaande *gravis* plaas.  Appèl is die ordelike wyse waarop sodanige *gravis* en *iniuria* aangespreek word.

'n Beswaarskrif en 'n appèlskrif verskil dus in wese, vorm en doel van mekaar – ook al het beide 'n *gravis* as kern- en beginpunt.  'n Beswaarskrif word gerig aan die vergadering wat die betwiste besluit geneem het.  'n Appèl word gerig aan die meerdere vergadering wat oor die betwiste besluit van die mindere vergadering uitspraak moet lewer.

*Beswaar en revisie*

'n Beswaarskrif kan voorts van 'n revisieversoek onderskei word.

Die ooreenkoms tussen 'n beswaarskrif en 'n revisieversoek is dat in beide gevalle nuwe feite en/of omstandighede na vore gebring moet word waarvan die vergadering wat die betwiste besluit geneem het, tevore nie geweet het of kon weet nie[96].  In beide gevalle word gevra vir hersiening van die betwiste besluit.

'n Beswaarskrif moet, soos hierbo beredeneer is, op die Woord van God of die artikels van die kerkorde gegrond wees.  By 'n revisieversoek is dit egter nie noodsaaklik om aan te toon dat die ter sprake besluit in stryd met God se Woord of die kerkorde is nie[97].  Ook sonder strydigheid met die Skrif of die kerkorde kan iemand van mening wees dat 'n wysiging noodsaaklik is[98].  Die inhoud en gewig van die betwiste besluit bepaal of daar 'n beswaarskrif of 'n revisieversoek ingedien word[99].

*Slotsom*

'n Duidelike onderskeiding tússen en reëlings vír appèl-, beswaar- en revisie-skrifte is tans beperk.  Verdere studie is noodsaaklik[100], veral in die GKSA[101].  Sodanige studie behoort eweneens die moontlike verwarring tussen appèl en beswaar aan te spreek.

---

95 *iniuria*
96 Artikel 46 KO;  Haitsma, 2004:8
97 Bouma, 1988:44
98 Harmannij, 1990:128
99 Oor 'n leergeskil sal daar 'n Skrifgegronde beswaarskrif ingedien word, maar oor die tyd van die erediens sal 'n nie-Skrifgegronde revisieversoek gerig word.
100 Te Velde, 2002:4
101 Die bestaande besluite (Acta, 1991:526-528 en Acta, 1994:52-53) vertoon leemtes in hierdie opsig.

### 4.3.3 Regsherstel in die Gereformeerde kerkreg

Die reg waarvan in die kerkreg sprake is, is reg van genade, 'die vergeeft en geneest'[102]. Daar is 'n direkte verhouding tussen kerkreg en regverdiging deur die geloof. Kerkreg moet die genade-orde van God beskryf wat geld vir die regverdiging van die sondaar en vir die heiliging van die lewe. In dié sin is kerkreg tegelyk herstellingsreg[103]. God se herstelling van sy volk, die kerk, moet die grondliggende motief en doel van alle kerkregtelike handelinge wees.

Regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is die proses wat uitloop op 'n toestand waarin twee (of meer) partye, wat in konflik met mekaar was, tot só 'n mate die konflik oorkom het dat hulle weer in harmonie met mekaar kan saamleef[104]. Regsherstel is gegrond op liefde vir God, gehoorsaamheid aan sy Woord, en in die lig hiervan liefde vir die medebroeder en -suster[105].

Die proses van regsherstel kan verskeie vorme aanneem, waaronder die vermaninge ooreenkomstig Matteus 18:15-18, die kerklike tug, asook regspraak deur meerdere vergaderinge[106]. Die doel van die proses is, ongeag wie of watter vergadering daaraan deel het, dieselfde: oplossing van die konflik, versoening, vrede[107].

Tog bestaan die gedagte dat reg nie met versoening saamgaan nie, maar versoening eerder versteur[108]. Dié gedagte kom nie met die Skrif ooreen nie. Die Bybelse begrippe *tsedaqah* en *dikaosune* (geregtigheid) het te doen met trou, iemand tot sy reg laat kom, iemand gee waarop hy reg het[109]. God se geregtigheid, soos wat dit met name in Jesus Christus gegee word, impliseer versoening[110].

Versoening (*kipper, katalasso*) het met verandering te doen[111]. Die onderliggende vraag aan versoening is: wat skei gelowiges van mekaar? Die verdeling moet uit die weg geruim word,

[102] Van't Spijker, 1998:11
[103] Smit, 1987:20
[104] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:54
[105] Smit, 1987:22
[106] Deddens, 1956m:254; Veenhof, 1956d:165; GG, 1999:10
[107] Van der Walt, 1976:165; Kamphuis (1966:13) waarsku in hierdie verband: 'Wie pastoraal het kerkrecht wil hanteren, die moet beginnen zich aan de prediking te geven en aan heel zijn ambtelijke dienst, want de vrede van God moet door de ambtelijke dienst in de huizen der gemeenteleden komen. Pas dan mag mee-gesproken worden over de orde. Wie de gemeente het Woord van vrede zou onthouden en zich in de regels voor de orde sterk zou willen maken, die wordt automatisch advocaat voor kwade zaken, zéker voor die éne kwade zaak, dat hij de orde begeert, waar de christelijke vrede niet gebracht wordt.
[108] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:51
[109] Sien hoofstuk 2.2.1
[110] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:53
[111] Sien hoofstuk 2.2.4

want die Here duld dit nie[112]. Versoening as veranderingsproses begin met vasstelling van die waarheid[113]. Dit wat tot die konflik aanleiding gegee het, moet in die openbaar kom. Onreg moet vervolgens onreg genoem word. Herstel moet gesoek word. Regspraak wat nie na versoening streef nie, reik nie ver genoeg nie[114]. Smit stel dit baie skerp: 'met geen kerk-regtelike handeling mag begin word indien dit nie binne die intensie van die herstellingsmotief plaasvind nie'[115].

### 4.3.4 Appèl met die oog op regsherstel

Ooreenkomstig Artikel 31 KO is kerklike appèl een van die weë wat gevolg kan word om versoening en herstel van reg te bereik.

In aansluiting by die gedagte dat reg nie met versoening saamgaan nie, word die vraag egter meermale gestel: is dit heilsaam, goed en raadsaam om die reg tot appèl in te span ten einde versoening te soek[116]? Lei appèl nie dikwels tot verergering van die reeds bestaande konflik nie? In antwoord op hierdie vrae is dit noodsaaklik om binne die raamwerk wat hierbo oor regsherstel in die algemeen gestel is, sekere spesifieke sake betreffende appèl te onderskei. By elke spesifieke saak moet aangetoon word hoe appèl en versoening met mekaar in verband staan.

- *Appellant*

  Beroep en beroepsmoontlikheid op 'n meerdere vergadering beteken dat die situasie in 'n kleiner kring nog nie definitief is nie. Appèl dui op 'interimtyd'[117]. Die 'interimtyd' mag egter nie deur die appellant misbruik word nie. Gedurende die 'interimtyd' moet die appellant hom oor die gronde van, motief vir en doel met sy appèl voor God verantwoord[118]. Daarby moet die appellant ooreenkomstig die eis van die Skrif[119] voortdurend, aktief en positief na regsherstel soek.

[112] Deddens, 1956m:254
[113] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:55
[114] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:57
[115] Smit, 1987:20; vergelyk ook Te Velde (2004d:4): 'Alle rechtspraak is gericht op herstel van het recht in de voorgelegde situatie'.
[116] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:57
[117] Kamphuis, 1966:151
[118] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:59
[119] Onder andere Matteus 5:25, 7:1-6

- *Die ander party*

  Die ander party (meestal die kerkraad) teen wie se uitspraak die appellant appelleer, moet saam met die appellant bereid wees om na 'n oplossing vir die konflik te soek. Daar moet 'n verlange bestaan om bymekaar uit te kom[120].

- *Appèlskrif*

  Die appellant se appèlskrif moet duidelik uiteensit waar en hoe sy reg gekrenk is. Ook die rede vir die beswaar moet helder wees[121]. In soeke na reg mag daar nie met gerugte en vermoedens te werk gegaan word nie, maar met die waarheid[122].

- *Kerkverband as regter*

  Die kerkverband (in effek: meerdere vergadering) is uit liefde vir God, die susterskerk(e) teen wie geappelleer word en die appellant daartoe geroep om aan die konflik en die appèl wat daaruit voortgespruit het, die nodige aandag te gee[123]. Meerdere vergaderinge mag in die lig hiervan nie koel, abstrak, en/of teoreties-wetenskaplik op 'n afstand oor 'gevalle' oordeel nie. Meerdere vergaderinge staan binne-in die nood, sondes en konflikte. Hulle staan te midde van woorde, dade en handelinge van lidmate en mindere vergaderinge wat dikwels tot oneer van God is. Die Nasionale Sinode is die laaste instansie in hierdie wêreld waarheen toevlug geneem kan word[124].

- *Behandeling*

  Die meerdere vergadering moet noukeurig ondersoek doen na die redes vir en inhoud van die konflik wat tot die appèl aanleiding gegee het[125]. Met die oog op versoening moet die konflik in duidelike en skerp juridiese terme uitgespel word. Skerp stel van feite bring geen skeure nie, maar heling[126]. Die wil van God moet *in concreto* verkondig word[127].

---

[120] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:60
[121] Van den Heuvel, 2004:235
[122] Sondag 43 HK
[123] Kamphuis (1966:87) verwys in hierdie verband na 'n opmerking van K Schilder: 'het kerkverband is feitelijk niets anders dan een organisatie van onderling hulpbetoon'. In tye van intense woelinge moet die kerke mekaar te hulp snel.
[124] Veenhof, 1956d:166
[125] Veenhof, 1956d:166
[126] Den Breejen en Van der Ploeg (2000:57) voeg daaraan toe: Slegs as een van die partye alleen maar sy eie gelyk soek, en die reg inspan om dit te verkry, kom daar breuke.
[127] Veenhof, 1956d:166

- *Uitspraak*
- Die meerdere vergadering moet duidelike uitspraak oor die appèl lewer. Met die oog op die eer van God, die stigting van kerkegemeenskap[128] en die behoud van die appellant moet uitsprake en handelinge wat daaruit voortspruit, klinkklaar wees[129].

- *Regsherstel*

  Die uitspraak van die meerdere vergadering moet sodanig wees dat dit tot beëindiging van die konflik en herstel van reg en vrede bydra. Die goeie kerklike en geestelike verhoudinge moet uitgewys word en daartoe opgeroep word[130]. Alle onderlinge verwydering moet uiteindelik uit die weg geruim word, sodat 'wie uiteen werd geslagen, weer naar elkaar toe komen. Ja, daarop moet héél de synodale arbeid gericht zijn!'[131]. Die uitsig op regsherstel moet almal wat by die appèl betrokke is met geloofsverwagting vervul. 'Dat houdt allereerst voor ieder de verplichting in geen grotere breuk te forceren, dan reeds geslagen werd, toen het oordeel van de één botste tegen dat van de ander. Men zal het werk en de besluiten van de meerdere vergadering niet van te voren met vruchteloosheid slaan'[132].

In die volgende paragrawe sal bogenoemde sake elkeen nader omskryf word.

## 4.4 BESKRYWING VAN WESENLIKE ASPEKTE

### 4.4.1 Wesenlike aspekte met betrekking tot die appellant

#### 4.4.1.1 Die appellant se gronde vir appèl

Artikel 31 KO bepaal: 'As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep'. Hieruit word duidelik dat *verongelyking* weens die *uitspraak* van 'n mindere vergadering die grond vir 'n appellant se klagte is.

Daar is onder kerkregtelikes verskil van mening oor die inhoud en reikwydte van *verongelyking* en *uitspraak*. Dié verskil gee aanleiding tot uiteenlopende opvattinge insake die toepassing van Artikel 31 in die kerklike lewe.

---

[128] Kamphuis (1966:150) merk op dat beroep op 'n meerdere vergadering 'n besondere implikasie vir die kerkverband het. Die band met die kerk(e) waarteen geappelleer word, word steeds in stand gehou. Die uitspraak van die meerdere vergadering sal diensbaar wees om almal wat verdeeld geraak het, weer saam te voeg in die een gehoorsaamheid aan die geopenbaarde wil van God.

[129] Veenhof, 1956d:166

[130] Te Velde, 2004b:4

[131] Veenhof, 1956d:166

[132] Kamphuis, 1966:151

***Inhoud en reikwydte van verongelyking***

Die begrip *gravari*[133] word in latere kerkordes deurgaans op twee maniere weergegee: verongelyk en verontreg. Artikel 31 van die Dordtse Kerkorde 1618/19 gee dit weer as 'verongelyk'[134]. Sodanig is dit ook in die kerkorde van die GKSA opgeneem[135]. In Artikel 31 KO van die GKV[136] word na 'onreg aangedaan' verwys. Met verwysing na Wesel 1568[137] verbind Deddens[138] 'onreg aangedaan' aan *iniuria.* Slump[139] gee voorkeur aan die term 'bezwaard', wat 'n eksakte weergawe van die *gravari* van Middelburg 1581 is.

Visser[140] is van mening dat die bewoording van Artikel 31 slegs *persoonlike* regskrenking in die oog het: 'As *iemand* egter 'n klagte het dat *hy* deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is…'. In die praktyk gebeur dit dikwels dat iemand wat nie met 'n mindere vergadering se besluit saamstem nie, direk tot appèl oorgaan, selfs al is daar geen sprake van persoonlike regskrenking nie. Behalwe dat die agendas van meerdere vergaderings deur hierdie praktyk onnodig oorlaai kan word, strook dit na Visser se mening ook nie met die gees en bedoeling van Artikel 31 nie. In so 'n geval, waar daar nie gekonformeer kan word nie – maar ook geen persoonlike regskrenking op die spel is nie – moet 'n *beswaar* teen die gewraakte besluit by dieselfde vergadering wat die oorspronklike besluit geneem het, ingedien word. Indien so 'n beswaar nie gehandhaaf word nie, is die beswaarde se reg moontlik daardeur gekrenk, en kan hy hom op daardie stadium met 'n appèl tot 'n meerdere vergadering wend. Die verskil tussen 'n appèl en 'n beswaar is volgens Visser onder andere juis dat slegs in geval van krenking van die (persoonlike) reg geappelleer mag word.

In teenstelling met Visser word deur talle kerkregtelikes betoog[141] dat verongelyking nie net as die krenking van die persoonlike reg gesien moet word nie, maar ook oor besluite van 'n ander

---

133 Artikel 23 van die Kerkorde van Middelburg 1581 (Rutgers, 1889:384).
134 Biesterveld en Kuyper, 1905:234
135 GKSA, 1998:21
136 GKV, 1986:597
137 Sien hoofstuk 3.5.1
138 Deddens, 1953m:366
139 Slump, 2004:26. *Gravari* is afkomstig uit die oorspronklike teks van die artikel wat by Dordrecht 1578 vasgestel is. Die huidige teks van Artikel 31 spreek van iemand wat van mening is dat hy verontreg is. 'Dit (onreg – GJM) vind ik (Slump – GJM) een minder gelukkige term, omdat het voeding biedt aan de gedachte dat het gaat om de subjectieve gevoelens van onrecht van de betrokkene'. Onreg word volgens Slump maklik vertolk as 'ik ben het er niet mee eens en ik heb ook weinig twijfel over mijn gelijk. Je neerleggen bij een besluit van je kerkenraad waar je het niet mee eens bent, is voor sommigen heel moeilijk. De verleiding om het hogerop (kerkrechtelijk beter: meerderop) te zoeken is levensgroot'.
140 Visser, 1999:141-142
141 Onder andere Van der Linde (1983:131), Spoelstra (1989:196), Te Velde (1994b:582), asook Te Velde *ea*. (2002:2)

aard kan gaan. Persoonlike verontregting kan voorkom in gevalle van tug[142]. Die 'besluite van 'n ander aard' kan enige kerklike saak of leerkwessies wees waaroor 'n geskil ontstaan wat nie oplos nie[143]. De Gier[144] stel in navolging van Jansen[145] dat verongelyking nie limitatief is nie, maar eksemplatief: by wyse van voorbeeld. So is dit dwarsdeur die kerkgeskiedenis hanteer[146].

Deddens[147] voer aan dat elkeen wat hom in sy regte 'verkort acht' 'n reg tot appèl het. Van Dellen en Monsma[148] voeg daaraan toe dat, wanneer iemand oordeel dat 'n mindere vergadering 'n besluit geneem het wat verkeerd is of vir die kerke gevaarlik is, daar nie net appèl daarteen aangeteken mág word nie, maar móét word[149]. As gemeen word dat die reg van die Here geskend word[150], wend die appellant hom tot die klassis om te sien dat die gemeente van die onreg bevry word[151]. Met hierdie argumente word Visser se versmalling van verongelyking, asof dit slegs op persoonlike verontregting dui, oortuigend weerlê.

---

[142] Van den Heuvel (2001:423) wys daarop dat die moontlikheid van appèl reeds sedert Wesel 1568 bestaan. Toe het dit alleen betrekking op uitsprake insake tug gehad, maar het dit ook spoedig na ander sake uitgebrei. In hoofstuk 3.5.2 is dié uitbreiding beskryf.

[143] Coertzen (1991:99) stel dat iemand die reg van appèl het as hy meen dat 'n besluit in stryd is met die Woord, die belydenisskrifte of die Kerkorde is, of as hy meen dat hyself deur só 'n besluit te na gekom is.

[144] De Gier, 1989:173; vergelyk ook 'n later publikasie van De Gier (1997:73): Reg van appèl geld vir iemand wat persoonlik verongelyk voel, of wanneer iemand meen dat die besluite van die kerkraad teen God se Woord ingaan of gevaarlik is vir die gemeente.

[145] Jansen, 1952:146; Schilder (Schilder en Deddens, s.j.:6) steun Jansen in hierdie opsig.

[146] Bouwman (1970b:41-42) verwys na die algemene formulering van Sinode Emden 1571 'dat men zich van de classicale vergadering tot den Provincialen Synodum zal mogen beroepen. In elk geval is het recht van appèl door de kerken nimmer beperkt tot de gevallen van persoonlijke rechtskrenking of verongelijking'.

[147] Deddens, 1954m:254

[148] Van Dellen en Monsma, 1954:141; in 'n latere publikasie stel Monsma (1967:126-127): 'Nothing that conflicts the Word of God may be tolerated to stand'.

[149] Schilder (1956:326) onderstreep die dringende *moet* van appèl indien die eer van God deur 'n besluit aangetas word.

[150] Vergelyk Bouwman (1970b:24): Regsgronde strek verder as persoonlike verongelyking. As iemand meen dat 'n kerkraadsbesluit teen Gods Woord ingaan en vir die voortbestaan van die gemeente gevaar inhou, kan daar op 'n meerdere vergadering beroep gedoen word om die saak reg te stel. Van Rongen (1995:58) stem hiermee in.

[151] Spoelstra (1986:99) merk in hierdie verband op dat die beginsel in Artikel 31 KO deur middel van appèl voorsiening maak om kerkwees aan die heerskappy van die Woord te bind. So kom naas die Skrif en belydenis (vergelyk Artikel 7 NGB) 'n belangrike afsonderlike regsgrond na vore. Skending van die kerkorde sou die breuk van 'n ooreenkoms (vergelyk die negende gebod) beteken. In hierdie opsig word die kerkorde naas die Skrif 'n tweede grond vir appèl.
Oranje (1944:15-17) is van mening dat, as 'n besluit lynreg teen Gods Woord ingaan, 'wij niet met een gravamen of een appèl behoeven te beginnen. Ja, wij mogen dat niet eens, want dat zou … verplichtingen op ons laden, die het ons onmogelijk zouden maken, ze ook na te komen'. Dit is 'n vreemde en verkeerde gedagte, aangesien 'n besluit van 'n kerklike vergadering wat teen God se Woord ingaan op geen ander manier reggestel kan word as die pad wat in Artikels 31 en 46 KO uitgespel word nie.

Ook al is die verongelyking van Artikel 31 nie tot persóónlike regskrenking beperk nie, beteken dit nie dat dit in appèlsake oor ónpersoonlike kwessies gaan nie[152]. Artikel 31 stel uitdruklik dat dit oor *iemand*, 'n lewende lidmaat, gaan wat onreg verduur as gevolg van 'n bepaalde handeling of besluit. Hierdie veronderstelling mag in die behandeling van die appèl nie vergeet word nie. Die formulering 'verongelyk' is derhalwe 'n nuttige vingerwysing om geen teoretiese kwessies by wyse van 'n appèl te laat beslis nie. 'In de kerk werken we bijvoorbeeld niet met proefprocessen of toetsingsprocedures. Er moet steeds een relatie zijn met de levende werkelijkheid van de gemeente. Het appèlrecht is er om de regering van Christus over zijn gemeente te handhaven tegenover eventueel onrecht. Niet om theoretische meningsverschillen uit te vechten'[153].

***Inhoud en reikwydte van uitspraak***

Bouma[154] tref na aanleiding van Artikel 31 'n skerp onderskeid tussen 'n *uitspraak* van 'n vergadering wat iemand verontreg en 'n *besluit* wat kerklike vergaderinge oor sake neem. Iemand wat met 'n *besluit* swarigheid het, moet volgens Bouma beswaar daarteen indien of vir revisie van die besluit vra. Indien iemand weens gewigtige redes nie met 'n *uitspraak* kan saamgaan nie, kan hy in appèl gaan. Op grond van die onderskeid kom Bouma tot die slotsom dat 'men dus niet al te overhaast zich tot de meerdere vergadering moet wenden, maar eerst de betrokken kerkeraad tot nader bezinning roepen'.

Bouma se onderskeid tussen 'n besluit en 'n uitspraak is te skerp en radikaal. Die *sententia* van Artikel 31 is 'n oordeel, 'n uitspraak[155] waartoe 'n vergadering kom, wat in sy finale vorm die besluit van die vergadering word[156]. Alle uitsprake is besluite[157]. Die verskil tussen beswaar en appèl lê gevolglik nie in die vraag of daar met 'n *besluit* of 'n *uitspraak* van 'n vergadering moeite ondervind word nie. Die verskil lê in die soort regsaksie wat onderneem word om die beslissing waaroor ontevredenheid bestaan, reg te stel. 'n Beswaar word gerig aan die vergadering wat die betwiste besluit geneem of uitspraak gelewer het. 'n Appèl word teen 'n mindere vergadering se besluit of uitspraak by 'n meerdere vergadering aanhangig gemaak.

---

[152] Veenhof, 1956a:139
[153] Te Velde, 1994b:582
[154] Bouma, 1988:43-44
[155] Postma, 1975:290
[156] Die CGK (2002:6) verwys na die *sententia* van Artikel 31 as 'n besluit, nie as 'n uitspraak nie.
[157] Dit impliseer uiteraard nie dat alle besluite uitsprake is nie.

***Samevatting***

Die appellant se grond vir appèl is regskrenking. Regskrenking beteken dat die appellant deur die uitspraak of besluit van 'n mindere vergadering verongelyk is. Verongelyking is persoonlik van aard in die sin dat die appellant as persoon direk daarby betrokke is. Die inhoud van die verongelyking kan op verontregting met betrekking tot 'n tugprosedure betrekking hê, maar ook op 'n konflik tussen 'n lidmaat en sy kerkraad oor 'n besluit insake die leer, die kerkregering of enige ander kerklike saak of proses. Ooreenkomstig die gees en karakter van die kerkorde in sy geheel en Artikel 31 in besonder moet verongelyking nie limitatief nie, maar eksemplatief beskou en hanteer word.

**4.4.1.2 Die appellant se motief vir appèl**

Vanuit 'n sosiologiese hoek werp Martin[158] 'n blik op die felheid waarmee daar by tye in die kerke 'oorlog' gevoer word. Hy meen dat persoonlikheidsbotsings dikwels 'n belangrike rol in die vurigheid van kerklike debatte speel[159]. Dit lei al te maklik tot selfhandhawing, eiegeregtigheid, hardkoppigheid en meestal irrasionele denke. Die duiwel slaan sy slag.

Korevaar[160], 'n lid van die geskille-kommissie in die PKN, stem hiermee in. Omdat gelowiges met hart en siel intensief by die kerk betrokke is, is dit amper vanselfsprekend dat daar op 'n stadium konflik ontstaan[161]. Vanweë die eie-aard van die kerk is konflikte deurgaans diep.

In dit alles moet die Skrifwoord in gedagte gehou word: 'Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie'[162]. Dié woord geld vir elke mens. Ook vir 'n gelowige appellant, wat in sonde ontvang en gebore is[163] en deur die leiding van die Heilige Gees daagliks teen sy sondige natuur moet stry[164].

---

[158] Martin, 1995:26
[159] Martin, 1995:28
[160] Korevaar, 2000:102-103
[161] Vergelyk ook Van Veelen, 1995:32. Hy verwys na die noodwendige, Godgestelde konflik tussen vrouesaad en slangesaad (Genesis 3:15). Vanweë die gebrokenheid van die mens ontstaan daar egter ook konflik binne die vrouesaad.
[162] Romeine 3:10-17
[163] Job 14:4; Psalm 51:7; Romeine 5:12; Artikel 15 NGB
[164] Sondag 33 HK

***Selfondersoek***

Wanneer 'n konflik ontstaan, en dit ooreenkomstig Artikel 31 by wyse van appèl aangespreek word, moet die appellant oor bepaalde wesenlike sake met betrekking tot die motief van sy optrede klarigheid hê. Dié sake kan nie van mekaar geskei word nie, maar word ter wille van duidelikheid van mekaar onderskei en agtereenvolgens genoem:

- Uit watter bron spruit die konflik wat tot die appèl lei voort? Is dit uit die Here, nadat Hy in gebed daaroor aangeroep is[165], of uit die mens? Die waarskuwing van Jakobus 4:1[166] moet in gedagte gehou word.
- Wat is die kern van die konflik[167]? Is daar regtig sprake van verontregting en duidelike gronde vir regspraak[168]? Kan daar nie by die besluit van die meerderheid berus word nie[169]?
- Is die saak sodanig gewigtig dat 'n meerdere vergadering vir regspraak ingeroep moet word[170]? Moet die appellant nie minder absolute eise aan sy omgewing stel nie[171]?
- Is die verskillende kerklike weë (gesprekke ooreenkomstig Matteus 18:15, gesprek met die kerkraad, indiening van 'n beswaarskrif, die moontlikheid van kerkvisitasie) bewandel? Wat was die eindresultaat daarvan?
- Hoedanig dra menslike eersug[172], heerssug[173], verdagmakery[174], vergelding[175] en groepvorming[176] – bewustelik of onbewustelik – tot die motief vir die appèl by?

[165] Van Oene, 1990:148

[166] 'Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie?'

[167] Van Veelen, 1995:32; Starreveld, 1998:138

[168] Kruger (1986:45) praat in hierdie verband oor 'n innerlike worsteling. Die lidmaat wat meen dat hy verontreg is moet homself afvra of *hy* nie dalk verkeerd is nie, al sien hy dit dalk nie in nie. Aan die ander kant sal die gemoed van 'n gelowige ook moeilik tot ruste kom as hy steeds meen iets is verkeerd en hyself doen niks daaraan nie. Vergelyk ook Van Oene, 1990:148.

[169] Van Oene, 1990:148

[170] Korevaar, 2000:104

[171] Roest, 2000:47; vergelyk hoofstuk 4.3.3

[172] Jansen, 1952:146-148. Hy vestig in hierdie verband die aandag op die besluit van Sinode Sneek 1939, artikel 135: Indien dit blyk dat daar van 'n appèl misbruik gemaak is, moet so 'n appèl nie net afgewys word nie, 'doch daaraan steeds toe te voegen een ernstige vermaning en bestraffing vanwege het misbruik'. Dié besluit vertoon 'n duidelike ooreenkoms met die optrede van Wesel 1568 (sien paragraaf 3.5.1).

[173] Spoelstra, 1989:188

[174] Bouwman, 2000:127. Volgens Van Veelen (1995:37) kan appèl maklik in 'n ongesonde polemiek ontaard. 'Bij polemiek wordt de ander immers eerst tot vijand gemaakt; een vijand die vervolgens met inzet van alle middelen bestreden moet woren. Personalisering, karikatuurtekening en verdachtmaking zijn gebruikelijke wapens. In de praktijk ontbreekt in dit soort strijd toch de wezenlijke ernst: zelden wordt aan de 'vijand' de liefde van de kerkelijke tuchtgang bewezen. Het doel is niet de ander te behouden, maar van de ander te winnen'.

[175] Bouwman, 2000:127

[176] Van Oene, 1990:153

- Tot watter mate spreek die appèl van eiesinnigheid[177], eiegeregtigheid[178], volharding in sonde en 'n nie bereid wees om die sonde te erken en bely nie[179]?
- Is die tyd ryp dat daar oor 'n appèl ewewigtig besin en beslis kan word[180]? Sal 'n appèl nie die spanning wat reeds daar is vergroot nie[181]?
- Is daar innige droefheid oor die feit van die konflik wat tot appèl aanleiding gee[182] en die onvrede wat dit tot gevolg het[183]?
- Is daar eerlike en diepgaande kommer oor die vermeende onreg wat die teenparty pleeg, en wat die teenparty skuldig voor die Here maak[184]?
- Is daar 'n opregte soeke na binding aan God se Woord[185] en dienooreenkomstige herstel van reg[186]?

***Rigtingwysers***

Martin[187] wys op suiwer motiewe wat kan bydra tot konflik-oplossing: nederigheid[188],

---

177 Van der Linde (1983:133) omskryf eiesinnigheid as die afdwing van jou eie wil deur soos 'n druppende kraan gedurig by meerdere vergaderinge teenwoordig te wees met die een appèl op die ander oor dieselfde saak.

178 Van Rongen, 1952:403; Schilder, 1956:326

179 In sy *Kerkelijke Adviezen* (1922:262) onderstreep Rutgers die kwaad van iemand wat twissiek is, 'tot zelfs over onbeduidende dingen, en daarom ook niet geneigd om quaesties uit den weg te ruimen'. Rutgers verwys in dié verband na die waarskuwing van Emden: daar moet nie ligtelik geappelleer word, net om hardkoppig in sonde te volhard nie. Hoofstuk 8, paragraaf 112 van die Artikels wat by die Konvent van Wesel in 1568 aanvaar is, is eweneens van toepassing: 'Indien iemant agt, dat hem door deze weg, ofte eenige andere maniere van doen, is ongelyk gedaan, die mag zig van het vonnis des Kerkenraadts beroepen op het oordeel der Classen, als die zullen aangestelt zijn; ende ook van de uitspraak der Classen, verzoeken de hulpe der Synodi, hoewel zoodanige tegenspartelinge ende weigeringe van schultbekenninge, niet anders als voor een teken van weerspannigheid kan gehouden worden' (Hooijer, 1865:50).

180 Te Velde, 1994a:582

181 Janssen, 1965:19. Janssen wys daarop dat Artikel 31 KO niemand sonder meer *verplig* om teen 'n besluit, waarmee hy dit nie eens is nie, te appelleer nie. Iemand *mag* appelleer, nie *moet* nie. Daar is verskeie redes waarom daar van 'n reg tot appèl afgesien kan word, en die betrokkene hom neerlê by 'n besluit waarvan hy verskil. Indien iemand nie in 'n besluit kan berus nie moet hy in appèl gaan. Wie dit nie doen nie, doen onreg voor die Here – tot skade van die kerk en homself.

182 Bouwman, 2000:127

183 Slump (2004:26) merk op: As gevolg van die gepleegde onreg kan daar nie in 'n goeie, broederlike omgang met die kerkraad verder geleef word nie. So 'n situasie van onvrede moet die appellant dring om die vrede wat geskend is, te herstel.

184 Jakobus 5:19-20; Deddens, 1953m:366

185 Spoelstra, 1986:99

186 Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:59-60; Van Rongen, 2004:55

187 Martin, 1995:33

188 Nederigheid verplig iemand wat oor 'n uitspraak van 'n meerdere vergadering verontrus voel, om 'met de uitspraak eerst tot zichzelf in te keren en biddend zich te beraden voor Gods aangezicht'. Hoekom? Omdat die meerdere vergadering 'n regterlike uitspraak gedoen het, en nie 'n 'diskussiepartner' in die soeke na reg is nie. Konformeer moet as eerste roeping vir 'n appellant geld (Te Velde *ea*., 2002b:2). Haitsma *ea*.(2002b:8) waarsku teen 'n kultuur van beswaard wees. Daar moet 'n kultuur gevestig word waarin broeders en susters ook by besluite van kerklike vergaderings kan berus. Aan die ander kant moet kerkrade moeite doen om hulle besluite sodanig te motiveer dat lidmate nie nodig het om te appelleer nie. Baie appèlle kan voorkom word as daar net beter gekommunikeer word.

vriendelikheid, opregtheid, soeke na herstel, spoed om die konflik uit die weg te ruim. Konflikhantering moet elke betrokkene dwing om sy eie posisie voor God in oënskou te neem[189], na die gewig en prioriteit van die saak te kyk[190], voortdurend te bid vir die vrug van die Gees[191], te soek na herstel in Jesus Christus[192] en te bedink wie die eintlike vyand (teenparty) is[193].

Bo alles moet die eer van God gesoek word[194] en die vrug van die Gees[195] openbaar word. Medegelowiges wat as gevolg van 'n bepaalde saak met mekaar in konflik leef, moet wys wat die krag van die wapenrusting van die Gees is[196], en sodoende 'n kragtige getuienis laat uitgaan na hulle wat God nie ken nie.

In hierdie gees pleit Te Velde[197] vir 'klimaatbewaking'. Daar moet vir die reg opgekom word, maar op die regte manier. 'De appellant moet geen schelder, maar bidder zijn', waarin die een die ander hoër moet ag as homself[198].

Deddens[199] vestig die aandag op die Skrif wat leer 'dat het veel erger is, dat iemand onrecht doet, dan wanneer iemand onrecht aangedaan wordt'. Die eerste sondige reaksie by vermeende onreg is: mý reg is gekrenk. Liefde draai die saak egter in sy teendeel om. Liefde gebied 'n verontregte om sy verontregting op die agtergrond te skuif, en toe te sien dat die teenparty 'van dat onrecht afkomt. De verongelijkte weet: onrecht gepleegd van broeders tegenover broeders stoort de onderlinge broederlijke verbondsverhouding; maar wat veel erger is: zij, die onrecht pleegden, storen de verbondsrelatie tussen zichzelf en de Here, hun God'. Die proses om die teenparty van sy onreg te oortuig moet in 'n gees van beskeidenheid en broederlike liefde plaasvind, nie uit strydlus nie. Daar is 'n moontlikheid dat die teenparty bepaalde feite verontagsaam of in 'n verkeerde lig gesien het. Die goue reël bly staan: 'wie tegen u misdreef, tegenover u het recht krenkte, heeft uw bestraffing nodig. Daar heeft de

---

189 Martin, 1995:53-60
190 Martin, 1995:61-100
191 Martin, 1995:101-110
192 Martin, 169-176
193 Martin, 177-181
194 Starreveld (1998:138) vestig in hierdie verband die aandag op 2 Korintiërs 6:3,4a – 'Ons lê nie die minste hindernis in die weg nie, sodat die bediening nie beklad mag word nie; maar in alles beveel ons ons aan as dienaars van God, met baie geduld …'.
195 Galasiërs 5:22
196 Efesiërs 6:10-20
197 Te Velde (1994a:582) verwys na Spreuke 25:8. As 'n mens onreg bemerk, moet jy nie haastig tot 'n regsgeding oorgaan nie. Gee kans vir berou en bekering.
198 Filippense 2:3
199 Deddens, 1953m:366

ander recht op[200]. We mogen en moeten ons op aarde van veel dingen vrijhouden en vrijmaken; van deze broederplicht niet'.

Die gelowige se beginpunt vir konflikhantering is derhalwe openlike gesprek voor die aangesig van God, onder voorbidding[201]. Gesamentlike aanbidding is 'n onmisbare wapen in konflikhantering. In gesprek en aanbidding moet beide partye bereid wees om hulleself vir standpuntverandering oop te stel[202]. Dit verg selfverloëning[203], voortdurende stryd[204] en 'n bereidwilligheid om twee myl saam te loop, ook al word net een myl verwag[205].

#### 4.4.1.3 Die appellant se doel met appèl

Soos wat die appellant in die lig van die Skrif klarigheid oor die motief vir sy appèl moet hê, moet die doel daarvan suiwer wees en duidelik voor oë gehou word.

Oor die doel van 'n kerklike regsgeding is daar onder 4.3.3 reeds bevind dat herstel van onreg gesoek moet word. Regspraak wat nie na versoening en herstel streef nie, reik nie ver genoeg nie[206]. Die skerp opmerking van Smit [207] moet in hierdie konteks weereens in gedagte gebring en onderstreep word: 'met geen kerkregtelike handeling mag begin word indien dit nie binne die intensie van die herstellingsmotief plaasvind nie'. Dit geld ook, en in besonder vir kerklike appèl.

Voordat 'n appellant tot die opstel van 'n appèlskrif oorgaan, moet hy die saak dus uitmaak: strek hierdie regsaak tot eer van God[208] en tot stigting van die geloofsgemeenskap waarvan hy deel is[209]?

***Die eer van God***

Die eer van God hou in dat die Naam van God nie vanweë die sonde van diegene wat aan die kerk behoort gelaster word nie[210]. God se eer word gesoek en gedien as gelowiges hulle hele

---

[200] Matteus 18:15
[201] Korevaar, 2000:109
[202] Korevaar, 2000:114
[203] Romeine 8:13; Kolossense 3:5
[204] 1 Timoteus 6:12
[205] Matteus 5:41
[206] Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:57
[207] Smit, 1987:20; vergelyk Te Velde (2004d:4): 'Alle rechtspraak is gericht op herstel van het recht in de voorgelegde situatie'.
[208] Jansen, 1952:146-148
[209] Spoelstra, 1989:190; vergelyk Artikel 71 KO
[210] Romeine 2:24

lewe, gedagtes, woorde en werke ooreenkomstig sy Woord inrig[211]. Vir kerklike appèl het dit bepaalde implikasies. In aansluiting by wat hierbo oor die suiwer motief gestel is, moet die lyn deurgetrek word deur in eerlike selfondersoek te vra: stry die appellant vir sy eie reg, of staan hy op vir God se reg? Met ander woorde: staan die verontregte met sy verontregting in die sentrum van die appèlsaak, of erken die verontregte gelowige dat hy – ook in sy verontregting – aan God verbonde is, en dat God se eer gevolglik deur die verontregting aangetas word[212]?

***Stigting van die geloofsgemeenskap***

Die stigting van die geloofsgemeenskap staan nie los of teenoor die eer van God nie. God word geëer as die gemeenskap van heiliges hoog geag en volgens sy wil beleef word[213]. Alles in die kerklike lewe, ook kerklike regsake en regspraak, moet die heil van die geloofsgemeenskap en só die eer van God as fokuspunt hê[214].

Die uitspraak van meerdere vergaderinge in appèlsake moet diensbaar wees om almal wat in die kerke verdeeld geraak het, weer saam te voeg in die een gehoorsaamheid aan die geopenbaarde wil van God[215]. In die kerklike regspraak is daar geen wenners of verloorders nie[216]. Die uitgesproke begeerte van die appellant moet wees dat die hele kerkgemeenskap by die regspraak baat vind[217] deurdat 'eventuele zonden en fouten in het kerkelijk leven zullen worden ontdekt en weggedaan'[218], en daar vrede in die versteurde[219] gemeenskap van heiliges terugkeer[220].

***Heil van die appellant***

Die gelowige appellant staan in die sentrum van die konflik. Die gevaar is nie denkbeeldig dat hy as individu geëtiketteer word, en die pad van appèl om daardie rede 'n eensame en moeisame pad kan wees (menigmaal is) nie[221]. Dié dinge mag die verontregte gelowige nie ontmoedig en van sy Godgegewe roeping om na regspraak te soek, laat afsien nie[222]. Tegelyk moet die appellant by die verloop van die regsaak voortdurend sy Godgegewe plek[223] in die

---

[211] Sondag 47 HK
[212] Psalm 74:20-23
[213] Johannes 17:21
[214] Artikels 30-32 NGB; Sondag 21, vraag en antwoord 55 HK
[215] Kamphuis, 1966:150; Spoelstra, 1986:100
[216] Van Veelen, 1995:35-37
[217] 1 Korintiërs 10:33
[218] Veenhof, 1956a:139
[219] Smit, 1984c:26
[220] Psalm 122:5-9; Spreuke 12:20 en 17:1; Filippense 4:1-3
[221] Kruger, 1986:45
[222] Schilder, 1956:326; Bouwman, 1970b:24; Van Rongen, 1995:58
[223] 1 Korintiërs 12:18, 26

gemeenskap van gelowiges in ere hou en koester. Tydens die behandeling van en na afhandeling van die appèl mag die Satan geen geleentheid kry om die punt van konflik tot 'n breuk tussen die appellant en sy medegelowiges te forseer nie.

Met die oog daarop beklemtoon Te Velde[224] dat daar by die appellant vanuit die staanspoor 'n soeke, 'n bereidwilligheid en 'n hartlike samewerking moet wees om ooreenstemming, herstel van eensgesindheid, vrede en/of versoening op die basis van 'n regsgeldige uitspraak te bereik. Ook moet die appellant sy volle steun aan eksterne hulp gee. Eksterne hulp kan deur die meerdere vergadering wat oor die appèl oordeel aangebied word, byvoorbeeld deur deputate aan te wys wat *in loco* moet help om die uitspraak te effektueer.

### 4.4.2 Wesenlike aspekte met betrekking tot die partye

#### 4.4.2.1 Identifisering van die partye betrokke by die appèl

In alle geskille of konflikte kan daar duidelike partye[225], wat aan die geskil of konflik deel het, onderskei word. 'n Appèlsaak wat uit 'n konflik voortspruit, is 'n twee-partye saak[226]. Die partye in die appèlsaak is, ongeag die verdere ontwikkeling van die geskil en moontlike toetrede van ander persone, diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het: deurgaans 'n kerklid (-lede) en sy of haar kerkraad[227].

Opmerklik is Spoelstra[228] se mening dat daar teen 'n *besluit* geappelleer behoort te word, en nie teen *mense* of *vergaderings* wat die besluit geneem het nie. Dit impliseer dat die vergadering van sy besluit losgemaak word, en nie as 'n party in 'n appèlsaak kan optree nie. 'n Verdere implikasie word by wyse van 'n vraag gestel: tot watter mate is die vergadering wat die besluit geneem het vir sy besluit verantwoordelik en daarvoor aanspreeklik? In teenstelling met Spoelstra stel Deddens[229] dat die vergadering wat die besluit geneem het, vir die besluit

---

[224] Te Velde, 2004d:4
[225] Spoelstra (1989:198) is van mening dat 'partye' 'n belaste term is, waarvoor die kerkreg geen ruimte laat nie. Hy grond sy mening op die Skrif, wat partyskappe verbied. Hy laat egter na om 'n duidelike omskrywing van die partyskappe in die Skrif te gee. In hierdie studie word die begrip 'partye' nie in die konteks van 1 Korintiërs 11:19 of Galasiërs 5:20 gebruik nie. Met partye word slegs na die persoon of groepe persone verwys wat by die appèl betrokke is.
[226] Slump, 2004:28
[227] Haitsma *ea*., 2002b:5; Boersma, 2004:15; Te Velde, 2004d:1
[228] Spoelstra (1989:190)
[229] Deddens, 1956i:218. Oor die verantwoordelikheid wat 'n vergadering vir sy besluite moet neem, skryf hy: 'Dit was zelfs zó sterk, dat oudtijds het beroep het karakter had van een aanklacht, en wel tegen de rechter in "eerste aanleg" (dus die het eerste vonnis had gewezen); deze rechter in het eerste aanleg wordt door het beroep van de appellant beschuldigd, een onrechtvaardige uitspraak te hebben gedaan'.

verantwoordelik is en gehou moet word[230]. Met laasgenoemde kan ten volle ingestem word. Die partye in ŉ appèlsaak is nie ŉ lidmaat en ŉ besluit nie, maar ŉ lidmaat en ŉ kerkraad. In appèlsake moet dit gaan oor lewende mense se soeke na regsherstel binne ŉ lewende gemeenskap van heiliges wat as gevolg van onreg versteur is; nie bloot oor besluite op papier nie[231].

Oor die vraag of iemand 'van buite die kerk af' teen ŉ kerklike vergadering kan appelleer, en of ŉ gemeente wat buite die kerkverband te staan gekom het ŉ party in ŉ appèlsaak kan wees (reg tot appèl het), waarsku Schilder[232] vir 'bagatellisering' van die kerkverband. So ŉ appèl mag geen klug van die kerkverband maak nie. Die gevaar bestaan dat ŉ appèl 'van buite die kerk af' uit ŉ motief van vergelding, spot, eersug, of enige ander onsuiwer gedagte gebore is[233]. Dit kan egter ook gebeur dat so ŉ appèl alles te doen het met die feit dát en die rede wáárom die lidmaat of kerk buite die verband te staan gekom het. Dan is dit dringend noodsaaklik dat dit met spoed en bewoënheid behandel word. Versoening en regsherstel kan beteken dat die betrokke lidmaat of kerk weer in die verband opgeneem word, wat blydskap in die hemel tot gevolg het[234]. ŉ Afgesette predikant wat die kerk bedank het kan met die oog op skikking in ŉ arbeidsgeskil tussen hom en die kerkraad oor ŉ bepaalde faset van die geskil appelleer. Ook al is daar van sy kant af geen intensie om weer as lidmaat in die kerk opgeneem te word nie, sal dit in so ŉ geval niks minder as reg en billik wees om sy appèl aan te hoor nie.

ŉ Ander relevante vraag is of ŉ meerdere vergadering, wat oor ŉ appèl uitspraak gelewer het waarmee die appellant nie tevrede is nie en hy gevolglik verder appelleer, ŉ party in die appèlsaak word. Die antwoord hierop is: nee[235]. Die meerdere vergadering is ŉ 'kerklike regter' en word nooit, ook nie as daar verder geappelleer word, ŉ party nie. Wanneer daar vanaf ŉ klassis na ŉ partikuliere sinode of vanaf ŉ partikuliere sinode na ŉ nasionale sinode geappelleer word, moet die oorspronklike geskil tussen die verontregte lidmaat en die kerkraad[236] ter tafel kom, 'zo nodig onder vervanging van het besluit dat door de classes of PS genomen is'[237]. Mindere vergaderinge wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het, tree

[230] Ook al het die vergadering afgesluit en opgehou bestaan, is die kerke wat by wyse van afvaardiging daaraan deel gehad het, ten volle aanspreeklik vir die vas en bindende besluite wat hulle geneem het.
[231] Te Velde, 1994b:582; Visser, 1999:143
[232] Schilder, 1956:327
[233] Sien hoofstuk 4.4.1.2 oor die motief van die appellant.
[234] Lukas 15:7, 10
[235] Slump, 2004:30; Te Velde, 2004d:1
[236] Boersma, 2004:15
[237] Slump, 2004:30

gevolglik nie as verweerders (in effek 'n party in die geding) op nie[238]. Smit[239] stel dat niemand namens 'n vergadering wat tydelik van aard is – en dus na afhandeling van die agenda nie meer bestaan nie[240] – kan praat of verweer nie. 'n Mindere vergadering kan by wyse van deputate[241] wat daarvoor aangewys is hoogstens toeligting gee oor die wyse waarop die appèl hanteer, beoordeel en besleg is. Die toeligters moet, ongeag die inhoud van die appèl, bloot die agtergrond en die motivering van die mindere vergadering se besluit weergee.

**4.4.2.2 Die 'derdes'**

Indien 'n appèlsaak meer persone as net die twee betrokke partye raak, is daar sprake van 'derdes'[242]. Wanneer iemand byvoorbeeld teen 'n kerkraadsbesluit oor die bevestiging van 'n bepaalde ampsdraer na die klassis appelleer, is daardie ampsdraer die 'derde'. Ook al is hy geen party in die appèl nie, is hy direk by die saak betrokke en het hy besondere belang daarby, aangesien dit oor sy persoon en bevestiging as ampsdraer gaan.

Wat is die posisie van die 'derde'? Moet hy ook in die behandeling van die appèl betrek en aangehoor word? Slump[243] verwys na die bestuursreg waar dit die algemene reël is dat almal wat regstreeks, persoonlik en individueel belang by die saak en die uitspraak het, geleentheid kry om stukke in te dien, gehoor te word en insette te lewer. Ten opsigte van kerklike appèl pleit hy egter teen 'n analogie met die bestuursreg[244]. Binne die eie-aard van die kerklike appèlreg moet daar na Slump se mening duidelikheid oor die posisie van derdes kom. Hy oordeel dat nie die meerdere vergadering nie, maar die kerkraad met die derde(s) moet handel. Die kerkraad is verantwoordelik vir sorgvuldige besluitvorming waarby die posisie van alle betrokkenes die plek en gewig kry wat dit toekom[245].

Met hierdie oordeel van Slump kan in die lig van wat hierbo oor die identifisering van die betrokke partye by die appèl gesê is, volkome ingestem word. Die beginsel is dat 'n appèlsaak wat uit 'n konflik voortspruit, 'n twee-partye saak is. Dit moet ter wille van suiwer regspraak

---

[238] Spoelstra, 1989:198
[239] Smit, 1995:405
[240] Artikel 35 KO; Spoelstra, 1989:198; Boersma, 2004:15
[241] Te Velde (2004d:1) opper die gedagte dat die moderamen, appèldeputate of 'n spesiale afvaardiging deur die mindere vergadering aangewys word om in geval van verdere appèl toeligting te gee. Hy voeg daaraan toe: 'Het is soms nuttig dat ook anderen (zeg maar: 'getuigen') gehoord worden, die in de betrokken zaak een rol hebben gespeeld en die kunnen bijdragen aan een heldere beeld- en oordeelsvorming. Te denken is bv. aan visitatoren, externe adviseurs, bemiddelings-commissies e.d.'.
[242] Slump, 2004:23. Slump verwys ten onregte na 'n derde *party.* Die persoon betrokke is nie 'n party nie, en moet ook nie so genoem word nie. Derhalwe word in hierdie studie by gebrek aan 'n beter term na 'n 'derde' verwys.
[243] Slump, 2004:25
[244] Slump, 2004:26
[245] Slump, 2004:28

onder alle omstandighede ’n twee-partye saak bly. Die kerkraad behoort hom in die behandeling van die appèl oor alles met betrekking tot die klag te verantwoord, ook as dit ’n ‘derde’ raak. ’n Kerkraad mag hom dan nie onttrek en die woord aan die ‘derde’ oorlaat nie. Dit is goed dat die kerkraad – gegewe elke unieke omstandigheid – die ‘derde’ op hoogte hou van die ontwikkeling van dié sake wat hom/haar direk raak[246]. Na afhandeling van die appèl sal dit waarskynlik onontbeerlik wees dat die kerkraad in die lig van die uitspraak saam met die appellant en die ‘derde’ pastorale gesprekke voer ten einde versteurde verhoudings te normaliseer.

Van Oene[247] stel dat ’n appèlbeslissing van ’n meerdere vergadering slegs vir die appellant bindend is. Ook al word daar in die uitspraak dinge genoem waarmee ander lidmate – byvoorbeeld die derde – nie kan saamgaan nie, gee dit vir hom (hulle) geen reg om daarteen te appelleer nie. Dié stelling behoort nader gekwalifiseer te word. Dit kan gebeur dat die regsprekende vergadering die reg van die ‘derde’ krenk, al is hy geen party in die saak nie. In so ’n geval staan dit die ‘derde’ vry om hom ooreenkomstig Artikel 31 op ’n meerdere vergadering vir regspraak te beroep. Dan word die ‘derde’ die appellant, die klaer. Uiteraard moet die ‘derde’ hom oor die motief vir sy klag deeglik vergewis[248].

#### 4.4.2.3 Advokaat by appèl

’n Advokaat by ’n appèl is ’n persoon of persone wat die appellant in sy regsaak bystaan. Oor die vraag of dit in geval van ’n kerklike appèl toelaatbaar en wenslik is dat ’n advokaat ’n appellant bystaan, is daar deur die eeue menigmaal en met uiteenlopende resultate besin[249].

Die reël is dat elke appellant sy eie saak voor die vergadering stel[250]. Wanneer iemand nie by magte is om sy appèl duidelik te formuleer of te stel nie, moet daar ruimte wees om bystand te verkry[251]. Hulpverskaffing aan iemand in nood is ’n suiwer Bybelse beginsel[252], wat ook van toepassing is op iemand wat meen dat hy onreg ly en sy onreg by wyse van appèl bekend maak. Indien daar in uitsonderlike gevalle[253] wel ’n pleitbesorger toegelaat word, moet dié

[246] Haitsma *ea.*, 2002b:5; Slump, 2004:28
[247] Van Oene, 1990:154
[248] Sien hoofstuk 4.4.1.2
[249] Bouwman (1970b:46) verwys na Sinode Harlingen 1617 (Acta, artikel 10) wat oordeel dat ’n beklaagde van ’n hulp of ’n advokaat gebruik kan maak, mits dit ’n kerklike persoon is. Sinode Friesland van 1647 het dit egter verbied om ’n advokaat as ‘mond’ te gebruik (GG, 1999:14).
[250] Van der Linde, 1983:133
[251] Te Velde, 2004d:1
[252] Romeine 15:1; Galasiërs 6:1; 1 Tessalonisense 5:14
[253] Van Oene (1990:149) verwys in hierdie verband na die moontlikheid dat ’n appellant nie by magte is om self ’n appèlskrif op te stel nie. Die persoon wat hom daarby help, is in ’n sekere sin ook ’n advokaat, al tree hy nie in die verdere hantering van die appèlsaak op nie.

persoon verkieslik nie ’n advokaat genoem word nie, maar ’n ‘mond’[254]. Die begrip ‘mond’ omskryf noukeurig en presies wat die betrokke persoon se rol en taak in die appèlsaak is: hy verwoord die appellant se klag, sonder om verder enigsins met die saak in te meng.

Enkele rigtingwysers en waarskuwings moet by die gebruikmaking en optrede van ’n ‘mond’ in gedagte gehou word:

- Indien ’n ‘mond' namens die appellant optree, moet daar nie in die prosedure van die wêreldse hof – waarin op vernuftige wyse die beste uitspraak vir die kliënt beding word – verval word nie. In so ’n geval gaan die persoonlike verantwoordelikheid van die appellant (veral in tugsake) voor God verlore[255]. Daarbenewens lei menslike vernuf deurgaans tot verdieping van die konflik, en dra dit geensins tot oplossing van die geskil en herstel van reg en vrede tussen die partye by nie.
- Indien die ‘mond’ ’n juris is, moet hy daarvan bewus wees dat die kerklike appèl in sekere opsigte wesenlik van appèl in ’n burgerlike hof verskil. Die basisreël vir die behandeling van ’n kerklike appèl is: kerklike sake op kerklike wyse[256].
- In die kerke is dit toelaatbaar dat ’n man sy eggenote in appèlsake bystaan, of dat meerdere ‘doleante’ ’n alleenstaande vrou bystaan. Sodanige optrede mag egter nie tot agitasie lei nie[257].

### 4.4.3 Wesenlike aspekte met betrekking tot die appèlskrif

#### 4.4.3.1 Reëls vir appèl

In die Gereformeerde teologie word oorwegend saamgestem dat, alhoewel daar nie ’n volledige kerkorde in die Skrif gedefinieer is nie, die beginsels vir ’n komplete kerkorde genoegsaam daarin gegee is[258]. Wat noodsaaklik is vir die kerklike lewe waarin Christus Jesus die alleenheerskappy voer, is deur middel van voorskrifte, sowel as voorbeelde, in die Heilige Skrif gegee. Derhalwe is die Heilige Skrif die grondliggende basis van die kerkorde.

Oor die wyse waarop en in hoeverre die skriftuurlike beginsels vir die kerkregering, ook die appèlreg, in reëls vasgepen en as bindend vir die kerklike lewe opgelê moet word, bestaan daar verskil van mening. In die Gereformeerde kerkreg word, anders as in die Roomse[259] en

[254] Van der Linde, 1983:133
[255] Van der Linde, 1983:133
[256] Artikel 30 KO; Van der Linde, 1983:133; Te Velde, 2004d:1
[257] Deddens, 1954m:254
[258] Smit, 1984a:62
[259] Die Roomse Kerk het ’n besonder omvangryke *Codex Iuris Canonici* aan die hand waarvan die kerklike lewe tot in die fynste besonderhede ingerig word (vergelyk hoofstuk 3.3).

ook Hervormde kerkreg[260], deurgaans gepoog om nie die gelowiges se geloofslewe deur allerlei reglementeringe te blus nie[261]. Die strewe na juridies-suiwere, netjies uitgewerkte reglemente, waarin gepoog word om alle moontlike wetlike implikasies raak te vat, word deur Jonker[262] as 'n hartgrondige twyfel aan die krag van Gods Woord getipeer. In aansluiting daarby laat Smit[263] hom skerp uit oor die gevaar van oor-reglementering: 'n Verkeerde begrip van die aard en die bedoeling van die kerkorde wat tot allerlei reglementering lei, werk wettisisme, kasuïstiek en uiteindelik dooie formalisme in die hand. Dit lei tot argelose uitblussing van die Gees, waardeur 'n wêreldlike juridiese navolging van die letter[264] bevorder word[265].

Daarteenoor geld die belydenis van Artikel 32 NGB as vertrekpunt: 'al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, moet regeerders van die kerk noukeurig oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. Daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou …'.

Op die basis van Skrif en belydenis is dit noodsaaklik om vas te stel tot watter mate reglementering vir appèl met die oog op regsherstel noodsaaklik is.

Rutgers[266] merk in verband hiermee op dat reg as sodanig en van nature formeel is. Daar is vaste vorms, waaraan die reg gebonde is en waardeur dit bepaal word. Vasstelling, uitvoering, toepassing, handhawing van reg is alles nodig om reg te laat geld. Met die Woord van God as grondslag behoort die kerk by die reëlings wat sy vasstel só te werk te gaan dat sy die gewetens altyd vrylaat, dat sy die getal vorme so klein as moontlik laat, dat sy alle

---

260 Die Hervormde kerkreg is eweneens bekend vir uitgebreide reglementebundels (vergelyk hoofstuk 5.2.1.2).

261 Monsma, 1967:128; Smit, 1984a:103

262 Jonker, 1965:14

263 Smit, 1984a:103; Smit, 1987:23. Vergelyk ook Van Dellen en Monsma, 1954:142.

264 In die Suid-Afrikaanse burgerlike reg is daar omvangryke wette wat die reëls vir appèl in besonderhede uiteensit, onder andere die Wet op Landdroshowe nr 32 van 1944 (artikel 87), die Strafproseswet nr 51 van 1977 (artikel 309), die Wet op die Hooggeregshof nr 59 van 1959 (reël 50) en die Reëls van die Konstitusionele Hof 1998 (paragraaf 17).

265 Coertzen (1991:179) waarsku vanuit die perspektief van die NG Kerk: 'Daar ontstaan vir alles in die kerk reëlings – ook vir die hantering van appèlle teen die besluite van kerklike vergaderings. Die implikasie is dan dat daar met 'n hele reeks van reëlings rekening gehou moet word en dat 'n goeie saak dikwels skipbreuk lei omdat daar nie aan al hierdie ordereëlings gehoor gegee is nie. Dit alles lei uiteindelik daartoe dat die kerkorde en veral dan die reglemente ervaar word as 'n kerkwet wat naas die Skrif te staan gekom het en wat verstikkend op die geloofslewe en die geloofsinisiatief van lidmate inwerk'.

266 Rutgers, 1894:17

bepalings altyd met die goeie orde in verband bring, dat sy God se ordinansies altyd onvoorwaardelik op die voorgrond stel, dat sy die vryheid het en voorskryf om haar aan die Woord van God te hou – as dit moet selfs teenoor alle kerklike ordeninge en beslissings[267].

Volgens Rutgers kan daar op die kerklike regsgebied eintlik geen stryd tussen formeel en reëel wees nie. Op die vraag of toepassing van reg in die kerklike lewe met dwang gepaardgaan, antwoord Rutgers negatief[268]: Reg en vryheid verenig met mekaar. Toepassing van reg verbind ons tot vryheid. As iemand egter die vryheid in Christus prysgee, stel die toepassing van reg die perke. So 'n persoon sal weet dat hy die vryheid prysgegee het, en in gebondenheid verder leef. Rutgers voeg daaraan toe dat die kerke nie vir die kerkreg moet vrees nie[269]. Kerkreg is geen steurende mag wat die kerk misvorm en bederf nie. Inteendeel, dit is 'n middel waardeur alle skade afgeweer word. Kerkreg en kerklike prosedures is inderdaad nie daartoe in staat om die kerk te laat leef nie, want lewe kan alleen deur die Gees gewek word. Waar die Gees nie werk nie, is kwyning en insinking – ook al sou die kerkreg hoe suiwer wees[270]. Maar vir die werking en deurwerking van gesonde lewe in die kerke kan kerkreg nie gemis word nie. Dit gee orde en samehang.

Met die oog op die praktyk oordeel Te Velde[271] dat 'n goeie appelreëling nodig is. Die vryheid van die kerk en haar regspraak is beter gewaarborg as die regsgang van appellante in die kerk van hoogstaande kwaliteit is. Goeie regsgang dien tot vrede en opbloei van die kerke en bo alles tot eer van God. Duidelike reëls voorkom verwarring, onsekerheid, skade en eventuele vermeerdering van onreg[272]. Vaslegging van enkele elementêre reëls vir 'n sorgvuldige regsgang is welkome hulpmiddels om die eintlike werk, die herstel van reg en vrede, des te beter en effektiewer te doen[273]. Terselfdertyd voorkom dit dat 'n meerdere vergadering by elke appèlsaak eers oor die wyse en voortgang van behandeling moet besluit[274].

---

[267] Rutgers, 1894:25
[268] Rutgers, 1894:26
[269] Rutgers, 1894:37
[270] In aansluiting hierby stel Coertzen (1991:181) dat die harte van die lidmate, gemeentes en vergaderings aan Christus onderwerp moet wees. Dan maak reëls sin. Reëls as sodanig waarborg geen goeie regsgang nie. Harmannij (2003:165) waarsku dat daar in die kerke nie op appèlprosedures vertrou sal word nie. Die beste prosedure kan steeds met menslike slimmigheid omseil word. Prosedure en reëls het slegs nut wanneer dit gedra word deur die sterk besef dat ons in die kerke van die Here afhanklik is. Dit is die kerke se taak om toe te sien dat reg geskied en te voorkom dat kerklike regspraak nie tot onregverdigheid lei nie. 'Appèlregelingen zijn er niet om ons vertrouwen op de Here te vervangen; ze zijn er alleen om consequent vanuit dat vertrouwen te werken.'
[271] Te Velde, 1997:58
[272] Haitsma *ea*., 2002:8
[273] Te Velde, 1994b:583
[274] Haitsma *ea*., 2002:8

Teenoor die uitwasse van oor- en onder-reglementering kan die volgende algemene reëls as raamwerk vir ’n appèlreëling dien:

- Dit moet duidelik wees wie waaroor verongelyk is[275].
- Duidelike redes moet vir verongelyking aangedui word[276].
- Die party teen wie geappelleer word moet weet dát daar geappelleer word en wááraar die appèl gaan.
- Geen beroepsinstansie mag oorgeslaan word nie[277], ook al raak die omstrede saak die leer van die kerk.
- ’n Saak kan slegs een maal by wyse van appèl voor ’n bepaalde kerklike vergadering dien[278].
- Appèl teen ’n besluit van die Nasionale Sinode is uitgesluit[279].

Binne hierdie breë raamwerk word in die volgende paragrawe agtereenvolgens aandag gegee aan die maatstaf vir ’n appèl, die vorm van ’n appèl, die tydskedule vir ’n appèl, die kennisgewing en indiening van ’n appèl, asook die hoeveelheid kere wat ’n verongelykte lidmaat kan appelleer. Wesenlike aspekte met betrekking tot die behandeling en afhandeling van die appèl word onder 4.4.5 en 4.4.6 bespreek.

#### 4.4.3.2 Maatstaf vir appèl

In die eerste lid van Artikel 31 KO[280] word die Woord van God en die artikels van die kerkorde as grens vir die neem van kerklike besluite gestel. Daarby is die belydenis ingesluit, aangesien die artikels van die kerkorde die kerke aan hulle belydenisgrondslag bind[281]. Besluite word vir vas en bindend gehou, tensy bewys word dat dit in stryd met die vaste basis van Skrif, belydenis en kerkorde is[282].

---

[275] Van den Heuvel *red.*, 2004:235
[276] De Gier, 1989:174; Van den Heuvel, 2004 *red.*:235
[277] Spoelstra, 1966:198; De Gier, 1989:174
[278] De Gier, 1989:174
[279] Spoelstra, 1966:198
[280] Hier word verwys na Artikel 31 KO van die GKSA. Die eerste lid daarvan bepaal: ‘Wat op ’n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met *Gods Woord of die artikels van die Kerkorde*’ (my kursivering – GJM).
[281] Artikels 53 tot 55 KO
[282] Die kerkorde (en per implikasie ook die belydenis) word in Artikel 31 nie *qua* gesag op een lyn met die Skrif geplaas nie (vergelyk Artikel 7 NGB). Die Skrif is *norma normans*, terwyl die belydenis *norma normata* is (Spoelstra, 1989:301). Die belydenis is gesagvol omdat (*quia*) dit die Skrif naspreek. Die kerkorde is in baie gevalle eweneens *norma normata* (afgelei van Skrifbeginsels), en daarom gesagvol (Jansen, 1923:147).

Die tweede lid van Artikel 31 KO, wat oor appèl handel, kan en mag nie sonder die eerste lid gelees, verstaan en toegepas word nie. Indien dit wél gedoen word, word die eenheid van die kerkorde in geheel en van Artikel 31 in besonder aangetas[283].

Die implikasie van die eenheid tussen die twee dele in die artikel is dat die maatstaf waaraan 'n appèl moet voldoen in die artikel self veranker is. Indien nie aangetoon kan word dat iemand in terme van die Skrif, belydenis of kerkorde verongelyk is nie, is die *gravis* waarvan gekla word nie sodanig gewigtig dat dit genoegsame gronde vir appèl bied nie[284]. In daardie geval moet die konflik op 'n ander manier opgelos en daar ooreenkomstig die eise van die Skrif tot berusting gekom word[285].

Daarenteen is die reg van appèl 'n middel waardeur elke gelowige as deelhebber aan die Gees van die Here geleentheid kry om saam te soek na Christus se heerskappy as hy meen dat 'n besluit wat geneem is, in stryd is met die Woord, die belydenisskrifte of die kerkorde[286]. Appèl wat aan die maatstaf voldoen, wil die kerk na alle kante ooplaat om te luister na die Woord van die Here om só waarlik kerk van die Here te wees en te bly[287].

#### 4.4.3.3 Vorm van appèl

'n Appèl bevat in sy eenvoudigste vorm 'n besluit van 'n mindere vergadering en daarteenoor die regsgronde waarin verongelyking aangetoon word[288].

***Weergee van besluit***

Die besluit waarteen geappelleer word, moet letterlik aangehaal word. So ook die gronde vir daardie besluit[289]. Die appellant moet sodoende verseker dat die appèl nie teen 'n

283 Sien hoofstuk 3.5.2.4
284 Die slotsin in die huidige bewoording van Artikel 31 is in die lig hiervan vreemd, asof die maatstaf vir beroep op 'n algemene sinode anders sou wees as die maatstaf vir beroep op 'n klassis, partikuliere sinode of nasionale sinode. Vergelyk in hierdie verband ook paragraaf 4.4.5.1 oor die materiële ontvanklikheid van 'n appèlskrif en die toestaan van verlof tot appèl.
285 Deddens, 1953m:366; Van Veelen (1995:32-35) vestig in hierdie verband die aandag in besonder op die skriftuurlike oproep om die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22) te toon.
286 Coertzen (1991:99) voeg daaraan toe: 'of as hy meen dat hyself deur só 'n besluit te na gekom is'. Dié toevoeging mag nie van die voorafgaande losgemaak word nie, asof dit moontlik sou wees dat iemand 'n ander maatstaf as die Skrif, belydenis en kerkorde vir vermeende krenking van reg sou kon gebruik.
287 Spoelstra, 1986:100; Van Oene, 1990:148
288 Spoelstra, 1989:197
289 Sinode Aliwal-Noord 1939, artikel 135; Jansen, 1923:144; Van Oene, 1990:148

veronderstelde besluit of sy eie vertolking van die besluit gerig is nie[290]. Regspraak berus op feite, nie op aannames en veronderstellings nie.

Dit kan gebeur dat 'n appèl teen gebrek aan optrede deur, of nalatigheid van die kerkraad ingestel word. Dan is daar geen betwiste besluit waarteen geappelleer word nie, maar daar word teen betwiste besluiteloosheid of nalatigheid geappelleer[291]. In so 'n geval moet uit die notule van die kerkraad steeds sover moontlik aangetoon word waarom daar geen besluit oor die saak in geding geneem is nie. Nalatigheid moet so goed as moontlik dokumentêr bewys word.

Om dit vir die appellant moontlik te maak om sy appèlskrif voor te berei, is die betrokke vergadering formeel verplig om gewaarmerkte afskrifte van sy besluit aan die appellant te gee[292]. Die morele plig wat op die vergadering rus, behoort egter swaarder as die formele te weeg. Wanneer iemand deur 'n besluit van 'n vergadering verontreg word en hy beoog om dit by wyse van appèl reg te stel, moet die vergadering uit liefde vir die verongelykte en met die oog op herstel van die versteuring wat as gevolg van die besluit ontstaan het, van harte bereid wees om sy volle samewerking te gee[293]. In die konkrete werklikheid van die mens se gebroke bestaan, waarvan die vergadering deel is, vereis dit selfverloëning.

Dit is 'n probleem indien die besluit nie noukeurig genotuleer is nie, dit geen suiwer weergawe van die besinning en oordeel van die vergadering is nie, of dit nie genoegsame gronde bevat nie[294]. Soeke na en herstel van reg word bemoeilik as notules van kerklike vergaderinge nie op standaard is nie. Met die oog daarop behoort alle kerklike vergaderinge hulle daarop toe te lê om weloorwoë, beredeneerde besluite te neem wat duidelik en genoegsaam genotuleer word[295].

***Gronde vir appèl***

Die appellant moet die gronde (redes) waarom hy meen dat hy verongelyk is noukeurig, bondig en oorsigtelik beskryf[296]. Die onus rus op hom om sy vermeende verongelyking te

290 Spoelstra, 1966:199
291 Vergelyk GKSA Acta, 1976:217-225
292 Spoelstra, 1966:199
293 Sien 4.4.1.3 oor die appellant se doel met appèl, wat net so geldig is vir die vergadering waarteen geappelleer word.
294 Spoelstra, 1989:197; Haitsma *ea*., 2002b:8
295 Artikel 34 KO
296 Jansen, 1923:144

bewys, en nie op die kerkraad om hulle besluit te regverdig nie[297]. Indien nodig, kan ŉ appèlskrif met bylaes wat relevante inligting vervat, aangevul word[298].

Om tot goeie regspraak by te dra, is dit van belang dat die appellant sy saak kort en kragtig stel. Die kern van die onreg moet benoem en beredeneer word[299]. Daar moet van bysake, wat die aandag van die hoofsaak kan aflei, afgesien word. Insgelyks moet daar teen breedvoerige betoë gewaak word.

Die gronde vir appèl kan ter wille van helderheid en sinvolle behandeling[300] in twee dele onderskei word:

- *materiële* gronde beskryf waaroor die konflik gaan;
- *formele* gronde fokus op die kerkraad se hantering van die konflik.

***Appèl op die sinode***

Indien ŉ appellant nie by die regspraak van die klassis kan berus nie, staan dit hom vry om op die partikuliere sinode ŉ beroep te doen. In daardie geval bly die vermeende onreg wat die kerkraad hom aangedoen het, steeds die kern van die appèl[301]. Die regspraak van die klassis kan by verdere appèl egter nie geïgnoreer word nie. In feite kom dit daarop neer dat ŉ appellant wat hom op die partikuliere sinode vir regspraak beroep, van oordeel is dat die klassis nie na regte gehandel het nie. Die vermeende verongelyking het gevolglik vermeerder.

Indien ŉ appèl by die partikuliere sinode ingedien word, sal dit ter wille van sinvolle behandeling profytlik wees om die geskrif in twee dele op te stel[302]:

- in ŉ *formele* deel word ŉ oorsig oor die aanloop tot die konflik en die appèl – insluitend die kerkraad se besluit – asook die klassis se uitspraak daaroor (woordeliks aangehaal) gegee[303];
- in ŉ *materiële* deel word vanuit die Skrif, belydenis en/of kerkorde regsgronde verskaf wat as motivering dien waarom die kerkraad in eerste instansie, en die klassis in tweede instansie onreg gepleeg het.

[297] Van Oene, 1990:148
[298] Boersma, 2004:19
[299] In paragraaf 4.4.5.3 word uitgewys dat ŉ appèlskrif materiële sowel as formele gronde behoort te bevat. Met die oog op regspraak is dit profytlik dat die appellant materiële en formele gronde duidelik in sy appèlskrif sal onderskei.
[300] Sien paragrawe 4.4.5.2 en 4.4.5.4
[301] In paragraaf 4.4.2.1 is beredeneer dat die klassis geen party in die saak is of word nie. Die partye in die appèlsaak is, ongeag die verdere ontwikkeling van die geskil en regspraak deur die klassis, diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het.
[302] So word die lyn vir die opstel en behandeling van ŉ appèl konsekwent deurgetrek.
[303] Jansen, 1923:144

Dieselfde wat in die voorafgaande paragrawe oor die weergee van die besluit en die gronde vir die appèl genoem is, is onveranderd van toepassing wanneer daar na 'n partikuliere of nasionale sinode geappelleer word.

Die opstel van 'n deeglik geformuleerde appèlskrif dwing die appellant om diepgaande oor sy verongelyking te besin alvorens daar tot 'n regsaak oorgegaan word[304].

**4.4.3.4 Tyd van appèl**

Dit word in die Gereformeerde kerkreg algemeen aanvaar dat daar in geval van onreg nie onnodig met soeke na regsherstel gesloer moet word nie. Die Skrif leer: 'Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie'[305]. Onreg moet haastig aangespreek en uit die weg geruim word[306].

In die lig hiervan het die Sinode Dordrecht 1578[307] hom oor die vraag[308] 'of het aan degenen, die door wettige uitspraak van de kerkeraad of classis veroordeeld zijn, vrij staat op elke tijd die hun goeddunkt, zich te beroepen op een grotere vergadering?' soos volg uitgespreek: 'Dat de zaken, waarover men appelleert, onderscheiden zijn. Want waar twee personen tegenover elkaar in kwestie staan, zal het aan degene die veroordeeld werd geoorloofd zijn het beroep in te stellen tot de helft van de tijd die er verloopt tussen de vergadering, waarop hij veroordeeld is en de eerstkomende vergadering waarop hij zich beroept; tenzij de tijd te kort zou zijn, waarvan de classis oordelen en besluiten zal. Maar zo het oordeel uitgesproken is tegen iemand alleen die gezondigd heeft, zal deze zich terstond beroepen. En zo iemand op de bestemde tijd geen beroep instelt, zo zal hij van het recht der beroeping verstoken zijn'. Uit die antwoord blyk dat 'n verongelykte lidmaat nie na eie goeddunke die tyd vir appèl kan bepaal nie. Daar moet in sommige gevalle onmiddellik kennis van appèl gegee word; in ander gevalle binne 'n redelike termyn tussen die byeenkoms van die mindere vergadering waarteen en die meerdere vergadering op wie geappelleer word.

In aansluiting hierby oordeel Jansen[309] dat iemand nie eers jare nadat die vermeende onreg gepleeg is, kan besluit om te appelleer nie. Verskeie kerkregtelikes stem saam dat daar in

[304] Vergelyk die sake wat by die appellant se motief vir sy appèl (paragraaf 4.4.1.2) genoem is. Kan daar nie by die besluit van die meerderheid berus word nie? Is die saak sodanig gewigtig dat 'n volgende meerdere vergadering vir regspraak ingeroep moet word?
[305] Efesiërs 4:26
[306] Van Veelen, 1995:42
[307] Hooijer, 1865:160; Deddens, 1954b:151; Kersten, 1961:111
[308] Partikuliere vrae 4
[309] Jansen, 1923:143

geval van appèl met haas opgetree moet word[310]. Ook in die appèlreëling van die PKN word vir spoedige kennisgewing en indiening van 'n appèlskrif voorsiening gemaak. Vir die instelling van beroep word 'n termyn van dertig dae gestel[311]. Die huidige reëling in die GKSA[312] bepaal dat die appellant binne ses weke vanaf die datum waarop hy skriftelik kennis ontvang het van die beslissing waarteen hy appelleer[313], kennis van sy appèl moet gee.

Tog is daar onder ander kerkregtelikes 'n bepaalde terughoudendheid om appèl as eerste en onmiddellike middel in die soeke na regsherstel in te span[314]. Boersma[315] is van mening dat termynbepaling vir appèl omsigtig hanteer moet word. As 'n appellant kan aandui dat hy probeer het om ná die uitspraak van die kerkraad eers met hulle daaroor in gesprek getree het ten einde tot 'n vergelyk te kom, moet dit verwelkom word[316]. Indien so 'n gesprek nie die gewenste resultaat gehad het nie, kan die termyn vir appèl volgens Boersma selfs uitgestel word.

As algemene reël kan gestel word dat appèl teen die uitspraak van 'n kerklike vergadering vóór die eersvolgende samekoms van die meerdere vergadering waarop beroep gedoen word, moet geskied[317]. Ander pogings om vaste termyne vir die kennisgewing van appèl neer te lê, moet met versigtigheid bejeën word[318]. Probeerslae om – soms in navolging van die wêreldlike reg[319] – wel termyne op 'n vaste wyse te bepaal, het al daartoe gelei dat daar op 'n later stadium hersiening van die reëling moes kom[320]. Ten opsigte van die ses weke termyn van die GKSA oordeel Spoelstra[321] dat dit nie as 'n wet van Meders en Perse neergelê moet word nie. 'n Meerdere vergadering sou op voorlegging van goeie redes die ses weke met

[310] Van Oene (1990:148) oordeel dat, as die saak van so 'n ernstige aard is dat daar in appèl gegaan moet word, iemand dit sonder uitstel moet doen. Onreg mag nie vir 'n tyd lank geduld word nie. Die onus rus op die appellant om die onreg so gou as moontlik reg te stel.
Binne die raamwerk van die nuut aanvaarde appèlreëling in die GKV spreek Haitsma *ea*. (2002b:4) die mening uit dat 'n appellant nie met sy beswaar tot kort voor die aanvang van die sinode wag nie. Dit is profytlik dat 'n appèl direk by die deputaatskap ingedien word, sodat die appèl onmiddellik hanteer kan word. Daar kan dan selfs na die moontlikheid van bemiddeling of skikking gekyk word.
[311] Van den Heuvel *red*., 2004:242
[312] GKSA Acta 1939, artikel 135
[313] Spoelstra (1986:110) toon aan dat hierdie reëling vir verwarring vatbaar is. Dit is nie duidelik watter datum presies bedoel word met 'kennis gee binne ses weke na datum van kennisgewing waarin hy skriftelik kennis kry' nie. Verwarring skep onsekerheid en benadeel gevolglik die proses van regspraak.
[314] Sien paragraaf 4.4.1.2. Is die verskillende kerklike weë – waaronder gesprekke ooreenkomstig Matteus 18:15, gesprek met die kerkraad, indiening van 'n beswaarskrif, die moontlikheid van kerkvisitasie – bewandel? Wat was die eindresultaat daarvan?
[315] Boersma, 2004:19
[316] Deddens (1953m:366), Roeleveld (1972a:45) en Bouma (1988:44) voer dieselfde argument aan. Daar moet nie oorhaastig tot appèl op 'n meerdere vergadering oorgegaan word nie. Eers moet die betrokke kerkraad ooreenkomstig Levitikus 19:17 en Matteus 18:15 tot nader besinning geroep word.
[317] Jansen en Pol, 1934:57; Bouwman, 1970b:46
[318] Monsma, 1967:128
[319] Bouwman, 1970b:46
[320] Jansen, 1923:144
[321] Spoelstra, 1989:199

diskresie kon toepas. Nieteenstaande dié oordeel is die reëling van krag, en kan dit met beroep op 'n sinodebesluit tot nadeel van die appellant klakkeloos toegepas word.

#### 4.4.3.5 Kennisgewing van appèl

Ter wille van goeie orde gee die appellant aan die deputate vir korrespondensie van die meerdere vergadering kennis van sy voorneme om te appelleer, sodat dit op die agenda geplaas kan word[322].

Daarbenewens moet aan die kerkraad of die deputate korrespondensie van die mindere vergadering teen wie geappelleer word, van die voorneme van die appèl kennis gegee word[323]. Laasgenoemde kennisgewing is noodsaaklik sodat die offisiële notule en alle tersaaklike bylaes vir die opstel van die appèlskrif bekom kan word.

Tydige kennisgewing van appèl voorkom tegelyk die gevaar van verrassing. Die kerkraad en/of mindere vergadering teen wie die appèl ingestel word, moet op hoogte van die appèl gebring en gehou word[324]. Verrassingstegnieke dra nie tot goeie regspraak en herstel van reg by nie. Inteendeel, dit ontneem die party wat deur die verrassing oorrompel word die geleentheid om sake rustig in die lig van God se Woord, die belydenis en/of die kerkorde te oorweeg en tot die nodige insig te kom[325].

#### 4.4.3.6 Indiening van appèl

Ooreenkomstig die appèlprosedure van die GKSA[326] kan geen kerklike vergadering 'n appellant verplig om 'n appèl voor die konstituering van die meerdere vergadering skriftelik in te dien nie omdat (a) die appèl 'n beroep op 'n vergadering is wat eers moet konstitueer; (b) die ontvanklikheid eers beoordeel moet word; (c) appèlle vertroulik van aard mag wees en *in camera* behandel moet word[327]. Dit staan 'n appellant vry om sy appèl vooraf in te dien en selfs 'n versoek te rig dat dit saam met die agenda uitgestuur moet word, mits dit oor 'n saak en nie oor persone gaan nie[328].

---

[322] Artikel 45 KO.
[323] Spoelstra, 1989:198
[324] Van Oene, 1990:150
[325] Deddens, 1953y:83; Visser, 1999:143
[326] GKSA, 1998:45-47
[327] Spoelstra, 1966:200; Spoelstra, 1989:198
[328] Spoelstra, 1989:198

In teenstelling hiermee pleit Visser[329] vir meer openheid in dié verband.

In aansluiting by Visser se pleit het by Sinode 1985[330] 'n beskrywingspunt, wat op vroegtydige bekendmaak van appèlskrifte betrekking het, gedien: ''n Appellant dien ten minste veertien (14) dae voor die aanvang van die meerdere vergadering waar sy appèl sal dien, die skriftelike uiteensetting van die gronde van sy beswaar in, en die stukke sal tot beskikking van die afgevaardigdes van die meerdere vergadering gestel word'. Vyf motiverings is vir die beskrywingspunt aangebied:

- dit gee aan die verweerders van 'n mindere of meerdere vergadering die geleentheid om na behore vir sodanige appèl voor te berei;
- dit gee aan al die afgevaardigdes na die meerdere vergadering die geleentheid om insae te kry en volledige voorbereiding hieroor te doen;
- Artikel 31 KO sal baie meer tot sy reg kom, aangesien stukke nie tydens die vergadering (weens gebrek aan tyd – GJM) ten volle bestudeer kan word nie;
- die reg van beide partye in die appèlsaak word hierdeur gedien;
- die moontlikheid van 'n verrassingselement en sondige wedywering word uitgeskakel.

Al vyf motiverings dra met die oog op deeglike regspraak gewig[331]. Sinode 1985 het aan die beskrywingspunt in 'n gewysigde vorm gevolg gegee. Omdat die tydsduur tussen 'n betrokke mindere en meerdere vergadering soms nie die spertyd van 14 dae toelaat nie, en baie appèlle vertroulik van aard is, is besluit: 'Die appellant stel *waar moontlik* (verkieslik 14 dae) voor die betrokke meerdere vergadering sy appèl, met uiteensetting van gronde skriftelik ter beskikking van die korresponderende kerkraad/Deputate vir korrespondensie (KO, Artikel 45)'. Met die toevoeging 'waar moontlik' is die hart uit die beskrywingspunt uitgesny, al is daar op papier gevolg aan gegee. Niemand anders as die appellant kan bepaal en kontroleer wat die inhoud van 'waar moontlik' sal wees nie. Die effek van die sinodebesluit is dat appèlskrifte deurgaans steeds by die aanvang van die meerdere vergadering ingedien word, met die gevolg dat die konkrete toepassing van die vyf motiverings nie realiseer nie.

In die GKV is die probleme, soos wat dit in die beskrywingspunt met sy motiverings verwoord word, by wyse van die daarstel van 'n appèldeputaatskap aangespreek[332]. Sodanige

---

[329] Visser, 1999:143. Met sy beredenering dat die ander party geleentheid moet kry om homself in die regsaak te *verweer*, kan nie saamgegaan word nie. In 'n appèlsaak gaan dit nie oor 'n klag waarteen verweer gestel moet word nie. Dit gaan oor gesamentlike soeke na reg en regsherstel. Bowendien kan 'n klassis of partikuliere sinode nie as verweerder optree nie, aangesien hulle dan as party in die appèlsaak betrek sou word (sien paragraaf 4.4.2.1).

[330] Acta 1985:524-525

[331] In die voorafgaande paragrawe is die geldigheid en gewig van die motiverings aangetoon. Daar moet wel gelet word op die term *verweer* in die eerste motivering, waarmee – soos reeds uiteengesit – nie saamgegaan kan word nie.

[332] Haitsma *ea*., 2002b:4-5

deputaatskap is bevoeg om die nodige inligting insake die appèl vroegtydig te bekom en te verwerk sodat die meerdere vergadering wat uitspraak moet lewer met advies bedien kan word. Die GKSA het tydens Sinode 2006[333] besluit om eweneens die moontlikheid van 'n appèldeputaatskap te ondersoek.

### 4.4.3.7 Aantal appèlle

Artikel 31 KO bepaal dat iemand hom op 'n meerdere vergadering kan beroep tot by die nasionale sinode. Die effek hiervan is dat daar drie maal geappelleer kan word[334].

In die praktyk van kerkregering word daar egter deurgaans met erns teen 'n kultuur van beswaard-wees gewaarsku[335]. Daar moet 'n kultuur gevestig word waarin broeders en susters ooreenkomstig die eerste lid van Artikel 31 KO by die besluite van kerklike vergaderinge kan berus, ook al stem hulle nie volledig daarmee in nie[336]. Met die oog daarop moet kerklike vergaderinge, met name kerkrade, moeite doen om hulle besluite sodanig te motiveer dat lidmate nie verongelyk word en as gevolg daarvan nodig het om te appelleer nie[337]. Baie appèlle kan voorkom word as daar beter gekommunikeer word[338].

In verband met die probleme wat met 'n meerdere aantal appèlle gepaard kan gaan, merk Roeleveld[339] op: 'Door meerdere appèllen worden de stukken onrustbarend vermeerderd en in de doolhof van een overstelpende hoeveelheid gegevens is de mogelijkheid van vergissing en misvatting niet geringer, maar veeleer vergroot[340]. Bovendien wordt het contact met de meerdere vergadering daardoor eerder een papieren relatie dan een persoonlijk contact'. As oplossing van die probleem stel hy voor[341] dat die partye wat by die geskil betrokke is, afspreek dat hulle hul tot een appèl beperk[342]. 'n Ander moontlikheid is dat beide partye in onderlinge ooreenstemming die beslissing aan skeidsregters toevertrou (Genesis 31:37, Job 9:33 en 16:21, 1 Korintiërs 6:5): 'Werden in de eerste tijd van de reformatie aan synoden

---

[333] Notule 2006, artikel 9
[334] Roeleveld, 1972a:49-50
[335] Haitsma *ea*., 2002b:8
[336] Van Oene, 1990:150; Haitsma *ea*., 2002b:8.
[337] Haitsma *ea*., 2002b:8
[338] Haitsma *ea*., 2002b:8
[339] Roeleveld, 1972a:49
[340] Deddens (1956f:210) waarsku op dieselfde trant: 'we kunnen de zaken, die aan de orde zijn, niet laten verdrinken in een zee van procedure-kwesties'.
[341] Roeleveld, 1972a:50
[342] Deddens (1954n:262) verwys in dié verband na 'n reëling uit die ou christelike kerk: as iemand in hoër beroep wil gaan, moet beide partye bepaal watter regters die tweede instansie vorm; verdere appèl is nie geoorloof nie. Beide partye kom dus van tevore ooreen of hulle hul tot een appèl gaan beperk.

appèlzaken voorgelegd, dan trachtte men gezamenlijk eerst partijen te verzoenen; mislukte dit, dan kwam men tot een uitspraak'[343].

Soos Roeleveld, meen Van der Linde[344] dat een appèl as reël genoeg behoort te wees. By regskrenking moet by die meerdere beraad van die een meerdere vergadering berus word. In teenstelling daarmee oordeel Kamphuis[345] dat dit onmoontlik is om die getal van appèlle tot een te beperk[346]. Veral in geval van ampstug moet dit volgens Kamphuis moontlik wees om verder te appelleer: 'Dat impliceert dan tegelijk, dat mét dat beroep op de bredere kring van kerken, die in deze meerdere vergadering samenkomen ook nog altijd de band is aan-gehouden met díe kerken, waar men tegenover komt te staan. Want de uitspraak van de meerdere vergadering zal immers dienstbaar kunnen zijn om al de kerken, die verdeeld waren geraakt, weer samen te voegen in de éne gehoorzaamheid aan de geopenbaarde wil Gods?[347].

Dit is opmerklik dat Paulus se appèl op die keiser voorafgegaan is deur 'n deeglike ondersoek of dit formeel in orde is om te kan appelleer. Die plaaslike regter moes elke geval van appèl beoordeel en toestemming gee, sodat daar van die reg tot appèl geen misbruik gemaak word nie. Ná die beoordeling moet die plaaslike regter in 'n skrywe aan die keiser die regsaak sodanig toelig, dat die begronding van die appèl juridies onaantasbaar blyk te wees[348].

Alles in ag genome, staan dit vas dat 'n verongelykte lidmaat in terme van die kerkorde die vryheid daartoe het om die volle pad van appèl te loop[349]. Daar *kan* tot by die nasionale sinode geappelleer word. Dit bly egter 'n vraag of iemand in geval van vermeende verongelyking van hierdie vryheid gebruik *moet* maak. Daaroor moet die appellant in verantwoording voor die Here klarigheid hê[350].

---

343 Roeleveld, 1972a:50
344 Van der Linde, 1983:133
345 Kamphuis, 1966:148
346 Sinode Sneek 1939 (GKN) het bepaal dat daar 'n beperking op appèl is indien dit op grensreëlings tussen kerke betrekking het. Die betrokke partikuliere sinode moet sodanige appèl afhandel (Kamphuis, 1966:144).
347 Kamphuis, 1966:150
348 Wielenga, sj.:308
349 Deddens, 1954n:262; Deddens, 1956f: 211
350 Sien paragraaf 4.4.1.2 oor die suiwer motief waarmee geappelleer behoort te word, in besonder as daar op 'n sinode vir regspraak beroep gedoen word.

Oor die praktyk wat in die burgerlike reg gevolg word om verlof tot appèl toe te staan alvorens daar geappelleer word[351], kon in Gereformeerd kerkregtelike publikasies niks opgespoor word nie. In die lig van die balans tussen die *kan* en *moet* van appèl, sal verdere studie hieroor moontlik tot verbetering van die regsgang in die kerklike lewe bydra[352].

### 4.4.4 Wesenlike aspekte met betrekking tot die regter

#### 4.4.4.1 Beroepsinstansies

***Kerklike regbank***

Kerke in die kerkverband is vir mekaar gegee om saam te werk, mekaar op te bou en mekaar met gawes en goedere te dien[353]. Samewerking is nodig om gebreke aan te vul, misstande weg te neem, en saam die roeping tot kerkwees nog beter uit te leef[354]. Ter wille van die heil van elke kudde en van die individuele gelowiges hou kerke van een verband liefdevol toesig oor mekaar[355]. Binne hierdie kader bepaal Artikel 31 KO dat kerke die bevoegdheid[356] sowel as die vaardigheid[357] het om mekaar in die soeke na en toepassing van reg te help[358].

Artikel 31 KO is duidelik oor die verskillende kerklike instansies waarop 'n beroep vir regspraak gedoen kan word[359]. Vanaf die mindere vergadering[360] word daar op 'n daaropvolgende meerdere vergadering geappelleer[361], sonder om 'n vergadering oor te slaan[362].

---

[351] RSA Strafproseswet nr 51 van 1977, artikel 316 bepaal dat verlof tot appèl slegs toegestaan word indien verdere getuienis wat vermoedelik as waar aanvaar sal word, beskikbaar is; genoemde getuienis redelikerwys tot 'n ander beslissing of bevel aanleiding kan gee; en daar 'n redelik aanvaarbare verklaring gegee kan word waarom genoemde getuienis nie alreeds gedien het nie. RSA Wet op die Hooggeregshof nr 59 van 1959, reël 50 handel oor die meriete van 'n appèl. Daar moet *prima facie* getuienis ten gunste van appèl wees alvorens iemand toegelaat word om te appelleer.

[352] In paragraaf 4.4.5.1 word enkele verdere opmerkings oor verlof tot appèl gemaak.

[353] Du Plooy, 1979:130

[354] Greijdanus, sj.:40

[355] Te Velde, 1994b:582

[356] Te Velde (1994b:582) verwys na die *bevoegdheid* van meerdere vergaderinge om regsgeldige uitsprake oor 'n klag van iemand in 'n plaaslike kerk te lewer.

[357] Kamphuis (1970:65) verbind Artikel 31 aan christelike en kerklike *besluitvaardigheid*. Die Woord maak kerklike vergaderinge tot belydenis van geloof en lewe uit die krag van geloof bekwaam.

[358] Harmannij, 1999:80

[359] Noordzij, 2003:312

[360] Die afgevaardigdes van die mindere vergadering teen wie die appèl ingestel is (die kerkraad), of wat reeds oor die appèl uitspraak gelewer het (byvoorbeeld 'n klassis), het uiteraard geen beslissingsbevoegdheid in die betrokke appèlsaak nie. Niemand mag regter in sy eie saak of geprejudiseerd wees nie (Te Velde, 2004d:1).

[361] Van der Walt, 1976:164

[362] Spoelstra, 1966:198; De Gier, 1989:174

Wat in die kerkorde veronderstel word[363], maar nie in soveel woorde in Artikel 31 staan nie, is dat God in Christus die hoogste Regter is. Regters op aarde – kerklike vergaderings wat tot regspraak geroep word ingesluit – staan in diens van Christus, die hemelse Regter[364]. Hulle is nie wetgewers nie, maar wethandhawers en wetstoepassers: geroepe bedienaars van die reg. Dit beteken dat die Woord van God nie alleen die maatstaf is waaraan 'n kerklike appèl moet voldoen[365] en waarvolgens dit beoordeel moet word nie[366], maar ook die 'final court of appeal'[367] is. Met die oog op die toekoms bly daar derhalwe vir die gelowige soeker na reg altyd 'n eskatologiese verwagting oor[368]. Wanneer Christus weer kom, sal Hy as Regter finaal oor lewendes en dooies in geregtigheid oordeel. Die koms van Christus as Regter in die eindoordeel is vir die gelowige verontregte 'n bron van vreugde, aangesien Christus die laaste en hoogste Regter sal wees op Wie appèl gedoen kan word.

In die lig hiervan rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die kerklike vergaderinge wat in die Naam van Christus reg moet spreek[369]. Elke afgevaardigde is volledig kerklike regter. Voor God en die mense moet hy betuig waar onreg gedoen is, en hoe die pad na regsherstel geloop behoort te word[370].

***Ander beroepsinstansies?***

*Beroep op die gemeente*

In kongregasionalistiese en independentistiese kringe word die moontlikheid geskep om vanaf die kerkraad na die gemeente te appelleer[371]. Independente beskou die gemeentevergadering as soewerein; die stem van die gemeentevergadering is die stem van God[372].

Met hierdie 'demokratiese' wyse van denke en optrede kan nie saamgegaan word nie. Die Godgegewe roeping en taak van die besondere ampsdraers[373] word in effek aan die gemeente

[363] Artikel 1 KO, wat die aanhef tot en 'n opsomming van die kerkorde is, stel dat die kerk die eiendom van Christus is. Christus, die Opperherder, het die enigste en finale sê in sy kerk (1 Petrus 5:1-4).
[364] Du Plooy, 1979:131
[365] Sien paragraaf 4.4.3.2
[366] Sien paragraaf 4.4.5.2.2
[367] Van Oene, 1990:147
[368] Sien hoofstuk 2.6
[369] Bouwman, 2000:133; Harmannij (2003:165) skryf oor die verband tussen regspraak hier en nou en die regspraak wat met die wederkoms moet plaasvind: 'Met onze rechtspraak doen we slechts het voorwerk van Hem die ooit als Rechter zal verschijnen om de hele waarheid aan het licht te brengen'.
[370] Deddens, 1954f:190
[371] Deddens, 1954d:175; Oldenhuis, 1977:30; Van Oene, 1990:153
[372] Jansen, 1923:143
[373] Artikels 30-32 NGB

oorgedra, waarteen Calvyn indringend waarsku[374]. Bowendien kan dit daartoe lei dat die kerkraad en die gemeente teen mekaar afgespeel word[375], wat geensins tot die eer van God, die heil van die kerk en die herstel van reg bydra nie.

*Beroep op die kerke*

Schilder is van mening dat daar onder bepaalde omstandighede 'n beroep vanaf een generale sinode op 'n volgende generale sinode, of vanaf die generale sinode op die kerke in die kerkverband gedoen kan word: 'Wanneer het een generale synode is, die als meerdere vergadering afwijkt van Schrift of Kerkenordening, dan is tegenover haar beslissing geen andere weg open, dan naar de Kerken zelf. Want de bindende kracht van de besluiten der meerdere vergaderingen vindt haar grens in de trouw aan Gods Woord en Kerkenordening; en de afgevaardigden zijn minder dan de hen afgevaardigde Kerken'[376]. 'Indien meerdere vergaderingen afwijken van de KO, dán is er een instantie tegenover welke men het 'bewys' van afwijking 'leveren' moet. Bij die instantie 'appelleert' men dan. Die instantie kan de vergadering zelf zijn, die het verkeerde besluit nam. In dat geval 'appelleert' men bij die vergadering zelf. Maar die instantie *kan* ook zijn de kerk, die zich inzake de vraag van al-of-niet ratificatie heeft te beraden. In dat geval appelleert men bij die kerk, en vervolgens. Wie boven gezondenen de zenders maar ziet staan, en zich herinnert, dat de verplichting tot naleving der synodale besluiten door de kerken zelf vrijwillig aanvaard is, doch over en weer is beperkt tot gevallen, welke niet bewezen zijn te strijden tegen Schrift of K.O., die vindt het woord 'appèl' geenszins misbruikt in de kwesties, waarom het gaat in gevallen als het onderhavige'[377]. Met 'n beroep op Voetius ondersteun Bos[378] dié gedagte.

Sonder om op die besonderhede van die ratifikasiereg en Voetius se uitsprake oor die gesag van kerklike vergaderinge in te gaan, moet dit gestel word dat die ratifikasie-plig van kerke geensins daarop gerig is om buite die vasgestelde kerkorde na ander weë vir regspraak te soek nie[379]. Indien 'n appellant van oordeel is dat die nasionale sinode steeds nie reg-gespreek het nie, staan hom een van drie dinge te doen: berus by die uitspraak van die kerkverband, rig by wyse van 'n beswaarskrif 'n versoek vir hersiening van die uitspraak, of breek met die kerkverband.

[374] Institusie 4,8
[375] Van Oene, 1990:153
[376] Schilder en Deddens, s.j.:7
[377] Schilder en Deddens, s.j.:39
[378] Bos, s.j.:24
[379] Meijer, 1995:52-53

Die gedagte dat appèl vanaf een nasionale sinode op 'n volgende nasionale sinode moontlik is, gaan eweneens nie op nie[380]. Daar word klaarblyklik geen duidelike en genoegsame onderskeid tussen appèl vanaf 'n mindere op 'n meerdere vergadering (Artikel 31) en beswaar of revisieversoek by 'n soortgelyke vergadering (Artikel 46) getref nie.

*Beroep op 'n ekumeniese konsilie*

Jansen[381] opper die moontlikheid dat daar vanaf 'n nasionale sinode na 'n ekumeniese konsilie – 'n sinode waar ook Gereformeerde Kerke van ander lande verteenwoordig is – geappelleer kan word. So 'n moontlikheid word tans nie kerkordelik gereël nie. Wêreldwye kerklike ekumene en daadwerklike onderlinge hulpbetoon oor landsgrense heen is egter nie vreemd aan die Skrif nie[382]. Verdere studie[383] oor dié saak kan verruiming in regspraak tot gevolg hê.

### 4.4.4.2 Appèlkommissie, appèldeputate, appèlkollege

Dit kom in die praktyk van kerkregering algemeen voor dat meerdere vergaderinge wat oor appèlsake regspraak moet lewer, van die dienste van 'n appèlkommissie, -deputate of -kollege gebruik maak[384]. Oor die posisie, opdrag en handelingsbevoegdheid van so 'n kommissie, deputate en/of kollege loop die menings egter skerp uiteen.

#### 4.4.4.2.1 Appèlkommissie

In die appèlprosedure van die GKSA[385] word op basis van die drie 'grondbeginsels' van Artikel 31 KO[386] vereis dat, indien nodig, by die aanvang van die sitting van 'n meerdere vergadering, 'n spesiale appèlkommissie benoem word. Alle appèlsake word na dié kommissie verwys.

---

[380] Kruger, 1986:48
[381] Jansen, 1952:149
[382] Handelinge 15; 1 Korintiërs 1:2; 2 Korintiërs 8 en 9
[383] Verskeie Nasionale Sinodes (Acta, 1967:407-411 en Acta, 1988:207-259) het reeds hieroor besin. Vergelyk ook Snyman, 1977:87-101.
[384] Doekes, 1956:120; Jager, 1956:154; Veenhof, 1956e:179; Spoelstra, 1989:199; Visser, 1999:144; Harmannij, 1999:81; Te Velde, 2004d:1; Van den Heuvel *red.*, 2004:224
[385] GKSA, 1998:45-47. Die GG (1999:16, 38) werk met soortgelyke kommissies.
[386] Die grondbeginsels word soos volg onderskei (GKSA, 1998:45):

1. dat beroep op meerdere vergaderings moontlik is. Dit veronderstel dat besluite van meerdere vergaderings feilbaar is;
2. die meerderheid beslis: 'wat deur die meeste stemme goedgevind is, moet as vas en bindend beskou word'. Die minderheid moet hom onderwerp aan die meerderheid. Eis is dus dat die diskussie oor 'n appèl die saak so ryp moet maak dat die besluit met 'n besliste meerderheid geneem kan word;
3. 'tensy bewys word dat dit ... van die Kerkorde'. Die bedoeling van hierdie deel van die artikel is duidelik. Kerklike besluite is geldig tensy hulle in stryd is met die Woord van God.

Dit is die appèlkommissie se taak om:

- ‘alle stukke in verband met die appèl na te gaan en te beoordeel of die appèl ontvanklik is;
- die appellant te hoor met sy getuies en die verdediging van die liggaam waarteen geappelleer word;
- die meerdere vergadering van advies te dien omtrent die besluit wat geneem moet word, na ’n kort uiteensetting van die feite in die appèl aangevoer. Wel te verstaan, behoudens die reg van die appellant volgens Artikel 31 KO’.

Hiermee is die opdrag aan en handelingsbevoegdheid van die appèlkommissie noukeurig omskryf[387]. Daar word niks meer van so ’n kommissie verwag as om *staande* die vergadering aan die hand van ’n welomskrewe opdrag op te tree nie. Na afhandeling van die opdrag, dit wil sê as die advies bedien is en die vergadering tot ’n besluit gekom het, ontbind die kommissie per implikasie en rus daar geen verdere verantwoordelikhede meer op die lede wat daarop gedien het nie.

#### 4.4.4.2.2 Appèldeputate

Appèldeputate[388] moet duidelik van ’n appèlkommissie onderskei word[389]. Anders as ’n kommissie, word deputate benoem om ‘wat besluit is, volgens ’n welomskrewe opdrag uit te voer’[390]. Die meerdere vergadering kan besluit om appèldeputate aan te wys met die mandaat om inkomende appèlsake ooreenkomstig ’n vasgestelde prosedure te behandel en vir besluitneming deur die *volgende* meerdere vergadering voor te berei. Ooreenkomstig Artikel 49 KO hou die appèldeputate, soos alle ander deputate, notule van hulle handelinge om daaroor verslag te doen. Die notule van die appèldeputate sal in effek die proses-verbaal wees wat aan die meerdere vergadering met die oog op besluitneming voorgelê word[391].

---

[387] Die praktyk het intussen ontwikkel om die ontvanklikheid van ’n appèl eers deur ’n regskommissie te laat beoordeel, alvorens die appèl gestel word. Die kerke het nooit offisieel besluit om ’n regskommissie as voorskrif te stel nie. Daarom kan met Spoelstra (1989:199) saamgestem word dat so ’n werkwyse onnodig is.

[388] Daar word bewustelik van appèl*deputate*, en nie van ’n appèl*deputaatskap* gepraat nie. Die begrip appèl*deputaatskap* kan maklik met ’n appèl*kollege* verwar word. ’n Appèl*kollege* is, afgesien van punte van ooreenkoms, wesenlik iets anders as appèl*deputate* (vergelyk paragraaf 4.4.4.2.3 wat hierna volg).

[389] Sommige teoloë, onder andere Jager (1956:154) en Doekes (1956:120), verwys na ’n kommissie as deputate.

[390] Artikel 49 KO

[391] Sien paragraaf 4.4.5.4.3

***Argumente vir die benoeming van appèldeputate***

- *Sorgvuldigheidsmotief*

  By die behandeling van appèlsake moet die grootste moontlike sorgvuldigheid aan die dag gelê word: enersyds om te voorkom dat onreg vermeerder word, andersyds om herstel van reg en vrede te bewerkstellig. Met die oog daarop moet deputate indringend na ŉ appèl kyk en die nodige aanbevelings maak[392].
- *Objektiwiteitsmotief*

  As die persoon en werk van ŉ predikant by ŉ appèl in geding is, kom die probleem in ŉ klein kerkgemeenskap voor dat predikante mekaar goed ken, en dikwels (tereg) noue kontakte met mekaar het. Veral by ŉ klassis is daar nie alleen tussen die predikante nie, maar ook onder ŉ deel van die ouderlinge meestal weinig afstand tot die saak en die persoon in geding. Dit het noodwendig positiewe en/of negatiewe konsekwensies. Dit verg onder sulke omstandighede van die afgevaardigdes uiterste integriteit en openheid van argumentering. Dit gebeur baie vinnig dat die regspraak in so ŉ klimaat nie meer aan die kriteria van onafhanklike regters en onbevooroordeelde regspraak voldoen nie[393]. So ŉ situasie kan die beste ondervang word deur te sorg dat die voorbereiding van die uitspraak deur persone hanteer word wat so onafhanklik en deskundig as moontlik met die saak kan handel[394].
- *Getallemotief*

  Die vraag word gestel: hoe kan ŉ vergadering van byvoorbeeld 200 afgevaardigdes sinvol regspreek, en dit oor ŉ saak wat iewers êrens in die kerkverband gebeur het, waarvan hulle die fyner besonderhede nie ken nie? Dikwels lei dit tot verdere regsverydeling, met die kans op ŉ nuwe basis vir appèl[395].
- *Kundigheidsmotief*

  Appèlle is soms moeilik begrypbaar. Dit is só tegnies van aard en het só ŉ lang geskiedenis dat dit onrealisties is om te verwag dat al die afgevaardigde lede van ŉ meerdere vergadering dit kan deurgrond. Afgesien van tegniese ingewikkeldheid kan die inhoud van die appèl ingewikkeld wees omdat dit byvoorbeeld arbeidsregtelike implikasies het of op medies-etiese vraagstukke fokus. Dit gebeur dan dat afgevaardigdes soms buite stemming bly, in onsekerheid stem, of stem terwyl hulle glad nie weet wat aangaan nie[396]. Dit is beter om onder sulke omstandighede die appèl wat uit die konflik gebore word, na

[392] Haitsma, 2002a:8
[393] Sien 4.4.5.2.1
[394] Te Velde, 2004d:1
[395] Hodge, 1878:498
[396] Kruger, 1986:45

appèldeputate met spesifieke kundigheid te verwys wat aan die kerklike vergadering die nodige leiding kan gee[397].

***Argumente teen die benoeming van appèldeputate***

Argumente téén die benoeming van appèldeputate kan in twee punte saamgevat word:

- As 'n meerdere vergadering ooreenkomstig die reël van Artikel 31 KO deur 'n appellant gevra word om 'n regsaak te behandel en af te handel, kan en mag die vergadering nie van sy roeping en taak afsien deur regspraak aan 'n kommissie of deputate oor te laat nie. Dit is ongeoorloof om deputate die werk van die meerdere vergadering te laat doen, te meer nog as dit by regspraak kom[398]. Deputate kan hoogstens ingeskakel word om met 'n welomskrewe opdrag[399] inligting te bekom wat kan help om die saak, indien dit nie deursigtig genoeg is nie, op te los.
- Benoeming van appèldeputate kan maklik tot 'n nuwe soort hiërargie lei[400]. Deputatokrasie[401] druis lynreg teen alle beginsels van Gereformeerde kerkreg in. Waar dit voorkom, moet dit teengestaan en daarmee weggedoen word.

**4.4.4.2.3 Appèlkollege**

In die PKN, wat kerklike regspraak volgens die beginsels van die kollegiale kerkregering hanteer, berus regspraak geheel en al by regskolleges[402]. Instansies wat apart van die amptelike vergaderinge staan, moet vasstel wat in 'n konkrete situasie reg is. Net soos by die burgerlike owerhede, word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen vergaderinge/organe waaraan wetgewende en bestuurstake opgedra word, en kolleges wat spesifiek vir regspraak (dit is: toepassing van die wetgewing) verantwoordelik gehou word[403]. Die kerklike karakter van die regspraak word verseker deurdat die geskilbeslegting by kerklike kolleges rus, dit wil

---

397 Van Bekkum, 1990:778; Harmannij, 1999:80. Harmannij (1999:82) merk in dié verband verder op: 'Een kerkelijke vergadering die zich verbeeldt op allerlei gebied deskundig te zijn, maakt zichzelf voor zijn taak ongeschikt. Maar een kerkelijke vergadering die zich door Christus geroepen weet, en daarom ook voluit gebruik wil maken van de gaven van de Heilige Geest, is bevoegd en geschikt om zich een zelfstandig oordeel te vormen over de inbreng van allerlei deskundigen en vervolgens in eigen verantwoordelijkheid te besluiten'.

398 Jager, 1956:154

399 Doekes (1956:120) voeg hieraan toe dat deputate of kommissies wat hangende hulle ondersoek hulle oordeel solank aan kerkrade en appellante met 'n sekere gesag voorhou, aanmatigend handel. 'Hier past een *principiis obsta*. Wedersta de afwijking van de goede weg in het begin'.

400 Veenhof (1956c:156) laat hom skerp hieroor uit: 'Niemand wil er van weten, dat aan deputaten ooit enige "synodale macht" ten aanzien van zulk ene zaak zou worden verleend'.

401 Rutgers, 1918:120

402 Van den Heuvel, 2001:424; Van den Heuvel *red*., 2004:224; sien hoofstuk 5.3.2

403 Kruger (1986:56) se pleidooi ten gunste van 'n onafhanklike regbank rus op dieselfde gedagte (sien paragraaf 4.4.4.2.2).

sê by kolleges wat deur die kerk self ingestel word en waarvan die lede deur die vergadering van belydende lidmate benoem word.

Daar is enkele Gereformeerde kerkregtelikes wat eweneens die instelling van 'n aparte appèlkollege voorstaan[404].

***Argumente vir die instelling van 'n appèlkollege***

- *Skeidingsmotief*

  Sodra iemand hom ooreenkomstig Artikel 31 KO op 'n meerdere vergadering beroep, het daar volgens Kruger[405] 'n *regsaak* tot stand gekom. Wat in die mindere vergadering as 'n saak van *kerkregering* behandel is, verkry nou 'n totaal ander aard, naamlik dié van 'n regsaak. Soos die PKN[406], is Kruger[407] van mening dat die kerk in navolging van die staat wetgewende en regsplegende magte van mekaar behoort te skei.
- *Onafhanklikheids- en objektiwiteitsmotief*

  In direkte aansluiting by die skeidingsmotief word onafhanklikheid en objektiwiteit as rede vir instelling van 'n appèlkollege aangevoer. Die reëls van natuurlike geregtigheid[408] eis onder meer dat objektiewe regspraak deur onafhanklike regters ooreenkomstig vasgestelde regsnorme behoort te geskied. Gegewe hierdie reël, behoort kerklike vergaderings onpartydig te wees en na onpartydigheid te streef[409]. Vanuit 'n regsoogpunt oordeel Santing-Wubs[410] dat geskilbeslegting deur 'n meerdere vergadering geensins onpartydig is nie. Aangesien hulle wat as geskilbeslegters optree 'uit eie kring' gekies word, is daar altyd 'n vorm van partydigheid. Volgens haar is onafhanklike regskolleges 'n beter waarborg vir onpartydige regspraak.
- *Effektiwiteitsmotief*

  'n Klein groepie van enkele persone kan makliker en meer vaartbelynd as 'n hele meerdere vergadering die werk verrig[411].

---

404 Haitsma *ea*., 2002b:7; Kruger (1992:65) stel voor dat Artikel 31 KO met die oog hierop soos volg gewysig kan word: 'As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering *of die regsdeputate van 'n mindere vergadering* verongelyk is, kan hy hom op *die regsdeputate van* 'n meerdere vergadering beroep'. Regsdeputate word soos enige ander deputate aangewys.

405 Kruger, 1986:66

406 Van den Heuvel *red*., 2004:224

407 Kruger (1986:66) se mening spruit as slotsom voort uit enkele vrae wat hy vooraf stel: Kan 'n regsaak deur 'n regeringsliggaam behartig word? Is die samestelling van 'n regeringsliggaam sodanig dat dit regspraak kan beoefen? Is kerklike regeerders altyd gelyktydig mense wat die gawe van regspraak het?

408 Sien paragraaf 4.4.5.2.1

409 GG, 1999:22, 76

410 Santing-Wubs, 2002:139

411 Kruger, 1992:65

- *Tydmotief*

  Soms moet regsake lê en wag omdat die volgende meerdere vergadering nog lank nie opgeroep word nie. Die Here kan egter geen onreg verdra nie[412]. Met name in geskille wat nie regstreeks op die leer van die kerk betrekking het nie, sou spoedige regspraak deur 'n appèlkollege die moeite werd wees[413].
- *Kundigheidsmotief*

  Mense wat bekwaam is kragtens gawes of opleiding, oefen regspraak uit[414].

***Argumente teen die instelling van 'n appèlkollege***

Harmannij[415] oordeel: 'wie in hoger beroep gaat bij een meerdere vergadering, beroept zich inderdaad *niet* op een onafhankelijk college, maar op de vergadering van alle kerken uit het betreffende ressort.' Deur te appelleer doen die appellant beroep op die omliggende kerke om te besin oor 'n bepaalde situasie in die gemeente. Ander kerke is kragtens die onderlinge verbond bevoeg om hieroor uitspraak te gee. Die basis van kerkverband is gesamentlike binding aan die Here en afhanklikheid van die Here. As 'n appellant aantoon dat die basis verlaat is, moet die kerkverband optree. Dit is volgens Harmannij die krag van kerklike regspraak: kerke is nie vreemd vir mekaar nie. Alle betrokkenes word voor die aangesig van God gestel. Harmannij kom tot die gevolgtrekking dat alle betrokkenes partydig vir Christus is. Hy oordeel dat dit juis goed is dat alle betrokkenes by 'n appèl mekaar in die meerdere vergadering ontmoet. Die oomblik as hulle mekaar nie meer (wil) sien nie, is die verband in Christus gebreek. Dan kan daar van regspraak met die oog op regsherstel geen sprake wees nie.

Slump[416] stel dat dit inherent aan kerklike regspraak is dat persone daaraan deelneem wat nie onafhanklik is soos wat dit van 'n owerheidsregter geëis word nie. Omdat geskille in die kerk dikwels verweef is met gemeenskaplike geloof, word daar juis vir geskilbeslegting in eie beheer gekies. Die kans dat 'n mens in die proses van beslegting mense raakloop wat jy in mindere of meerdere mate ken, is goed. Dit is volgens Slump geen beswaar nie, mits daar

---

412 Kruger, 1992:65

413 Haitsma *ea*., 2002b:7. In hierdie verband word daar in die GKV na 'n 'spoedvoorsiening' verwys (Slump, 2003:343). Ooreenkomstig die burgerlike reg – waar 'n 'president in kort geding', 'n 'snelregter', binne een dag 'n saak kan aanhoor en uitspraak lewer – word daar uit 'n oogpunt van spoedeisendheid en ter voorkoming van onherstelbare nadeel na 'n wyse gesoek waarop daar op kort termyn reggespreek kan word. Dit beteken nie dat die oordeel van die meerdere vergadering buite rekening gelaat word nie. Die deputaatskap appèlsake tref 'n orde-maatreël totdat die meerdere vergadering oor die saak beslis het.

414 Kruger, 1992:65

415 Harmannij, 2003:162-165

416 Slump, 2000:101

binne dié kader alles gedoen word om te kom tot eerlike en regverdige regspraak. Die regsgang moet voortdurend getoets word aan die eise wat die Skrif daarvoor neerlê.

#### 4.4.4.2.4 Slotsom: wie moet regspreek?

***Die argumente geweeg***

Binne die bestek van hierdie studie kan elke argument *pro* of *contra* benoeming van appèldeputate of 'n appèlkollege nie afsonderlik ontleed en bespreek word nie.

*Ooreenkomste en verskille*

Tussen 'n appèlkommissie, appèldeputate en 'n appèlkollege is daar heelwat punte van ooreenkoms. Daar word gestreef na kundige, effektiewe, deeglike en sorgvuldig voorbereide regspraak.

Die verskil tussen 'n kommissie en deputate is dat 'n kommissie slegs staande die vergadering met appèlsake kan werk, terwyl deputate ooreenkomstig hulle mandaat reeds voor die aanvang van die vergadering aan die saak kan aandag skenk. Vanuit 'n spoedeisendheids-oogpunt is 'n deputaatskap bo 'n kommissie aan te beveel.

Die verskil tussen 'n kommissie en deputate enersyds en 'n kollege andersyds is dat 'n kollege 'n onafhanklike liggaam, los van die meerdere vergadering is.

*Artikel 49 KO*

Kerklike vergaderinge het ooreenkomstig Artikel 49 KO die bevoegdheid om deputate aan te wys. Verwysing van sake na deputate beteken nie dat 'n vergadering van sy roeping en bevoegdheid afstand doen nie. Deputate bly ten alle tye verantwoording verskuldig aan die vergadering wat hulle deputeer.

Die beswaar van moontlike hiërargiese optrede deur appèldeputate of -kollege moet nie gering geskat word nie. Gedagtig aan die waarskuwing teen deputatokrasie, moet die moontlikheid van 'n losstaande appèlkollege wat – *sonder enige rapporteringsplig* ooreenkomstig Artikel 49

KO[417] – geheel selfstandig beslissings neem, teengestaan word. In hiërargiese kerkregeringstelsels word daar vrylik van sulke regbanke gebruik gemaak[418]. Dit is vreemd aan die Gereformeerde kerkreg[419].

*Skeidingsmotief*

Die PKN en Kruger[420] se analogie met die staat wat wetgewende en regsplegende magte van mekaar skei, moet om dieselfde rede weerlê word. Kerklike vergaderinge is as bedienaars van Christus se reg tegelyk wethandhawers én wetstoepassers. Die skeiding wat voorgestel word, kan nie op die kerklike vergaderinge van toepassing gemaak word nie.

Die slotsom waartoe gekom word, is dat kerklike vergaderinge met groot vrug en seën van appèldeputate gebruik kan maak[421]. Soos alle ander deputate, word hulle opdrag duidelik omskryf. Hulle is en bly aan die vergadering wat hulle deputeer volledig verantwoording verskuldig.

*Bevoegdheid van appèldeputate*

'n Meerdere vergadering kan aan appèldeputate bevoegdheid verleen om[422]:

- appèlskrifte wat aan die vergadering geadresseer is, so spoedig as moontlik ná indiening te begin behandel;
- die appèlskrif vir ontvanklikheid te toets;
- met die appellant en die kerkraad in verbinding te tree en so gou as moontlik mondelinge hoor en wederhoor toe te pas[423];
- advies en hulp van deskundiges in te win, met die voorbehoud dat noodsaaklike geheimhouding in ag geneem word;

---

417 Met 'n beroep op Spreuke 11:14 – 'in die veelheid van raadgewers is redding' – waarsku Voetius (PE Pars 3, Lib. 1, Tract. 3 (*quaest. et resp.* 3) teen 'n klein getal afgevaardigdes wat van 'n sinode onbeperkte handelingsbevoegdheid in die *in loco* behandeling van 'n appèl na aanleiding van 'n tugsaak ontvang.

418 Sien hoofstuk 5.3.2, waar na *selfstandigheid* van die regspraak verwys word.

419 Rutgers, 1918:120

420 Van den Heuvel *red*., 2004:224; Kruger, 1986:66

421 Veenhof (1956c:155 en 1956e:179), sowel as Jager (1956:154) toon uit die geskiedenis van die Gereformeerde kerkregering gedurende die 19$^{e}$ en 20$^{e}$ eeu aan hoe die kerke gewoond was om deur middel van appèldeputate die regspraak te bevorder. Met name Rutgers het hom op die werk van appèldeputate ingegrawe. Oor die bevoegdheid van appèldeputate sluit Rutgers by Voetius aan.

422 Vergelyk appèlreëling GKV vir opdragte aan te benoeme appèldeputate, hoofstuk 5.3.1.

423 Veenhof (1956e:179) verwys na die *in loco* ondersoeke waarvan in die geskiedenis van die Gereformeerde kerkregering meerdere male melding gemaak word.

- ’n rapport met aanbevelings aan die meerdere vergadering beskikbaar te stel sodat alle lede van die vergadering betyds insae daarin kan kry en hom vir ’n goed ingeligte oordeel en uitspraak kan voorberei.

Tussen die appèldeputate en die vergadering wat hulle deputeer is ’n gesonde wisselwerking onontbeerlik. Deputate mag nie oorheers nie, maar moet ook nie ‘net advies’ gee nie. Vergaderinge mag geen rubberstempels van deputate wees nie, maar aan die ander kant ook nie alles van vooraf oordoen wat deputate reeds gedoen het nie[424]. Die rapport van die appèldeputate moet sodanig wees dat elke afgevaardigde presies weet waar die saak op aan kom, en op grond van die aanbevelings tot ’n weloorwoë en verantwoorde uitspraak kan kom.

Die vraag of appèldeputate *afhandelings*bevoegdheid het, word oor die algemeen negatief beantwoord[425]. As rede word aangevoer dat die bevoegdheid om uitspraak te lewer by die hele vergadering rus, nie net by deputate van die vergadering nie[426]. Daarteenoor moet gestel word dat Artikel 49 KO geen prinsipiële voorbehoud op die *afhandelings*bevoegdheid van deputate in die algemeen plaas nie. Inteendeel, dit is nie vreemd om aan deputate opdrag te gee om ’n saak te behandel én af te handel nie. In verband met appèlle kan dit profytlik wees dat appèldeputate volgens ’n welomskrewe opdrag afhandelingsbevoegdheid kry, veral as die saak waaroor die appèl handel vir ’n spoedeisende oplossing vra[427].

Indien appèldeputate in bepaalde situasies afhandelingsbevoegdheid ontvang, tree hulle nie as ’n onafhanklike appèlkollege vanweë ’n skeidingsmotief[428] op nie. Hulle bly gedeputeerdes van die vergadering aan wie hulle verslag en verantwoording moet doen[429].

*Samestelling van appèldeputate*

Met die aanwys van appèldeputate[430] moet daar uitgekyk word na onbevooroordeelde en deskundige mense, ‘die tegelijk midden in de kerk staan en in staat zijn tot een geestelijk, door

[424] Harmannij, 1999:81
[425] Onder andere Harmannij, 1999:81 en Haitsma, 2002a:2
[426] Haitsma, 2002a:2
[427] Byvoorbeeld: skorsing van ’n predikant hou ’n menigte onmiddellike implikasies vir hom en die gemeente in. Indien daar in so ’n geval geappelleer word, sal al die betrokkenes (die predikant, die kerkraad sowel as die gemeente) skade lei wanneer daar vir ’n klassis wat oor vier of vyf maande sit, gewag moet word. In so ’n geval kan appèldeputate wat die nodige opdrag daartoe gekry het, die appèl behandel en tot stigting van al die betrokkenes afhandel.
[428] Sien paragraaf 4.4.4.2.3 hierbo.
[429] ’n Duidelike analogie kan gesien word in die handelingsbevoegdheid van deputate artikels 11, 12, 13, 79 en 80 KO wat deur die partikuliere sinode aangewys word.
[430] Kruger, 1986:48

het Woord van God gestuurde aanpak en beoordeling'[431]. Persone met ervaring op die terrein van geskille-beslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèldeputaat lewer[432]. Iemand hoef geen lid van die sinode te wees of selfs in die besondere amp te dien om as deputaat aan die kerke diensbaar te wees nie[433]. Enige belydende lidmaat kan in die amp van gelowige as deputaat werksaam wees. So is dit ook tans in die GKSA die geval[434].

Dit is deurgaans goed dat predikante én ouderlinge as appèldeputate dien[435].

Indien die appèl oor 'n saak of konflik handel waarby 'n groot getal mense in 'n bepaalde streek betrokke is, is dit beter om vir die voorbereiding van die saak vertroude en bekwame mense uit ander ressorte op te roep; dus eksterne hulpverlening vanuit die breëre kerkverband[436].

Om prejudisering te voorkom, is dit onwys om iemand as appèldeputaat van meer as een meerdere vergadering te benoem[437].

#### 4.4.4.3 Toegang tot die burgerlike regter

***Beroep op die burgerlike regter***

*Ongeoorloofde beroep*

Die Remonstrante het beweer dat appèl vanaf 'n kerklike vergadering na die owerheid moontlik is. Met 'n beroep op Handelinge 25:11 in samehang met Romeine 13 het die kontra-Remonstrante Vedelius en Maccovius, hoogleraars te Franeker, dieselfde gedagte gehad[438]. Die kerkorde skep in geen opsig sodanige ruimte nie; inteendeel. Artikel 28 KO[439] in samehang met Artikel 36 NGB is onomwonde oor die onderskeie take van kerk en owerheid. Daarby onderstreep Artikel 30 NGB dat 'die ware kerk ooreenkomstig die geestelike

---

431 Te Velde, 2004d:3. Die eise wat die Skrif aan die regter stel moet in gedagte gehou word (vergelyk 2.6.3).
432 Van Bekkum, 1990:778. Van den Heuvel *red*. (2004:224) maak 'n tersaaklike opmerking: 'De Kerk dient hier ook de vruchten van de juridische wetenschap te plukken en de dienst van de door deze wetenschap gevormde leden der Kerk te aanvaarden'.
433 Haitsma, 2002a:2
434 Uit Sinode Acta blyk dat persone met kundigheid wat in die kerke benodig word – byvoorbeeld finansies, letterkunde, argiefbewaring – as deputate dien.
435 Te Velde, 2004d:3
436 Te Velde, 2004d:3
437 Van den Heuvel, 2001:436. In die prosedure van die PKN word iemand verbied om appèldeputaat vir die klassis én die partikuliere sinode te wees (sien hoofstuk 5.3.2).
438 Deddens, 1954d:175
439 Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 28 KO.

bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word'. Kerklike regspraak behoort by kerklike vergaderinge.

*Geoorloofde beroep?*

Daar kan 'n stadium aanbreek waar 'n appellant die hele kerklike weg bewandel het, maar daar na sy mening steeds geen regspraak gekom het nie – wat dan[440]? Is daar kerklik gesproke 'n pad na die burgerlike regter oop[441]?

Vanuit die kerke is daar volgens Slump[442] verskil van mening. Sommige sê: dit is geoorloof om jou in buitengewone omstandighede op die burgerlike regter te beroep, mits jy jou voor die gemeente daaroor kan verantwoord. Ander oordeel, veral op grond van Matteus 5:25-26 en 1 Korintiërs 6 dat dit goddeloos is om teen die kerke te prosedeer en jou op 'n burgerlike regter vir regspraak te beroep. 'n Christen moet dit ten alle koste nalaat.

Enersyds word soms vanuit die kerklike reg gestel dat die burgerlike regter onbevoeg is om 'n uitspraak oor 'n appèl wat uit 'n kerklike konflik ontstaan het, te doen[443]. Andersyds word soms vanuit eie kerklike geledere geoordeel dat kerklike vergaderinge onbevoeg is om reg te spreek[444], en die pad na die burgerlike regter die enigste alternatief met die oog op regspraak is.

Dit moet erken word dat sekere aspekte[445] van 'n kerklike konflik heel beslis op die terrein van die burgerlike reg lê, onder andere beskerming van iemand se goeie naam (dit kan in die hantering van tugsake ter sprake kom); skadevergoeding indien 'n predikant afgesit word en hy sy afsetting betwis; arbeidsregtelike aangeleenthede met betrekking tot ander personeel in diens van die kerk (byvoorbeeld die administratiewe beampte of skoonmaakpersoneel); en geskille oor eiendomme.

Om tot 'n slotsom oor hierdie saak te kom, is nie eenvoudig nie. Weens onmag en onwil van die kant van die kerke mag dit vir iemand onder bepaalde omstandighede, soos in die voorbeelde hierbo aangetoon, noodsaaklik wees om hom tot die burgerlike regter vir hulp te wend. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word wat die doel van kerklike appèl is:

---

440 Santing-Wubs (2002:93) konfronteer die kerklike reg met dié vraag.
441 Slump (1997:68) stel dieselfde vraag as Santing-Wubs.
442 Slump, 1997:68
443 Santing-Wubs, 2002:93
444 Vermeulen, 2000:86. Vermeulen (2000:88) waarsku dat kerke daarteen moet waak om nie onreg te laat seëvier nie, maar wat dit betref juis 'n positiewe getuienis in die wêreld moet wees. Kerklike reg mag nooit as 'knoeiwerk' in die wêreld gebrandmerk word nie.
445 Slump, 1997:68; Santing-Wubs, 2002:93

regsherstel. Die werklikheid is sodanig dat, indien ’n lidmaat ’n siviele of strafregtelike saak voor die burgerlike regter bring, die pad na herstel van reg en vrede in die gemeenskap van heiliges oneindig beswaar word. Daarmee word nie geoordeel dat daar hoegenaamd nooit op die burgerlike regter ’n beroep op regspraak gedoen mag word nie. Die motief moet egter baie ernstig in die lig van God se Woord[446] oorweeg word.

***Regspraak deur die burgerlike regter***

Die Grondwet[447] sowel as die Reëls van die Konstitusionele Hof[448] bevestig die direkte toegang tot regshulp in belang van geregtigheid, en die feit dat vir regshulp aansoek gedoen kan word.

Indien ’n saak teen ’n kerk of kerkverband gemaak word, huldig die Suid-Afrikaanse Geregshowe die opvatting dat die kerk soewerein op sy eie terrein is[449]. Burgerlike regters spreek hulle deurgaans nie oor kerklike onenigheid uit nie[450]. Burgerlike regters onderskei haarfyn tussen suiwer kerklike sake en sake wat nie kerklik van aard is nie, maar uit die kerklike konflik voortspruit en sodoende op die terrein van die burgerlike regspraak lê[451].

As die eiser uit hoofde van sy burgerlike reg ageer, is die burgerlike regter bevoeg om die saak in behandeling te neem. Die saak is dan gerig op die eis om skadevergoeding[452]. As dit blyk dat die kerklike strukture nie hulle eie reëls na behore toepas nie, en deur die appellant bewys word dat hy alles gedoen het om dit wel te laat geld, kan die burgerlike regter toetree[453]. Wanneer ’n geskil sowel kerkregtelike as sivielregtelike aspekte het, behoort die kerklike regsgang eers gevolg te word[454].

Na aanleiding van jurisprudensie in die Nederlandse reg het Slump die volgende bevind:

---

[446] Behalwe Matteus 5 en 1 Korintiërs 6 is Skrifdele soos 1 Korintiërs 9, 2 Korintiërs 11:16-33, 2 Timoteus 4:6-8 oor die bereidheid om ter wille van die evangelie alles op te offer, van wesenlike belang.

[447] RSA, Grondwet 1996, Artikel 34

[448] RSA, Reëls van die Konstitusionele Hof 1998, paragraaf 17

[449] Spoelstra (1989:189) verwys in hierdie verband na Theron *vs* Ring van Wellington van NGSK 1976(2) SA 1(A).

[450] Vermeulen, 2000:86; Santing-Wubs, 2002:93

[451] Slump (1997:68) verwys na lidmate wat geskille het oor beskerming van hulle goeie naam, arbeidsregtelike aangeleenthede in die kerke, asook geskille oor eiendomme. Vermeulen (2000:86) verwys na die soort publisiteit wat daar aan tug en/of ontslag gegee word. Naamskending kan dan ter sprake wees.

[452] Santing-Wubs, 2002:93

[453] Vermeulen, 2000:86; Santing-Wubs, 2002:95

[454] Santing-Wubs, 2002:103

- Die hof spreek hom nie uit oor vrae insake geloof en belydenis van die kerk nie, behalwe as daar sprake is van ŉ situasie van willekeur of kwade trou of skending van fundamentele regsreëls[455].
- Die interne reg van die kerk vorm die uitdruklike toetsingskader vir die burgerlike regter. Die eie-aard daarvan is van betekenis[456].
- Die regspraak heg betekenis aan die interne regsgang van die kerke, met name by die inhoudelike beoordeling van die geskil. ŉ Verpligting om die intern kerklike regsgang te volg alvorens na die burgerlike regter te gaan op straffe van nie-ontvanklikheid of onbevoegdheid kan nie uit regspraak afgelei word nie[457].
- Die onderskeid tussen interne en eksterne werking van kerklike besluite en kerklike handelinge is relevant vir die toetsing van die regter. Aan uitlatings tydens die openbare erediens, in gebede en afkondigings word ŉ besondere eksterne werking toegeken[458].

Samevattend kan gestel word dat die lidmaat as landsburger direkte toegang tot die burgerlike regter het in geval regshulp in belang van geregtigheid gesoek word. Die burgerlike regter sal met die hantering van ŉ lidmaat se klag in die eerste plek onderskei wat kerklik, en wat nie-kerklik van aard is. Oor die kerklike sal hy hom nie uitspreek nie. Oor die nie-kerklike sal hy – met inagneming van die gebruiklike regsreëls in die betrokke kerk – tot ŉ bevinding kom en uitspraak lewer[459].

Die moontlikheid dat lidmate hulle tot die burgerlike regter kan wend, noop die kerke tot sorgvuldige en verantwoordelike regspraak: nie in die eerste plek uit vrees vir die moontlikheid van ŉ burgerlike regsgeding nie, maar uit eerbied vir God en die behoud van die verongelykte binne die kring van die gemeenskap van die gelowiges.

### 4.4.5 Wesenlike aspekte met betrekking tot die behandeling van die appèl

ŉ Appèl is ŉ regsaak[460] waarin vir regspraak gevra en na regsherstel gesoek word. Omdat appèl ŉ regsaak is, moet dit as ŉ regsaak hanteer word. Wat fundamenteel vir alle regspraak geld, is eweneens vir die behandeling van kerklike appèlle geldig. In die lig hiervan word, met die fokuspunt van die studie in gedagte, aandag gegee aan:

- die ontvanklikheid van ŉ appèlskrif;
- die reëls van natuurlike geregtigheid;

---
[455] Roeleveld, 1958:9; Slump, 1997:72
[456] Slump, 1997:75
[457] Slump, 1997:77
[458] Slump, 1997:79
[459] RSA, Grondwet 1996, Artikels 172 en 173; in besonder Artikel 185
[460] Sien paragraaf 4.3.2

- die kerklike klimaat waarbinne en kerklike styl waarvolgens gehandel behoort te word;
- die vraag na die omvang van die appèlsaak, veral wanneer daar op 'n sinode geappelleer word;
- die proses van behandeling.

#### 4.4.5.1 Ontvanklikheid

Die eerste saak wat 'n kerklike vergadering moet uitmaak, is of die beroep wat op hulle gedoen word om reg te spreek, ontvanklik is. Beoordeling van ontvanklikheid is as sodanig reeds 'n regsdaad. Dit hou vir almal wat by die appèl betrokke is bepaalde implikasies in. Daarom moet dit met die grootste omsigtigheid en erns bejeën word[461].

##### 4.4.5.1.1 Bereidwilligheid tot regspraak

Omdat appèlle deurgaans deeglike studie, heelwat tyd en baie energie van 'n kerklike vergadering verg, kan die versoeking bestaan om die saak so spoedig as moontlik af te handel deur dit formeel onontvanklik te verklaar. Te Velde[462] verwys na dié sondige verleiding as 'n afskuif-refleks. Boersma[463] bestempel dit as 'n 'juridische truc'. Die effek daarvan is dat die reg van die enkeling verder gekrenk word, omdat die deur wat toegang tot regsherstel kan gee toegestoot word[464]; bes moontlik op 'n formeel-korrekte manier, maar nogtans.

Onder geen omstandighede mag daar aan die sonde van onbehulpsaamheid en onwilligheid om reg te spreek, toegegee word nie[465]. Daar moet inteendeel 'n hartlike bereidwilligheid wees om reg te spreek as daar vir regspraak gevra word. Dikwels is 'n appèl 'n sein dat iets verkeerd is[466]. Dan is gelowiges dit aan mekaar verskuldig om in liefde en met oorgawe op dié noodsein ag te slaan. Die vergadering wat 'n appèl moet hanteer, het 'n groot verantwoordelikheid. 'Zij moet er voor zorgen dat het conflict zich niet verdiept, maar dichter bij een oplossing komt'[467].

Teen hierdie agtergrond moet die nie-ontvanklik verklaring van appèlskrifte met terughoudendheid en met goeie opgawe van redes geskied[468]. Kerklike vergaderings moet

---

461 Harmannij, 1995:84
462 Te Velde, 1994c:595
463 Boersma, 2004:19
464 Harmannij, 1995:84
465 Daar word onder andere in Deuteronomium 1:17 en Lukas 18:4 teen die sonde van onwilligheid om reg te spreek verwys.
466 Te Velde, 1994c:595
467 Harmannij, 1995:84
468 Haitsma, 2004:9

oopstaan om te luister na iemand wat 'n beroep op hulle doen, ook al verg dit baie tyd en energie.

#### 4.4.5.1.2 Maatstaf vir ontvanklikheid

Ten einde konsekwent reg te laat geskied en die atmosfeer van regsekerheid te beskerm, is dit profytlik dat daar in die kerke 'n duidelike maatstaf vir die ontvanklikheid van appèlskrifte sal wees. So 'n maatstaf is nie bedoel om onnodig te wil reglementeer [469] of 'n dwingende vormvoorskrif te wees nie. Duidelike reëls kan as bakens dien waarvolgens die appellant sy appèlskrif opstel. Aan die hand van dieselfde reëls word die ontvanklikheid en inhoud van die appèl beoordeel.

***Formele sake***

Die appèlskrif moet, behalwe dat dit binne die voorgeskrewe tyd ingedien word[470], formeel gesproke aan twee basiese vereistes voldoen:

- Die besluit waarteen geappelleer word, moet letterlik aangehaal en in die appèlskrif weergegee word[471]. Dit word gedoen om te verseker dat die appèl teen 'n besluit gerig is en nie teen 'n veronderstelde besluit, voorlopige besluit[472] of subjektiewe vertolking van 'n besluit nie. Bowendien het dit tot gevolg dat die vergadering teen wie geappelleer word kennis neem van die feit dat daar geappelleer word en oor watter saak die appèl handel. Indien teen gebrek aan optrede deur of nalatigheid van die kerkraad geappelleer word, moet uit die notule van die kerkraad sover moontlik aangetoon word waarom daar geen besluit oor die saak in geding geneem is nie. Betwiste nalatigheid moet so goed as moontlik dokumentêr bewys word[473].
- Appèlgronde moet in die appellant se eie woorde weergegee word[474]. Daaruit moet blyk hoe en waar en waarom verongelyking plaasgevind het. Die bewyslas rus op die appellant en hy moet genoegsame gronde aanvoer om sy appèl te regverdig.

'n Appèl is formeel onontvanklik indien[475]:

- dit geen regsgronde bevat nie, maar blote stellings en/of interpretasies van die appellant verwoord;

[469] Sien paragraaf 4.4.3.1
[470] Sien paragraaf 4.4.3.4
[471] Spoelstra, 1966:199
[472] Van den Heuvel *red*, 2004:247
[473] Sien paragraaf 4.4.3.3
[474] Spoelstra, 1989:199
[475] Spoelstra, 1986:110

- die gronde wat aangevoer word geen verband hou met die besluit waarteen geappelleer word nie.

***Inhoudelike sake***

Gedagtig aan wat in voorafgaande paragrawe oor die appellant en sy appèlskrif gestel is[476], blyk dit dat ontvanklikheid van ’n appèl nie net formeel nie, maar ook materieel bepaal behoort te word. Die volgende kan as riglyn dien:

- Daar moet aangetoon kan word wat die appellant gedoen het om die konflik met die teenparty uit die weg te ruim[477]. Indien ’n kerkraadsbesluit die oorsaak van verongelyking is, is dit ‘a matter of course that prior to an appeal a request for revision may be made’[478].
- Die belang van die saak, die gewig wat dit dra en die effek daarvan moet sodanig wees dat dit ondersoek deur ’n meerdere vergadering en regspraak op grond van Skrif, belydenis en kerkorde regverdig[479].

’n Appèl kan formeel ontvanklik, maar materieel onontvanklik verklaar word indien:

- iemand appelleer bloot om agteraf in die gelyke gestel te word, sonder dat dit iets aan die saak gaan verander[480];
- iemand meen dat sy reg nie 100% eerbiedig is nie, maar die eer van God hoegenaamd nie op die spel is nie[481];
- die appellant op ’n liefdelose wyse persone in gedrang bring of vuil wasgoed was[482].

***Verlof tot appèl***

Die opmerking wat tevore oor verlof tot aansoek om appèl gemaak is[483], kom in hierdie konteks weereens ter sprake. Tot nou toe is dit in die GKSA die praktyk dat dit enigiemand vry staan om te eniger tyd te appelleer, mits die appèl aan sekere formele vereistes voldoen. Die meerdere vergadering moet (met die beperkte tyd tot sy beskikking) uitmaak of die appèl formeel aan bepaalde kriteria voldoen. Na ontvanklikverklaring moet die appèl in geheel behandel word, ongeag die gewig of inhoud van die saak.

[476] Sien in besonder paragraaf 4.4.1 oor die appellant se gronde van, motief vir en doel met appèl, asook paragraaf 4.4.3.2 oor die maatstaf vir appèl.
[477] Korevaar, 2000:109-111
[478] Van Rongen, 1995:59
[479] Van den Heuvel *red*, 2004:247; sien paragraaf 4.4.3.2
[480] Van den Heuvel, 2001:426
[481] Schilder, 1956:326
[482] Spoelstra, 1986:110
[483] Sien paragraaf 4.4.3.7

Dié situasie kan voorkom word indien 'n reëling ingestel word waarvolgens 'n voornemende appellant aan die vergadering teen wie se besluit hy appelleer (dit is: die kerkraad of appèldeputate van 'n mindere vergadering) eers moet kan aantoon dat sy appèl *prima facie* gewig dra. Omdat in kerklike regspraak die eer van God vooropstaan, is dit wesenlik dat die vergadering teen wie geappelleer word sáám met die appellant daarvan oortuig moet wees dat:

- die saak ter sprake gewigtig genoeg is om verder te hanteer[484];
- daar moontlikheid van 'n ander uitspraak in die saak kan wees[485];
- alles moontlik gedoen is om die verongelyking uit die weg te ruim;
- daar geen ander weg oorbly as om die hulp van die meerdere vergadering in te roep nie.

Laasgenoemde sluit by Artikel 30 KO aan, wat stel dat meerdere vergaderinge alleen sake moet behandel wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kán word nie.

***Hantering van maatstaf***

In die Gereformeerde kerkreg bestaan eenstemmigheid dat oor die ontvanklikheid van 'n appèlskrif nie koud, klinies en formalisties geoordeel moet word nie[486].

Indien die ses weke kennisgewingtyd weens aanvaarbare redes[487] nie nagekom kon word nie, moet 'n pleit op regsherstel nie om daardie rede onontvanklik verklaar word nie[488].

Indien die appèlskrif formeel nie 100% in orde is nie, moet daar vir die appellant geleentheid gegun word om die gebreke aan te vul[489]. As dit blyk dat die appellant nie by magte is om dit self te doen nie, kan die betrokke vergadering of appèlkommissie hom desnoods help om sy gedagtes duidelik te formuleer[490].

In elke afsonderlike geval pas dit die meerdere vergadering om die maatstaf vir ontvanklikheid oordeelkundig te hanteer.

---

[484] Sien paragraaf 4.4.3.2
[485] Suid-Afrikaanse wetgewing bepaal dat verlof tot appèl slegs toegestaan sal word indien verdere getuienis wat ingebring word redelikerwys tot 'n ander beslissing aanleiding kan gee (vergelyk 4.3.1).
[486] Spoelstra, 1989:199; Te Velde, 1994c:595; Harmannij, 1995:84; Visser, 1999:143; Boersma, 2004:19
[487] Visser (1999:143) waarsku dat laat kennisgewing van appèl nooit daarop gemik mag wees om die vergadering teen wie se besluit geappelleer word, daarvan te weerhou om hulleself voor te berei nie. Wanneer laat kennisgewing as verrassingstegniek ingespan word, kan dit met reg tot onontvanklikverklaring van die appèl lei.
[488] Harmannij, 1995:84
[489] Te Velde, 1994c:595; Harmannij, 1995:84
[490] Spoelstra, 1986:110; Spoelstra, 1989:199; Van den Heuvel, 2001:440; Boersma, 2004:19

#### 4.4.5.1.3 Besluit oor ontvanklikheid

Ontvanklikheidsverklaring is ʼn gewigtige besluit, waarin die meerdere vergadering uitspreek dat daar ʼn *prima facie* saak van moontlike verongelyking is[491]. Daar moet nou tot eer van God, tot heil van die kerke en tot behoud van die verongelykte(s) regspraak plaasvind. Omdat ontvanklikheidsverklaring so ʼn gewigtige besluit is, mag dit nie gereduseer en gedegradeer word tot ʼn *pro forma*-aksie as deel van ʼn proses wat sommerso in die verbygaan geneem word nie. Dit is ʼn besluit wat bewustelik en met volle besef van die implikasies wat daaruit voortspruit, geneem word.

Indien ʼn appèl weens grondige redes ónontvanklik verklaar word, het dit eweneens ingrypende implikasies. In so ʼn geval mag die meerdere vergadering nie net by ʼn kort en kragtige regsuitspraak volstaan nie. Die redes vir onontvanklikverklaring moet noukeurig genotuleer word. Die gemotiveerde beslissing moet aan die appellant oorgedra word. Waar nodig, kan die uitspraak insake onontvanklikheid aan die appellant verduidelik en toegelig word. Onontvanklikverklaring impliseer noodwendig dat die appellant ander weë moet soek om die konflik wat tot die appèl aanleiding gegee het, op te los. Met die oog daarop kan die vergadering, waarskynlik by monde van die appèlkommissie, die appellant van advies bedien. Sodoende word deure nie vir die appellant toegesluit nie, maar juis oopgesluit[492].

### 4.4.5.2 Grondtoon

Die *sui generis* van die kerklike reg blyk by uitstek as die grondtoon daarvan ter sprake kom. Met grondtoon word bedoel die *basis* waarop, die *atmosfeer* waarbinne en die *styl* waarvolgens kerklike regspraak plaasvind. In bepaalde opsigte stem die grondtoon met die burgerlike reg ooreen; in ander opsigte is dit vanweë sy eiesoortigheid geheel en al uniek. Dit moet as sodanig beskerm en uitgebou word[493].

---

491 Visser (1999:291) stel by die behandeling van Artikel 79 en 80 KO dat die regsprekende vergadering die verweer van die beskuldigde moet aanhoor, alvorens vasgestel kan word of daar wel ʼn *prima facie* saak is. Dit wil voorkom asof Visser nie duidelik en genoegsaam tussen ontvanklikheid vir en ondersoek van ʼn saak onderskei nie. Uitspraak insake *prima facie* rus op ʼn voorlopige ondersoek van die klag, sonder dat die beskuldigde daarby betrek word. Die vraag wat beantwoord moet word, is of die klag op die oog af genoegsame gewig dra – dit wil sê: ontvanklik is – om verder ondersoek te word.

492 Harmannij, 1995:84

493 Coertzen (1998:84) stel in hierdie verband dat dit nie alleen in die kerk *gehoor* moet word dat sy geregtigheid bely nie; dit moet in die kerk – en met name in kerklike regspraak – *gesien* en *beleef* word dat sy ʼn lewende getuie van die Christus, die Regverdige, is.

#### 4.4.5.2.1 Grondreëls vir kerklike regspraak

***Reëls van natuurlike geregtigheid***

Die *ius naturale* is ’n stel etiese norme wat grondliggend vir alle positiewe reg in die samelewing is [494]. Dit is deur die Grieke, en later deur die Romeine – met name Cicero – as die perfekte, ewigdurende reg beskou wat onveranderlik is en waarvan nie afgewyk mag word nie[495]. Gedurende die Middeleeue is die *ius naturale* gelykgestel aan die bevel van God, tot só ’n mate dat dit ongeveer met die *ius divinum* vereenselwig is[496].

In die *ius naturale* word drie beginsels algemeen vir regspraak aanvaar[497]: die regsprekende persoon moet vry van vooroordeel wees (*nemo iudex in propria causa*[498]); aan elke party moet billike geleentheid gegee word om sy saak te stel (*audi alteram et partem*); redes vir regsvinding en regspraak moet gegee word.

In verband met dié drie basiese beginsels is deur die loop van jare sekere billikheidsvoorskrifte aanvaar.

Met betrekking tot die *nemo iudex in causa sua*-beginsel word bevind dat werklike vooroordeel plaasvind wanneer die regsprekende liggaam[499]:

- hom voor sy beslissing sodanig uitgespreek of gedra het, dat hy reeds vooraf ’n bepaalde standpunt teenoor een van die partye ingeneem het;
- ’n belang[500] by die aangeleentheid het;
- tegelyk aanklaer of getuie in die betrokke saak is.

Met betrekking tot die *audi alteram et partem*-beginsel word aanvaar dat:

- daar ten alle tye toegang tot die regterlike instansie is[501];
- tydige vooraf kennisgewing aan alle belanghebbendes by die saak deurgegee word[502];
- volle geleentheid gegee word om die saak te stel[503];

---

494 Van den Berg, 1985:7
495 Van Warmelo, 1978:220
496 Van den Berg, 1985:7
497 Coertzen, 1998:73. Soms word net na twee beginsels verwys (Van den Berg, 1985:6; Smit, 1995:396), in welke geval die derde beginsel (verskaffing van redes vir regsvinding en regspraak) by die tweede beginsel (*audi alteram et partem)* inbegrepe is.
498 Alternatief hiervan is *nemo iudex in causa sua.*
499 Van den Berg, 1985:37-38
500 Byvoorbeeld geldelik of vermoënsregtelik.
501 Santing-Wubs, 2002:107
502 Van den Berg, 1985:15
503 Van den Berg, 1985:15

- die reg op hoor en wederhoor eerbiedig word[504];
- die reg op gelyke proseskanse (*equality of arms*) gehandhaaf word[505].

Met betrekking tot die *verskaffing van redes* vir regsvinding en regspraak:

- is dit onontbeerlik dat die regsprekende liggaam in sy regspraak duidelik uiteensit volgens watter maatstawwe daar geoordeel en reggespreek is[506];
- moet die regsprekende liggaam 'n deugdelike (gewigtige, gegronde) motivering vir sy regspraak gee[507];
- het alle betrokke partye reg tot volle insae in die wyse waarop tot regsvinding en 'n uiteindelike beslissing gekom word (openbaarheid van regspraak)[508];
- is betrokke partye geregtig op 'n redelike termyn waarbinne regspraak gegee word[509].

***Grondreëls vir kerklike regspraak***

Die uitgangspunt en voorveronderstelling by alle gereformeerd kerkregtelike studie moet wees dat die oorsprong van die reg in God setel[510]. Grondreëls vir kerklike regspraak moet uit die Skrif aangetoon kan word. Die reëls van natuurlike geregtigheid is gevolglik nie die vertrek-punt nie, maar die Woord van God is die basis waarop die grondreëls vir kerklike regspraak rus[511]. Daarmee word geensins onnodig spanning tussen die kerklike en burgerlike reg geskep nie[512]. Die orde word egter duidelik gestel: reëls van natuurlike geregtigheid is, in soverre dit met God se Woord ooreenkom, die minimum vereiste[513] waaraan kerklike regspraak behoort te voldoen.

Wanneer die Skrif oor grondreëls vir kerklike regspraak bestudeer word, word dit duidelik dat God baie vryheid in die aanpak en vormgewing van regspraak laat[514]. Enkele prinsipes en

---

504 Santing-Wubs, 2002:107
505 Santing-Wubs, 2002:107
506 Coertzen, 1998:74
507 Santing-Wubs, 2002:107
508 Santing-Wubs, 2002:107
509 Santing-Wubs, 2002:107
510 Smit, 1995:396
511 Douma (1990:27) stel in navolging van die reformatore dat nie die natuur (wat aan sonde onderwerp is) nie, maar God die Bron en Outeur van reg is. 'Wat in de wet van God te vinden is, vinden we vaak terug bij de heidenen, omdat zij het werk van de wet *door God* in hun harten geschreven kregen. Gods wet is het enige kleed dat de wereld werkelijk past' (Blok, 1990:772). Vergelyk ook Bouwman, 1970a:31.
512 Daar kan ten volle met Slump (2000:92) ingestem word as hy vanuit die burgerlike reg daarvoor pleit dat daar geen teenstelling tussen kerklike en wêreldlike prosesreg gesoek of geskep moet word nie. Slump stel dat die Skrif nêrens die wêreldlike regspraak as sodanig diskwalifiseer nie.
513 Die kerk is bedoel om 'n voorbeeldige regsgemeenskap in die wêreld te wees (Te Velde, 2004d:1), wat na die maksimum gehoorsaamheid aan God se wil moet streef.
514 Te Velde, 1994a:581.

vereistes wat wel duidelik onderskei kan word, kan soos volg weergegee word[515].

*Deeglike ondersoek*

- Die appellant moet oor sy klag van verongelyking aangehoor word[516].
- Alle inligting wat vir die behandeling van die geskil van belang is, moet vir beide partye beskikbaar en kenbaar wees[517].
- Waarheidsvinding vind deur middel van hoor en wederhoor plaas[518].
- Die eindresultaat van die ondersoek is dat die feite vas moet staan[519].

*Suiwer regsvinding*

- Die feite rakende die konflik en appèl moet aan die hand van regsreëls beredeneer en oorweeg word[520].
- Sodanige beredenering en oorweging moet tot 'n suiwer regsvinding lei[521].

*Eerbare regspraak*

In haar regspraak moet die kerk uitstaan as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes[522]. Die mikpunt van eerbare regspraak is versoening tussen diegene wat in konflik met mekaar geleef het[523]. Die ondersoek van die appèl en die bekendmaak van die uitspraak moet daarom sodanig plaasvind dat onnodige publisiteit voorkom word. Eerbare, liefdevolle regspraak moet tot bedekking van 'n menigte sondes lei[524].

*Spoedige regspraak*

Om reg te doen en aan die regsbesef te voldoen is dit nodig dat 'n saak so spoedig as moontlik afgehandel word[525]. Lang wagperiodes, byvoorbeeld vanaf 'n partikuliere na 'n nasionale sinode, en uitstel van regspraak straal onvermoë uit. Dit devalueer die kerklike regspraak en

---

515 Waar van toepassing, word na die ooreenkomste met die reëls van natuurlike geregtigheid verwys.
516 Deddens, 1953n:370; Roeleveld, 1972a:46
517 Deddens, 1956o:271; Boersma, 2004:16
518 Johannes 7:51; Matteus 27:11-14. 'Die mees basiese regsbeginsel' – Roeleveld, 1972a:46; Te Velde, 1994a:581; GG, 1999:16.
519 Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18; Te Velde, 1994a:581
520 Slump (2000:94) verwys daarna as die 'raadskamer'.
521 Slump, 2000:94
522 GG, 1999:18
523 Deddens, 1954g:199
524 1 Korintiërs 13:4-7; Jakobus 5:20
525 Lukas 18:8

‘brengt extra risico mee dat de partijen zich door een uitspraak niet laten overtuigen’[526]. Hoe langer daar met regspraak gewag word, hoe moeiliker word dit om herstel van reg en vrede te bereik.

*Onbevooroordeelde regspraak*

Die eis van die Here is onomwonde wat betref die belang van onbevooroordeelde regspraak[527]. Oortreding van sy eis tot onpartydigheid is vir Hom ’n gruwel[528], aangesien dit die reg verdraai en tot vermeerdering van bestaande onreg bydra. In die lig hiervan moet kerklike vergaderinge teen bevooroordeeldheid waak[529]. Diegene wat by die saak betrokke is of tevore daarby betrokke was, moet hulle van regspraak weerhou[530].

Bo en behalwe die eis tot objektiewe onpartydigheid, is daar ook van ’n eis tot subjektiewe onpartydigheid sprake[531]. Subjektiewe onpartydigheid het te doen met verlangse familieverbande, vriendskappe, of ’n vroeëre bemoeienis met die saak waaroor van buite (objektief) nie maklik geoordeel kan word nie[532]. Met betrekking tot subjektiewe betrokkenheid moet beklemtoon word dat die skyn van partydigheid voorkom moet word. Elkeen wat tot regspraak geroep word, moet self oordeel of hy nie reeds op een of ander wyse sodanig by die saak betrokke geraak het nie, dat dit hom verhinder om ’n objektiewe uitspraak te kan gee.

Spoelstra[533] merk in verband hiermee op: ‘Op voetspoor van wêreldlike prosedures het die idee ontstaan dat wanneer iemand in een kerkvergadering advies gegee het, hy by die appèlsaak ‘betrokke’ geraak het; daarom mag hy nie by ’n ander vergadering oor dieselfde saak advies gee nie. Dit sou ’n kwade dag wees wanneer ’n kerklike appèl beslis word op grond van *wie* dit sê en nie op *wat* hy sê nie’. Spoelstra se opmerking gaan inderwaarheid oor meer as ’n ‘wêreldlike prosedure’. Hy spreek hom nie alleen oor een van die minimum vereistes van die *ius naturale*[534] uit nie, maar ook oor die skriftuurlike eis tot onbevooroordeelde regspraak. Tereg waarsku hy dat daar in regspraak nie gelet moet word op *wie* iets sê nie, maar op *wat* gesê word. Dié waarskuwing moet egter nader omlyn word. Indien iemand reeds by ’n mindere regsprekende vergadering sy oordeel by wyse van advies oor ’n

[526] Te Velde, 2004d:3
[527] Deuteronomium 1:17; Spreuke 18:5
[528] Jesaja 5:20-21; Amos 5:7,15,24
[529] Smit, 1995:408
[530] Hier is die *nemo iudex in causa sua*-beginsel van toepassing. Niemand kan regter in sy eie saak wees nie.
[531] Slump (2000:99) noem in verband met subjektiewe onpartydigheid dat dit ‘tussen de oren zit’.
[532] GG, 1999:43
[533] Spoelstra, 1986:111
[534] Iemand is bevooroordeeld as hy hom voor sy beslissing sodanig uitgespreek of gedra het, dat hy reeds vooraf ’n bepaalde standpunt teenoor een van die partye ingeneem het.

saak uitgespreek het, is dit bekend *wat hy* gesê het. So 'n persoon kan nie by 'n meerdere vergadering opnuut sy oordeel by wyse van advies gee nie, aangesien: (a) dit *wat* hy gesê het – sy advies – reeds bekend is; en (b) *hy* alreeds sy oordeel by wyse van advies uitgespreek het, wat tot gevolg het dat *hy* by die verdere behandeling van die saak nie meer onbevoor-oordeeld is nie. Die situasie verander indien aangetoon kan word dat die advies wat gegee is, nie na regte gehanteer en/of verdiskonteer is nie. In so 'n geval sou dit moontlik wees om 'n adviseur by In mindere vergadering as getuie by 'n meerdere vergadering in te roep. In daardie geval gee hy geen advies meer nie, maar lewer hy getuienis oor die advies wat hy reeds gegee het.

#### 4.4.5.2.2 Kerklike klimaat en styl

Die atmosfeer waarbinne en die styl waarvolgens kerklike regspraak moet plaasvind, word in Artikel 30 NGB verwoord: Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die *geestelike bestuurswyse* wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Artikel 30 KO sluit by die belydenis aan: Kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake (onder andere kerklike appèlle) en dit *op kerklike wyse* behandel.

In verband met die geestelike en kerklike bestuurswyse word op bepaalde elemente gefokus wat die konkrete inhoud daarvan nader verklaar en omlyn.

***Geestelike, kerklike wyse***

Die geestelike bestuurswyse is eie aan die kerk. Dit onderskei die kerklike bestuurswyse *prinsipieel* van bestuurstyle en -metodes wat buite die kerk, byvoorbeeld deur burgerlike owerhede, gehandhaaf en toegepas word[535].

Die kerk se geestelike bestuurswyse moet in 'n *negatiewe* sin skerp onderskei en as teenpool gesien word van sondige optrede soos vooraf-koukus, partyvorming, manipulasie van prosedure, dreigemente, staking, omkoop, uitstap, dwang, diensweiering, stoomrollertaktiek, propaganda of kerkpolitiek om 'n eie standpunt of dié van In kliek te laat seëvier[536].

In die *positiewe* sin dui 'geestelik' op die Gees van Christus wat die bestuurswyse van die kerk bepaal. Die Gees laat lede van die liggaam wat in konflik leef, mekaar soek en vind[537]. Die

---

[535] Artikel 71 KO tref dieselfde onderskeid. Die swaardmag van die kerk is wesenlik anders as die swaardmag van die burgerlike owerheid (Romeine 13:4).
[536] Spoelstra, 1989:184
[537] 1 Korintiërs 6:1; 2 Timoteus 4:2

Gees bind die kerk aan die Woord[538]. Deur binding aan die Woord beskerm die Gees van Christus die kerk teen die twee uiterstes van wettisisme en subjektivisme[539]. Wettisisme mond uit in formalistiese toepassing van die letter van die kerkorde[540]. Subjektivisme daarenteen laat die deur vir menslike gevoelens en willekeur oop[541]. Ook al staan wettisisme en subjektivisme lynreg teenoor mekaar, is die eindresultaat van beide dieselfde: die reg en regspraak lei skade.

### *Liefde*

Die Gees van Christus gee aan die kerk die gawe van liefde[542]. Die gawe van liefde is tegelyk 'n opdrag: die kerk moet liefhê[543] en in die liefde bly[544]. Godgegewe liefde moet die klimaat en atmosfeer in die kerk bepaal; so ook die styl van kerklike optrede[545]. Die kerklike wyse van optrede behoort aan liefdesbetoon geken te word: in die eerste plek liefde vir God, van daaruit liefde vir die naaste[546]. Liefde is die bepalende faktor vir die hantering van regspraak[547].

Kenmerkend van die liefde is dat dit bly is saam met die waarheid[548]. In waarheidsoekende liefde word onreg by die naam genoem[549] en uit die weg geruim, ten einde die konflik tussen gelowiges te beëindig.

Liefde verbied kerklike vergaderinge om onder die dekmantel van vrede konflikte te systap of toe te smeer[550]. Laasgenoemde gebeur as op die betrokke partye 'n beroep gedoen word om, sonder om die onderliggende konflik op te los, mekaar 'in liefde' te aanvaar. Sodanige optrede getuig nie van liefde nie, maar van liefdeloosheid. Die proses van regsherstel word opgehou; in sommige gevalle onherstelbaar geskaad[551].

---

[538] Van Bruggen, 1980:150
[539] Polman, s.j.:7-9; Vonk, 1956a:152
[540] *Summum ius, summa iniuria* (die hoogste reg is die hoogste onreg). Hoe meer die reg aan die eis van rigiede, uitsluitende, eksklusiewe reëlings voldoen, hoe skerper en presieser bepaald en ongenaakbaar die regsreëls toegepas word, des te gouer kom regverdigheid in gedrang (Deddens, 1953o:378).
[541] Vonk, 1956a:152
[542] Psalm 133; 1 Korintiërs 12:31-13:13; Vonk, 1956:152
[543] Matteus 22:34-37; Johannes 15:12, 17; 1 Johannes 4:7-12
[544] Johannes 15:9
[545] Spoelstra, 1986:110
[546] Die grondtoon in Artikel 71 KO is liefde. Die kerklike tug, wat geestelik is, is noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.
[547] Die waarskuwing van 1 Korintiërs 13:1-3 is ter sake: sonder liefde is kerklike regspraak van nul en gener waarde.
[548] 1 Korintiërs 13:6
[549] 2 Samuel 12:7-10; Jakobus 5:16
[550] Korevaar, 2000:107; Roest, 2000:47
[551] Boersma, 2004:18

Regspraak wat in liefde geskied is geen steurende mag wat die kerk misvorm en bederf nie[552]. Goeie kerkreg en kerklike regspraak is altyd pastoraal-opbouend[553].

***Billikheid***

Billikheid is die beginsel waarvolgens die Messias regspreek[554]. Die Messias sal toesien dat elkeen, ongeag sosiale stand, status of afkoms, sal kry wat hom van Godsweë toekom[555]. In dié opsig het billikheid alles met God se geregtigheid te doen[556]. God toorn as billikheid om watter rede ook al by die regspraak ontbreek[557].

Met betrekking tot die beoordeling van kerklike appèlle hou billikheid rekening met die individualiteit van elke saak. Plek, tyd en omstandighede speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die appèl. Ook al kan daar tussen verskillende sake onderlinge raakpunte geïdentifiseer word, moet elke regsaak op eie meriete oorweeg word[558].

Teenoor billikheid staan 'n formalistiese en rigoristiese toepassing van die kerkorde, ongeag die besondere omstandighede[559]. Regspraak word onbillik as kerklike vergaderinge bloot die somtotaal van 'n aantal regsfeite gebruik om tot 'n uitspraak te kom[560], of as die reël van 'konsekwent'-wees klakkeloos toegepas word.

Billikheid vereis 'n soepel, milde gebruik van die kerkorde, waardeur die weg na die Skrif in elke bepaalde situasie geopen sal bly en nie deur 'n streng juridiese omlysting geblokkeer sal word nie[561].

***Wysheid***

Saam met billikheid word wysheid gevra[562]. Regters, met name kerklike vergaderinge wat oor appèlsake uitspraak moet doen, moet wandel in die vrees van die Here, en trou wees aan die

---

[552] Rutgers, 1894:37
[553] Deddens, 1954g:199; Te Velde (1994c:595) voeg daaraan toe dat daar in die kerke nie tussen 'n pastorale of 'n formele benadering van 'n konflik gekies moet word, asof reg en pastoraat teenoor mekaar staan nie. Kerkreg sowel as pastoraat dien tot heil van die kerk.
[554] Jesaja 11:4 – 'aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid (*misjoor, aedificatio*) oordeel'.
[555] Holladay, 1971:193
[556] Smit, 1987:26
[557] Psalm 58:2 – 'oordeel julle die mensekinders regverdig (*misjoor*)?
[558] Deddens, 1953o:378
[559] Smit, 1987:26
[560] Smit, 1984c:24
[561] Deddens, 1953o:378; Smit, 1984c:24
[562] Smit, 1987:24

waarheid van God. Die regsprekende vergadering moet vir die Here en sy Woord beef. Hulle moet van harte buig voor daardie Woord, asook voor die eis van die genormeerde reg ooreenkomstig die Woord[563].

Wysheid is 'n gawe van God, waarvoor vurig en onophoudelik gebid moet word[564]. Sodoende word kerkregtelike handelinge verhef bo menslike vindingrykheid, blote debatteerkuns en wetlike vaardighede[565].

***Lankmoedigheid***

God is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid[566]. Dit beteken nie dat God die kwaad ongesiens sy gang laat gaan of straffeloos verby laat gaan nie, maar wel dat Hy in die uitoefening van geregtigheid nie 'n haastige Wreker van die kwaad is nie[567]. Ooreenkomstig sy eie lankmoedigheid, roep God die kerk tot lankmoedigheid op, in besonder as sy reg moet spreek[568].

Lankmoedigheid moet die kerke daarvan weerhou om onnodig haastig in die regsondersoek en regspraak te wees, aangesien dit maklik tot ondeurdagte en onverantwoordbare oordele kan lei[569].

God se eis tot lankmoedigheid dien tegelyk as waarskuwing om nie by die hantering van die appèlle heersend, bevelend en dwingend te handel nie. 'De vuist mag niet op tafel dreunen. En dreigen is contrabande'[570]. By kerklike regspraak moet dit gaan oor oortuiging, oorreding, teregwysing en leiding[571].

***Gebed***

Die lewe van die gelowige moet in sy geheel deur onophoudelike gebed gedra word[572]. In konflikhantering, met name as 'n kerklike vergadering oor die konflik – wat by wyse van die appèl op die tafel gekom het – uitspraak moet gee, is gesamentlike aanbidding 'n belangrike

[563] Deddens, 1953o:378
[564] Jakobus 3:13-18 verbind die wysheid van bo met onpartydigheid en geregtigheid, waarvan die vrug regsherstel en vrede is.
[565] Smit, 1987:27; Spoelstra, 1989:191
[566] Eksodus 34:6; Psalm 103:8
[567] Jona 4:11; Romeine 2:4, 3:25; 1 Petrus 3:20
[568] Matteus 18:29, 33; 1 Tessalonisense 5:14-15
[569] Deddens, 1953p:386; Spoelstra, 1986:108
[570] Veenhof, 1956a:139
[571] Jakobus 3:17
[572] Lukas 18:1; 1 Tessalonisense 5:17

wapen[573]. Daarby is dit 'n effektiewe wapen, aangesien die vurige gebed van 'n regverdige groot krag het[574].

Daar moet vir die regte klimaat en gesindheid gebid word, vir verligting van die oë en wysheid, vir die nodige Skrifkennis en mensekennis, vir onpartydigheid en invoelvermoë, vir versigtigheid en lankmoedigheid[575]. Daar moet gevra word dat die Here die betrokke partye bereid sal maak om hulleself vir standpuntverandering oop te stel[576].

#### 4.4.5.3 Die saak op tafel

##### 4.4.5.3.1 Die saak op die klassistafel

Wanneer 'n lidmaat teen sy kerkraad by die klassis appelleer, is dit deurgaans op die oog af duidelik wat die saak is waaroor die klassis regspraak moet lewer. Die uitspraak van die kerkraad wat na die mening van die appellant tot sy verongelyking gelei het, is die *point d'intrêt* en gevolglik die *point d'action*[577]. By nader insien is dit egter nie altyd so eenvoudig om vas te stel wat verongelyking presies behels nie[578], veral nie as dit kom by die wyse waarop die klassis dit moet ondersoek nie.

Die kerkraadsbesluit waarteen die appellant appelleer, is dikwels die kulminasie van 'n konflik wat 'n lang aanloop het. Agter en onder die kerkraadsbesluit lê 'n proses van gebeure, gesprekke en besluite wat tevore oor dieselfde saak geneem is. Dit is nie altyd so eenvoudig om vas te stel waar die *oorsprong* en *kern* van die konflik lê nie. Die volgende vraag is derhalwe relevant: in hoeverre kan die skriftelike uitspraak van die kerkraad waarteen geappelleer word as somtotaal van die verongelyking waaroor die appellant kla, beskou word? Met dié vraag het die appellant te doen as hy sy appèlskrif opstel. Met dieselfde vraag word die klassis as regsprekende vergadering gekonfronteer.

Harmannij[579] meen in verband hiermee dat daar met die hantering van kerklike konflikte altyd op twee 'bodems' gelet moet word; die materiële en die formele. Die materiële is die konflik waaroor dit eintlik gaan. Die formele is die wyse waarop die konflik hanteer is. Harmannij[580]

---

[573] Korevaar, 2000:109
[574] Jakobus 5:16
[575] Te Velde, 1994a:582
[576] Korevaar, 2000:109
[577] Oldenhuis, 1977:30
[578] Hier word nie opnuut ingegaan op die *gravari* van Artikel 31 KO as sodanig nie. Dit is reeds in paragraaf 4.4.1.1 bespreek. Die vraag na die kernpunt, diepte en omvang van die verongelyking kom hier aan die orde.
[579] Harmannij, 1995:78, 84; vergelyk ook Spoelstra, 1989:109
[580] Harmannij, 1995:78

oordeel dat appèlskrifte – die inhoud sowel as die behandeling daarvan – dikwels op die formele fokus. Na sy mening is dit wesenlik dat die materiële (die konflik self) nie agterweë mag bly nie, aangesien die kern van die saak dan gemis word. Die teenoorgestelde is volgens hom ook waar: die klassis kan nie by die materiële uitkom sonder om die formele (die wyse waarop die konflik deur die kerkraad hanteer is) aan te spreek en uit te praat nie.

Anders as Harmannij, oordeel Monsma[581] dat daar slegs van een 'bodem' sprake is. Dit gaan in 'n appèl uitsluitlik oor dit wat genotuleer of offisieel besluit is. In die behandeling van 'n appèlskrif kan daar nie op al die omstandighede wat tot die neem van die kerkraadsbesluit gelei het, ingegaan word nie.

Soos Harmannij, onderskryf Boersma[582] die belang daarvan dat die klassis die oorspronklike geskil in die oog kry en hou. Appèlle kan 'n sneeubal-effek kry. Die gevaar is dat al die sekondêre (formele) sake die aandag kry, maar die eintlike punt in geding (materiële) agterweë bly.

Deddens[583] oordeel dat die skeiding tussen reg (formeel) en feit (materie) nie alleen uit beginsel verkeerd is nie, maar ook nie vir praktiese verwesenliking uitvoerbaar is nie. 'n Klassis kan die regsgrondslag en feitlike grondslag in 'n appèlskrif van mekaar ónderskei, maar nooit skei nie. In werklikheid is reg en feit so innig in mekaar geweef, dat die een nie van die ander afgesonder kan word nie. Waar daar wel gepoog word om vorm en materie van mekaar te skei, vind daar dikwels nuwe verontregting plaas. Dan word daar ure oor die formele sy van 'n saak gehandel, maar die materie bly agterweë. Dit dien volgens Deddens geen doel nie.

Deddens[584] oordeel verder dat, indien 'n klassis hom slegs met 'n appèl op papier (die appèlskrif) teen 'n besluit op papier (die kerkraadsbesluit) ophou, sonder om hom met die inhoud van die saak te bemoei, ernstige verdere verontregting kan plaasvind. 'n Sonde, wat nie noodwendig direk op papier sigbaar is nie, kan onaangetas voor die aangesig van God bly lê.

As slotsom word gestel dat die saak op die klassistafel tweeledig is[585]:

- 'n appèlskrif bevat gronde wat oor die materie van die konflik self gaan;
- 'n appèlskrif bevat gronde wat op die kerkraad se hantering van die konflik fokus.

[581] Monsma, 1967:128
[582] Boersma, 2004:15
[583] Deddens, 1954k:239
[584] Deddens, 1956j:218
[585] Sien paragraaf 4.4.3.3

Oor beide moet die klassis regspraak lewer. Indien dit uit die appèlskrif self nie duidelik blyk wat die verskillende gronde is nie, kan die appellant in die hoorsitting daarna gevra word.

#### 4.4.5.3.2 Die saak op die sinodetafel

Indien die klassis 'n uitspraak oor die appèl gegee het, staan dit die appellant of kerkraad vry om hom, in ooreenstemming met die reël van Artikel 31 KO, op die partikuliere sinode te beroep.

'n Appèl wat voor die partikuliere sinode dien, is uiteraard meer omvangryk as die appèl wat voor die klassis gedien het.

As die appellant meen dat die klassis hom verongelyk het, kan hy sy oorspronklike appèl nie onveranderd by die partikuliere sinode indien nie[586]. Daar het, wat die appellant betref, deurgaans vermeerdering van verongelyking plaasgevind[587] deurdat die klassis na sy mening nie (volkome) reggespreek het nie. Daardie verongelyking moet, bo en behalwe die oorspronklike klag van verongelyking deur die kerkraad, in die appèlskrif aan die partikuliere sinode gestel en bewys word[588].

As die kerkraad meen dat die klassis-uitspraak húlle verongelyk het, en hulle besluit om daaroor na die partikuliere sinode te appelleer, rus die onus op die kerkraad om die vermeende verongelyking te stel en te bewys. Nog steeds bly die oorspronklike geskil tussen die appellant en die kerkraad die primêre saak op tafel[589], en moet dit in die appèlskrif van die kerkraad verwerk word.

As daar, óf deur die appellant óf deur die kerkraad, teen die regspraak van 'n partikuliere sinode na 'n nasionale sinode geappelleer word, geld dieselfde as wat in die voorafgaande paragrawe gestel is. Die konflik tussen die appellant en die kerkraad is die primêre saak; alles wat daaruit voortspruit is sekondêr[590].

---

[586] Van Oene, 1990:150

[587] In sommige gevalle is daar *vermindering* van verongelyking, indien die mindere vergadering byvoorbeeld 'n deel van die konflik aangespreek het, en daar slegs oor 'n ander onderdeel van die oorspronklike geskil vir verdere regspraak gevra word.

[588] Sien paragraaf 4.4.3.3

[589] Die klassis word geen party in die saak nie, ook al het hy sy uitspraak oor die saak gegee (sien paragraaf 4.4.2.1).

[590] In 'n sekondêre geskil word die uitspraak van die mindere vergadering, tesame met die primêre geskil tussen die appellant en die respondent, voorwerp van 'n nuwe ondersoek.

Dit is ʼn werklikheid dat, by die voortgang van die appèl, die stukke ʻonrusbarend vermeerderʼ[591] en die saak deurgaans in kompleksiteit toegeneem het. Appèl by ʼn nasionale sinode is sodanig dat die aanvanklike saak uitgebrei het na die rapporte en besluite van die klassis en die partikuliere sinode.

Daar is ʼn mening dat ʼn sinode (partikulier sowel as nasionaal) slegs moet uitspreek of die mindere vergadering wat oor die appèl geoordeel het en teen wie se oordeel geappelleer word, reg opgetree het[592]. Indien bevind word dat die mindere vergadering nie reg geoordeel het nie, word die oorspronklike appèl na daardie vergadering terugverwys om opnuut in behandeling geneem te word. Die sinode neem dus glad nie die konflik, wat oorspronklik tot die appèl aanleiding gegee het, ter tafel nie en spreek hom ook nie daaroor uit nie. Dié mening het meestal ʼn historiese belasting[593]. Daarteenoor word gestel dat, indien meerdere vergaderinge op só ʼn wyse regspreek, ʻdie hart uit die kerkregering uitgesny wordʼ[594].

Elke kerklike vergadering wat met ʼn appèlsaak te doen kry, het ooreenkomstig Artikel 30 KO[595] die plig om op die héle saak (formeel sowel as materieel) in te gaan en daaroor uitspraak te lewer. Die bedoeling van Artikel 31 KO is dat sinodes, met inagneming van uitsprake van mindere vergaderinge, oor die primêre geskil – die konflik tussen die appellant en die kerkraad – reg sal spreek. Die mikpunt is om die primêre geskil op te los, sodat daar herstel van vrede kan wees.

Indien ʼn sinode slegs die uitspraak van die mindere vergadering oor die betrokke saak beoordeel en die inhoud van die appèl eventueel na daardie vergadering terugverwys, getuig dit van hiërargiese denke – asof ʼn meerdere vergadering ʻhoërʼ as ʼn mindere vergadering is en die mindere vergadering se opdrag aan hom kan voorskryf. Bowendien word die proses van regspraak op ʼn formalistiese wyse onnodig uitgerek. Dit is strydig met die wil van die Here, wat beveel dat daar met haas moet reg geskied[596].

---

[591] Deddens, 1954f:190
[592] Van Oene, 1990:151
[593] Rondom die vrymaking in die GKN (1944) was daar ʼn vrees dat meerdere vergaderinge onregmatig sou ingryp in die doen en late van plaaslike kerke (vergelyk Visee, 1956:143).
[594] Deddens, 1956g:211
[595] ʻOp meerdere vergaderinge moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kan word nieʼ. Die geskil waarop die appèl betrekking het, kón – wat die appellant betref – nie in die mindere vergadering afgehandel word nie. Dit hoort dus regtens op die tafel van die meerdere vergadering.
[596] Sien paragraaf 4.4.5.2.1 oor spoedige regspraak as een van die grondreëls vir kerklike regspraak.

#### 4.4.5.4 Proses van behandeling

Die proses waarvolgens 'n appèl behandel word, geskied op die basis van die grondreëls vir kerklike regspraak[597]. Twee hoofmomente kan in die behandelingsproses onderskei word: die regs-ondersoek en regsvinding. Die ondersoek en regsvinding lei uiteindelik tot 'n regsuitspraak, wat in paragraaf 4.4.6 beskryf word.

##### 4.4.5.4.1 Regsondersoek

***Geheelbeeld***

Om 'n duidelike beeld van die appellant se klag te verkry, is dit profytlik en noodsaaklik dat die appèlkommissie wat die vergadering oor regspraak moet adviseer eers 'n deeglike ondersoek na die appèlskrif self doen. Die klag van die appellant, in soverre dit in die appèlskrif verwoord is, moet in diepte verken[598] word. Nadat die eerste verkenning en oriëntasie afgehandel en 'n geheelbeeld verkry is, kan met die ondersoek voortgegaan word.

***Hoor en wederhoor***

Die ondersoek van die appèl begin by die aanhoor van die appellant[599]. Iemand wat kla dat hy verongelyk is, moet die volste geleentheid kry om sy klag te stel en daaroor aangehoor te word[600]. Die aanhoor van die appellant moet nie tot bestudering van sy appèlskrif beperk word nie. Per slot van sake moet daar nie oor 'n appèl op lewelose papier nie, maar oor 'n lewende appellant wat van verongelyking kla, regspraak gelewer word[601].

Alle inligting wat vir die behandeling van die geskil van belang is, ook inligting wat deur die wederparty beskikbaar gestel word, moet vir beide partye sowel as vir die regsprekende vergadering beskikbaar en kenbaar wees; dit is 'n basis eis vir regspraak[602].

---

[597] Die grondreëls is in paragraaf 4.4.5.2.1 beskryf.
[598] Te Velde, 2004a:1
[599] Deddens, 1953n:370; Roeleveld, 1972a:46
[600] Die Skrif maak meermale daarvan melding, onder andere in Eksodus 18:13-16; Deuteronomium 1:16, 21:20, 25:1; 1 Konings 3:16-27; Spreuke 18:17; Matteus 26:62, 27:11-14; Handelinge 26:1.
[601] Deddens (1954j:223) beskou dit in 'n ernstige lig dat die behandeling van 'n appèlsaak nie in 'n prosedurele en formalistiese papierstryd ontaard nie: 'Dit niet-horen is (men vergunne ons de woordspeling) vrijwel ongehoord'. Boersma (2004:16) voeg daaraan toe: 'Een papieren werkelijkheid mist nuance'.
[602] Deddens, 1953y:83; Deddens, 1956o:271; Boersma, 2004:16

Die 'mees basiese regsbeginsel van hoor en wederhoor'[603] word in ooreenstemming met die negende gebod[604] toegepas. Waarheidsvinding vind plaas deur alle betrokkenes voor die aangesig van God te stel[605]. Met 'n beroep op die gewete word sekerheid oor die nodige feite gekry.

Hoor en wederhoor is 'n belangrike onderdeel van die ondersoek. Dit bied die moontlikheid om die atmosfeer waarin die geskil ontstaan en ontwikkel het aan te voel, uit te styg bo verharde menings, sake te relativeer, moontlike misverstande weg te neem of selfs 'n skikking te bereik[606].

Soms is die hoor- en wederhoor aksie konfronterend. Partye moet mooi nadink oor wat hulle sê terwyl die wederparty teenwoordig is. Dit is maklik om op papier verongelyk te voel en dit in kras woorde te skryf, maar dit word anders as mense mekaar in die oë kyk en mekaar daaroor aanspreek[607].

Dit is onontbeerlik en van wesenlike belang dat partye gelyklik aangehoor word en geleentheid gegee word om sake in mekaar se teenwoordigheid te verduidelik[608]. Dit impliseer dat, indien nodig, daar van kruisverhoor gebruik gemaak kan word. Geleentheid word gegee dat partye mekaar oor en weer ondervra. Die appèlkommissie of -deputate kry eweneens geleentheid om aan die kruisverhoor deel te neem ten einde by 'n waarheidsvinding uit te kom.

Ter wille van goeie en ordelike regsgang kan hoor en wederhoor goedskiks in twee fases plaasvind: eerstens aanhoor van die appellant en die wederparty; vervolgens reaksie en teen-reaksie[609]. Gedurende die eerste fase word die saak van beide kante gestel[610]. Gedurende die tweede fase kry beide partye geleentheid om op mekaar se stellings te reageer[611].

Enige party in die geding moet te eniger tyd van 'n deskundige, byvoorbeeld 'n kerkregtelike, se hulp gebruik kan maak om duidelik te sê wat hy wil sê. Indien deskundigheid en advies van

---

603 Johannes 7:51; Matteus 27:11-14. Roeleveld, 1972a:46; Te Velde, 1994a:581; GG, 1999:16
604 Sondag 43 HK
605 GG, 1999:17
606 Boersma, 2004:16
607 Slump, 2000:94
608 Spoelstra (1989:200) beskou die aanhoor in mekaar se teenwoordigheid as die beproefde metode waarop halwe of skewe waarhede en valse aantygings uitgeskakel kan word. Onreg word op kerkvergaderings gepleeg wanneer 'getuies' agter die rug van die appellant of toeligters aangehoor en die appèlkommissie moontlik geprejudiseer word.
609 GG, 1999:39
610 Deddens, 1953y:83
611 Die tweede fase sluit eventuele kruisverhoor in.

iemand ontneem word, sou tereg gesê kon word dat iemand nie die volle geleentheid gehad het om sy saak te verdedig of te opper nie[612].

***Getuies***

Aanhoor van getuies mag in sommige appèlsake noodsaaklik wees[613]. Dit is onontbeerlik dat getuienis wat gelewer word noukeurig genotuleer en deur die getuie(s) geverifieer word. Bandopnames van getuienis kan as 'n waardevolle rugsteun met die oog op enige verdere regsgedinge gemaak en bewaar word.

***Vasstelling van feite***

Die meerdere vergadering – by monde van sy appèlkommissie of -deputate – moet as regter die feite vasstel. Beide partye moet oor die feite op tafel ooreenstem. Die partye kan oor die feite met mekaar praat, dit volledigheidshalwe aanvul, en nagaan dat dit korrek is[614]. Die eindresultaat van die regsondersoek is dat die feite vir almal vasstaan[615].

#### 4.4.5.4.2 Regsvinding

Nadat die regsprekende vergadering sekerheid oor die feite verkry het, moet die punt van konflik en die appèl wat daaruit voortgespruit het, oorweeg word[616].

Twee fases kan in die proses van regsvinding onderskei word: analise en sintese (bevinding).

***Analise***

Suiwer regspraak rus op 'n deeglike analise van die saak waaroor reggespreek moet word. Deur die saak te analiseer word bepaal[617]:

- wat die *regsfeite* is (a);
- watter *regsvrae* vir die beoordeling van die appèl ter sprake is (b);
- watter *regsbronne* op die saak betrekking het (c);

---

612 GG, 1999:40
613 GKSA Acta, 1997:545-546, artikel 21.7
614 Slump, 2000:94
615 Deuteronomium 13:14, 17:4, 19:18; Te Velde, 1994:581
616 Slump (2000:94) verwys daarna as die 'raadskamer'.
617 Te Velde (2004a:1) het 'n 'Stappenplan voor behandeling van een kerkrechtelijke casus' opgestel, waarin hy besondere klem op analisering van 'n regsaak plaas. Die *Stappenplan* is as Bylae 3 ingevoeg.

- watter *regsnorme* vir die beoordeling van die appèl ter sprake is (d);
- wat die *regsgronde* is (e).

Ten opsigte van elkeen van bogenoemde punte word enkele opmerkings gemaak:

(a) Analisering van die *regsfeite* moet die appèlkommissie by die kern van die konflik bring[618]. Om tot die kern van die konflik deur te dring, moet die materiële sowel as formele gronde van die appèl nagegaan word. Mondelinge toeligting van die appellant en die kerkraad kan eweneens verreken word. Die konflik moet in duidelike en skerp juridiese terme uitgespel word: nie om (verdere) skeure en verwydering te veroorsaak nie, wel om met die oog op die heling van skeure die konflik helder te omlyn[619].

(b) Die kommissie moet duidelikheid hê oor die spesifieke *regsvrae* wat in die betrokke appèl relevant is, onder andere vrae betreffende die korrekte christelik-etiese handelswyse in die betrokke saak. Roeleveld[620] en Oldenhuis[621] merk op dat daar voortdurend tussen geloofsvrae en regsvrae onderskei moet word. Soms is dit moeilik. Geloofsvrae kan tegelyk regsvrae wees of tot regsvrae ontwikkel[622]. Sulke vrae moet deur die burgerlike regter beoordeel kan word.

(c) In sy analise van die saak moet die kommissie bepaal watter *regsbronne* as verwysingsraamwerk gebruik word. Behalwe die primêre bronne[623], moet bepaal word watter goedgekeurde prosedures en reëlings, sinodebesluite en uitvoeringsbepalings as sekondêre, diverse bronne kan dien. Jurisprudensie[624] behoort ook nagegaan te word. Te Velde[625] onderskei in hierdie verband tussen heteronome en outonome regspraak.

(d) Soos wat daar duidelikheid oor die regsvrae moet wees, moet daar duidelikheid oor die *regsnorme* – dit is die reëls waaraan die appèl gemeet word – wees. Dit is van belang dat álle tersaaklike norme geïdentifiseer word en ook vasgestel word hoe die norme in die besondere saak konkreet toegepas word.

(e) Die analisering van *appèlgronde* is met die oog op suiwer regsvinding onontbeerlik. 'n Onderskeid kan tussen wesenlike en nie-wesenlike regsgronde gemaak word.

---

618 Van den Heuvel, 2001:443

619 Den Breejen en Van der Ploeg, 2000:57

620 Roeleveld, 1958:6-15

621 Oldenhuis, 1977:64

622 Sekere kerklike regsvrae wat hand aan hand met geloofsvrae loop, het eweneens 'n siviel-regtelike of selfs strafregtelike implikasie. Oldenhuis (1977:64) verwys na die vrae wat rondom 'n kerkskeuring ontstaan. Wie is die 'voortgesette kerk' na 'n kerkskeuring? Wie het reg waarop? Dit is ten diepste geloofsvrae, maar tegelyk kerklike regsvrae én vrae met 'n siviel-regtelike implikasie.

623 Skrif, belydenis en kerkorde is primêre bronne wat as verwysingsraamwerk dien.

624 Deur die nagaan van jurisprudensie kan vasgestel word hoe daar in soortgelyke sake gehandel is.

625 As 'n regter in 'n bepaalde saak bestaande, duidelike regsreëls kan toepas, staan dit bekend as heteronome regspraak. Met outonome regspraak moet die regter – by gebrek aan direk toepaslike regsreëls - op die basis van wetgewing sélf 'n argumentasie ontwikkel en opbou, waarin hy betoog en beslis wat in die voorgelegde geval en in soortgelyke gevalle reg is (Te Velde, 2004a:1).

Wesenlike gronde raak die kern van die konflik, terwyl nie-wesenlike gronde op ondergeskikte bysake – dikwels formeel of regstegnies van aard – betrekking het[626].

Appèlsake verskil in omvang, inhoud en grade van ingewikkeldheid. Die appèlkommissie moet eerlik bepaal of hy met die saak wat voor hom dien in staat is om self 'n analise en 'n oplossing te vind, of dat eksterne advies ingewin moet word[627].

***Bevinding***

Deeglike analise van die saak behoort die appèlkommissie in staat te stel om tot 'n helder sintese, 'n bevinding[628] te kom. In die bevinding kom na vore:

- hoe die klag van die appellant ooreenkomstig die regsnorm getoets word (a);
- wat die resultaat van die toets is (b);
- wat die effek van die resultaat op die appellant en op die kerkraad is (c).

Enkele opmerkings word ter toeligting gemaak:

(a) Die kommissie moet presies uiteensit op watter wyse hulle die appèl in sy geheel en elke appèlgrond afsonderlik aan die regsnorme gemeet het. 'Door argumentatie uit en naar het Woord'[629] moet reg en onreg aangewys word.

(b) Die resultaat van die toets kan kortliks verwoord word: 'n appèlgrond slaag of slaag nie. Saam met die resultaat word 'n rede verskaf. Sodoende word elke appèlgrond afsonderlik met verskaffing van redes goed- of afgekeur.

(c) Die effek van die resultaat verdien deurgaans meer aandag. Dit kan gebeur dat 'n appèlskrif tien gronde aanvoer, waarvan agt nie-wesenlik is, terwyl die ander twee gronde die kern van die onreg aanspreek. Indien bevind word dat die agt nie-wesenlike gronde slaag, maar die twee wesenlike gronde nie slaag nie, moet bevind word dat die appèl geen verongelyking bewys nie[630]. So 'n appèl slaag nie[631]. Die teenoorgestelde kan ook gebeur. Die agt nie-wesenlike gronde slaag nie, maar die twee (of een van die twee) wesenlike gronde slaag wel. Dan moet bevind word dat daar inderdaad veronge-lyking plaasgevind het.

---

[626] Smit, 1984c:24

[627] Dit mag nodig wees dat die appèlkommissie of -deputate met deskundiges oorleg pleeg om te verseker dat tot 'n suiwer analise en bevinding gekom word. Sulke deskundiges moet opreg wees in hulle optrede, en nie as wig gebruik word om iemand se eise deur te dryf nie (GG, 1999:19, 75).

[628] Slump, 2000:94

[629] Roeleveld, 1972a:49

[630] Smit, 1984c:24

[631] Spoelstra, 1989:200

Regsvinding rus nie op die somtotaal van geslaagde en nie-geslaagde appèlgronde nie. Dit is daarom onmoontlik dat 'n appèl gedeeltelik slaag of gedeeltelik nie slaag nie[632]. Regsvinding dring deur tot die wese van die appèl, en bepaal of daar met reg van verongelyking gekla word al dan nie[633].

Dit is van belang om, indien bevind word dat 'n appèl nie slaag nie (dit wil sê: verongelyking nie bewys word nie), wel die implikasies van die enkele *geslaagde* appèlgronde (al is dié gronde nie genoegsaam gewigtig om die verongelyking te bewys nie) aan te dui. Sodoende kan aktief en positief gehelp word om die konflik tussen appellant en respondent te help oplos.

#### 4.4.5.4.3 Proses-verbaal

Die hele behandelingsproses word op skrif gestel en in die vorm van 'n rapport (proses-verbaal) weergegee[634]. Die rapport word sodanig saamgestel dat die vergadering wat moet regspreek, duidelik kan onderskei waarop sake neerkom. Spoelstra[635] waarsku teen ingewikkelde argumentasies, moeilike sinsbou en vermenging van feite wat veroorsaak dat rapporte meer verwarring as verheldering vir die regsprekende vergadering bied.

### 4.4.6 Wesenlike aspekte met betrekking tot die uitspraak oor appèl

#### 4.4.6.1 Verantwoorde uitspraak

Die vergadering wat moet regspreek, moet deur die advies van sy appèlkommissie of -deputate sodanig gelei word dat elke lid tot 'n verantwoorde beslissing oor die saak kan kom. Die lede van die vergadering doen nie die werk van die appèlkommissie of -deputate oor nie. Indien vertroude en deskundige persone aangewys is om die saak voor te berei, en daardie persone hulle werk deeglik gedoen het, behoort die vergadering hom tot die hoofsake – soos wat dit in die rapport van die kommissie na vore kom – te beperk[636].

Die reël is dat oor sake op die agenda met meerderheid van stemme[637] tot 'n besluit gekom word[638]. In geval van regspraak is dit egter verkieslik dat daar nie slegs 'n méérderheid van

---

[632] Dié terminologie word soms gebruik, onder andere deur Spoelstra (1989:201).
[633] Smit, 1984c:24
[634] GG, 1999:40, 70; Boersma, 2004:16
[635] Spoelstra, 1986:111
[636] Te Velde, 2004d:4
[637] 'Met meerderheid van stemme' word deurgaans as die helfte plus een beskou (Visser, 1999:24).
[638] Artikel 31a KO

stemme sal wees nie, maar éénstemmigheid[639]. Indien die vergadering vanweë onsekerheid oor regsvinding nie 'n eenparige uitspraak kan lewer nie, is dit raadsaam om die saak opnuut na die appèlkommissie te verwys sodat daar verder besin en klarigheid oor die verskilpunte bereik kan word[640]. As dit blyk dat daar volkome regsekerheid is, maar daar – om watter rede ook al – nogtans geen eenparige besluit geneem kan word nie, behoort diegene wat van die meerderheidstem verskil, by wyse van konformering by die uitspraak te berus[641].

Die uitspraak oor die saak moet daarvan getuig dat die regsprekende vergadering betroubaar en eerlik in sy optrede is[642], sonder aansiens des persoons oordeel[643], besondere aandag vir swakkes en verdruktes het – sonder om hulle voor te trek of hulle reg te verbuig[644], konsekwent optree[645], geen regsonsekerheid het of hom aan regsongelykheid skuldig maak nie[646] en aan geregverdigde verwagtinge voldoen[647].

In sy regspraak moet die kerklike vergadering uitstaan as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes[648]. Die ondersoek van die appèl en die bekendmaak van die uitspraak moet daarom sodanig plaasvind dat onnodige publisiteit voorkom word. Die mikpunt van eerlike regspraak is uiteindelik versoening tussen diegene wat in konflik met mekaar geleef het[649]. Eerlike, liefdevolle regspraak moet tot bedekking van 'n menigte sondes lei[650].

'n Regsprekende vergadering moet ten volle verantwoording oor sy regspraak kan doen[651].

---

639 Spoelstra (1986:106) beveel aan dat appèlsake met 'n twee-derde meerderheid beslis moet word. Wanneer dit nie bereik kan word nie, mag dit volgens hom wenslik wees om die saak na 'n *synodus contracta* te verwys wat die taak het om die betrokke appèlsaak na behore uit te trap. Die kerkorde laat hom nie hieroor uit nie.

640 Te Velde, 2004d:4

641 So was dit die gewoonte in die kerke van die reformasie (Deddens, 1946:11, 26). Vergelyk ook Visser, 1999:136.

642 Sagaria 7:9

643 Te Velde, 1994a:581

644 Eksodus 23:3 en 6

645 Spreuke 20:10

646 Te Velde, 1994a:581

647 Smit, 1995:399-405

648 GG, 1999:18

649 Deddens, 1954g:199

650 1 Korintiërs 13:4-7; Jakobus 5:20

651 Te Velde (2004d:1) beklemtoon in hierdie verband dat sake wat *in camera* hanteer word, soos tugsake, nie daardeur in die openbaar gebring moet word nie. Daar moet wel teenoor enigiemand wat op 'n billike wyse rekenskap eis met vrymoedigheid en openheid verduidelik kan word volgens watter maatstaf en op watter gronde regspraak plaasgevind het.

Dit is verkieslik[652] dat die appellant en die kerkraad teen wie hy appelleer persoonlik teenwoordig is as die regsbevinding en uitspraak van die kerklike vergadering bekend gemaak word.

Die meerdere vergadering moet albei partye skriftelik van sy uitspraak in kennis stel[653].

### 4.4.6.2 Kerklike uitspraak

Ooreenkomstig die kerklike klimaat en styl waarvolgens die regsprekende vergadering optree, kan (en moet) verwag word dat daar tot ’n kerklike uitspraak gekom word. Die ‘kerklike’ van ’n kerklike uitspraak blyk uit die inhoud en omvang daarvan.

#### 4.4.6.2.1 Slotbevinding

Die uitspraak oor die appèl behoort logies uit die vergadering se regsbevinding voort te vloei. Die regsbevinding lei tot een van twee moontlikhede: die appèl slaag of slaag nie. By wyse van uitspraak moet die vergadering, met verskaffing van redes[654] en toeligting waar nodig[655], duidelik stel wat die geval is.

#### 4.4.6.2.2 Pastorale regspraak

Die uitspraak is nie tot die stel van die slotbevinding beperk nie[656]. Indien dít die geval sou wees, het die kerklike regspraak ‘haar styl ingeruil vir wêreldlike regspraak’[657]. Ooreenkomstig die styl van die Skrif, wat kenmerkend moet wees van die geestelike, kerklike bestuurstyl[658], moet die kerklike vergadering die appellant sowel as hulle teen wie geappelleer word, in die gebaande weë van die Here lei[659]. Dit is egter gepas dat ’n kerklike vergadering in voorkomende gevalle die betrokkenes vermanend of versoenend sal oproep om God se orde in sy kerk te herstel[660].

---

[652] Daar kan selfs ’n saak voor uitgemaak word dat aanwesigheid van die appellant as noodsaaklik beskou word. Die uitspraak oor die appèl is ’n belangrike tree op die pad van regsherstel.
[653] Spoelstra, 1966:204
[654] Smit, 1995:399-405
[655] Vergelyk die laaste opmerkings onder paragraaf 4.4.5.4.2.
[656] Spoelstra, 1986:112
[657] Deddens, 1954f:191
[658] Sien paragraaf 4.4.5.2.2
[659] Volgens Deuteronomium 17:11 word die regte weg nie alleen by wyse van regspraak aangewys nie, maar word die dwalende ook in die reg voor die HERE gelei.
[660] Spoelstra, 1986:112

Pastorale regspraak doen geensins afbreuk aan die karakter van die beslissing waartoe gekom is nie. Die beslissing van die regsprekende vergadering is 'n vas en bindende uitspraak in 'n regsaak, wat as sodanig beskou en nagekom moet word. Fundamenteel vir kerklike regspraak is egter die broederlike karakter daarvan[661]. Kerklike regspraak fokus op gelowige mense wat in verbondsgemeenskap met God en mekaar leef. In die aanpak van die hele regsaak, maar veral uit die uitspraak en die wyse waarop die uitspraak gelewer word, moet dit merkbaar wees dat daar na herstel van orde en vrede[662] in die versteurde verbonds-gemeenskap gesoek word. Kerklike uitsprake het geen karakter van 'n formele mededeling nie[663], maar wil mense oortuig. Die regskragtige uitspraak word op sigself 'n appèl op die broederhart. Sodoende is 'de goede rechter herderlijk, pastoraal bezig, onderwijzend, vermanend, waarschuwend, overredend'[664].

In die lig hiervan moet pastorale regspraak die goeie opbou én die kwaad afbreek, dit moet teen die sonde waarsku én tot bekering oproep[665]. Roeleveld[666] stel in dié verband: 'Een kerkelijke vergadering mag daarom ook raden en vermanen, evenals kerkleden dit onderling moeten doen'. Wanneer daar van die reg tot appèl misbruik gemaak word, mag 'n meerdere vergadering nie met 'n eenvoudige afwysing van die appèl volstaan nie, maar moet daar 'n ernstige pastorale vermaning en bestraffing vanweë die misbruik tot die betrokkene gerig word[667]. Die kerklike vergadering moet in sy uitspraak 'signaleren wat niet was naar Gods Woord. En voorts moet zij zeggen hoe allen, die in de behandelde zaak betrokken waren, thans naar het Woord Gods hebben te handelen. Kortom: de synode moet worstelen, om allen, die in de haar ter beslissing voorgelegde moeilijkheden betrokken zijn te dringen naar een beslissing, een daad, een houding, die naar de wet des HEREN is en zo aan de moeilijkheid een einde maakt'[668].

#### 4.4.6.2.3 Implikasies en advies

Spoelstra[669] stel dit as 'die goue reël' by die behandeling van appèlsake om dit as 'n koue regsaak af te handel, ongeag die konsekwensies wat dit vir die 'verweerder' of die appellant

---

661 GG, 1999:30
662 Psalm 85:11
663 Veenhof, 1956d:166
664 Te Velde, 1994a:582
665 Veenhof, 1956a:139
666 Roeleveld (1972a:49) grond sy stelling op Kolossense 3:16, 1 Tessalonisense 5:11, 2 Tessalonisense 3:15, Hebreërs 3:13 en Hebreërs 10:25.
667 Jansen (1952:148) en Strating (1984:25) verwys in hierdie verband beide na die besluit van Generale Sinode Sneek 1939 (GKN).
668 Veenhof, 1956d:165
669 Spoelstra, 1966:205. In sy latere werk kwalifiseer en temper Spoelstra (1989:202) sy standpunt. Tog bly hy van mening dat meerdere vergaderinge versigtig moet wees dat hulle nie die tugplig/reg van mindere vergaderinge uit hulle hande neem nie.

mag hê. Dit moet volgens hom ten sterkste ontmoedig word dat ’n meerdere vergadering in ’n saak van appèl hom geroepe voel om een van die twee partye te beskerm of om beide partye met mekaar te versoen. Nadat die vergadering reg gespreek het, moet daar geen implikasies uitgespel of advies bedien word nie, aangesien dit onbevooroordeelde regspraak kan laat ontspoor.

In direkte teenstelling daarmee oordeel Veenhof[670] dat die oproep tot inkeer en versoening nie alleen die kerkraad se werk is nie. Dit is ook die taak van elke gelowige; per implikasie ook dié van die kerklike vergadering. Hierdie gedagtegang van Veenhof is in wese dieselfde as dit wat hierbo oor pastorale regspraak beredeneer is.

Deddens[671] sluit by Veenhof aan. Kerklike regspraak kan nie in ’n formeel-juridiese atmosfeer asemhaal nie, want kerklike regspraak is religieus-eties bepaal. Die Here gebruik regspraak in sy kerk om diensbaar te wees aan kerklike vrede. Deddens vestig die aandag daarop dat die regter in die eerste plek geroep is om deur sy uitspraak die twis tussen die partye te besleg. Hy moet nie alleen reg *spreek* nie, maar die reg *help*.

Ook Visser[672] oordeel dat daar nie onnodig formalisties ten opsigte van dié saak gedink moet word nie. ‘Indien ’n meerdere vergadering daarom gevra word, *mag* hy nie net nie, maar *moet* hy ook verduidelik wat die praktiese konsekwensies van ’n geslaagde appèl is – ter wille van die goeie orde in die kerk en die korrekte implementering van die saak waaroor dit in die geslaagde appèl gegaan het. Dit geld veral waar ’n appèl nie op alle appèlgronde slaag nie’. In die praktyk het dit volgens Visser[673] ‘helaas al dikwels gebeur dat daar, óf as gevolg van onkunde, óf as gevolg van blote moedswilligheid, verwarring, meningsverskil en selfs onsmaaklikhede rondom so ’n saak ontstaan het. In sekere gevalle het dit uitgeloop op nuwe appèlle. Dit kon alles voorkom gewees het indien die meerdere vergadering die praktiese gevolg van ’n geslaagde appèl verduidelik het’. Visser stel ten slotte die vraag: ‘Sou dit nie tot welsyn van die kerke gewees het indien dit ’n *staande praktyk* was dat die praktiese konsekwensies van alle appèlle deur die ‘regsprekende’ meerdere vergadering verduidelik word nie?’.

In antwoord op Visser se vraag word as slotsom gestel dat dit nie prinsipieel verkeerd is dat ’n kerklike vergadering die implikasies van sy regspraak uitspel en nodige adviese daaraan toevoeg nie. Inteendeel, dit moet – gegewe die eie-aard van kerklike regspraak – as

---

670 Veenhof, 1956d:165
671 Deddens, 1954g:199; vergelyk ook GG, 1999:26
672 Visser, 1999:145
673 Visser, 1999:146

bevorderlik, in sommige gevalle noodsaaklik, beskou word om implikasies uit te spel en advies te gee.

In die vorige paragraaf is aangetoon dat die pastorale aard van kerklike regspraak die kerklike vergadering dwing om nie sy pastorale roeping te versaak deur met ʼn eenvoudige goedkeuring of afwysing van die appèl te volstaan nie. Net so dwing die juridiese aard van kerklike regspraak die kerklike vergadering om nie die regs-implikasies van sy besluit te verswyg nie. Die appellant en ander betrokkenes mag nie in die duister gelaat word oor die konkrete uitwerking van die regspraak wat gegee is nie.

Ter wille van spoedige regsherstel en normalisering van versteurde verhoudinge, is dit wesenlik dat die implikasies van die besluit duidelik uiteengesit word. In elke afsonderlike geval moet geoordeel word tot watter mate en hoe die vergadering dit doen.

Terselfdertyd moet beklemtoon word dat die regsprekende vergadering met die uitwys van implikasies en die gee van advies nie buite sy mandaat optree nie. Regspraak met die oog op regsherstel beteken nie dat die vergadering wat regspreek self vir die herstel van reg verantwoordelik gehou word nie. Die oomblik as die regsprekende vergadering met die daad in die regering van die plaaslike kerk inmeng, deur byvoorbeeld sy advies self te effektueer, tree hy *ultra vires* op en tas hy die selfstandigheid van die plaaslike kerk aan. Sodanige optrede kan die reeds bestaande onreg in sommige gevalle selfs vermeerder. Bowendien lei dit tot ʼn kerkregtelike warboel. Indien ʼn klassis sy eie uitspraak oor ʼn appèl sou effektueer, en daar teen sy beslissing na die partikuliere sinode geappelleer word, beteken dit dat die klassis noodwendig ʼn betrokkene in die saak geword het. So-iets kan en mag nie bestaan nie.

#### 4.4.6.3 Regskragtige uitspraak

Besluite wat op ʼn meerdere vergadering met meerderheid van stemme geneem word, sal as geldig gehou word, tensy aangetoon word dat dit in stryd met die Woord van God of teen die artikels van die geldende kerkorde is[674]. Met die oog op regsherstel is dit onontbeerlik dat die appellant sowel as die kerkraad daartoe verbind is om hulle ooreenkomstig Artikel 31 KO aan die regspraak van die meerdere vergadering te hou.

[674] Artikel 31 KO; Meijer, 1995:182

#### 4.4.6.3.1 Uitspraak van mindere vergadering nietig verklaar?

Wat gebeur met die betwiste besluit van die kerkraad en die regspraak van 'n mindere vergadering waarteen geappelleer word indien 'n meerdere vergadering tot 'n ander regsbevinding en oordeel oor die betrokke appèl kom? Dié vraag word uiteenlopend beantwoord.

***Mening A: Besluit van mindere vergadering kan nietig verklaar word***

Indien 'n appèl slaag, is die besluit van 'n mindere vergadering *ipso facto*, metterdaad nietig verklaar[675]. Die toestand van vóór die mindere vergadering se besluit wat nietig verklaar is geld weer, asof die betrokke mindere vergadering nie so 'n besluit geneem het nie.

In die Hervormde kerkreg kan die generale kollege in die plek van 'n vernietigende besluit self 'n ander besluit neem of die saak na 'n vergadering verwys wat dit doen[676]. Die generale kollege kan 'n besluit ook hersien, in geval daar nuwe feite op tafel is[677].

Kuyper[678] verwys na die *kassering* van besluite. Volgens Kuyper 'beteekent cassatie niet dat er een nieuw vonnis komt, maar dat het geslagen vonnis vernietigd wordt, uit hoofde van formele fouten bij het onderzoek of bij het vellen van het vonnis begaan. Blijkt het, dat dit het geval is, dan verzendt de rechtbank die het vonnis casseert, de zaak naar een andere rechter om opnieuw te onderzoeken en vonnis te slaan'[679]. Met 'n beroep op Artikel 36 KO[680], Trigland, Voetius en die Presbiteriane[681] spreek Bouwman[682] eweneens ten gunste van kassering van besluite uit. Sterker nog: meerdere vergaderinge het die reg om 'haar beslissingen ten uitvoer te leggen'[683], om 'zelf de uitvoering van haar in geval van hooger beroep genomen beslissingen te bezorgen'[684].

Van der Linde[685] meen dat die meerdere vergadering die saak in bepaalde omstandighede nie na 'n ander regter verwys nie, maar vir 'n *de novo* behandeling deur die mindere vergadering

[675] Jansen en Pol, 1934:58; Spoelstra, 1966:203; Van der Linde, 1983:132; Visser, 1999:145
[676] Van den Heuvel, 2001:443
[677] Van den Heuvel, 2004 *red.*:242
[678] Kuyper, 1898:2
[679] Kuyper (1898:3) was van mening dat kassering van besluite daartoe gaan lei dat die hoeveelheid appèlle drasties gaan afneem, aangesien mindere vergaderinge gedwing gaan word om baie versigtiger met kerklike regspraak om te gaan.
[680] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 36 KO.
[681] Vergelyk Hodge, 1884:192
[682] Bouwman, 1937:240-241, 382-383
[683] Bouwman, 1937: 382
[684] Bouwman, 1937: 383
[685] Van der Linde, 1983:132

terugverwys. De Gier[686] oordeel dat dit in so 'n geval goed is om In deputaatskap aan te wys wat die mindere vergadering kan toelig en ondersteun in die neem van die nuwe beslissing.

> Saamgevat: as 'n meerdere vergadering oordeel dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan dat die beslissing van die mindere vergadering oor die saak nietig is en vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan nie. Die meerdere vergadering bepaal hoe die besluit van nietigverklaring uitgevoer en plaaslik geëffektueer word. Indien die appèl teen 'n uitspraak van die klassis gestel is, kan die klassis opgedra word om die inhoud van die oorspronklike klag van verongelyking opnuut te behandel.

***Mening B: Geen nietig-verklaringsbevoegdheid***

In sy eerste verklaring van die kerkorde spreek Jansen[687] hom anders oor die saak van nietigverklaring van besluite uit as in sy latere werk[688]. In teenstelling met Rome, wat daarvan uitgaan dat die pous alle besluite van sy onderdane nietig kan verklaar, oordeel Jansen dat dit in die Gereformeerde kerkreg nie so eenvoudig is nie. 'Een meerdere vergadering kan de mindere alleen verzoeken en aanraden, met opgave van gronden, waarop haar ongegrondverklaring berust, zelve haar besluit in te trekken'. As die mindere vergadering dit nie doen nie, staan die kerkverband volgens Jansen op die spel.

Monsma[689] is eweneens van oordeel dat 'n meerdere vergadering nie die besluit van 'n mindere vergadering nietig[690] kan verklaar nie. As 'n meerdere vergadering anders besluit as 'n mindere vergadering, moet die mindere vergadering homself aan die uitspraak van die meerdere vergadering konformeer 'either by actual reconsideration of the question, or by silent acquiescense'. Monsma[691] motiveer sy oordeel soos volg: 'n mindere vergadering volg die *advies* van 'n meerdere vergadering. Meerdere vergaderinge *dikteer* nie, en het geen reg om reeds genome besluite te kasseer nie. Plaaslike kerke of mindere vergaderinge ontvang geen 'superior orders' wat hulle sonder enige vraagtekens moet gehoorsaam nie, maar hulle ontvang 'conclusions reached by common consent, and as such they will respect these conclusions … as their own'.

---

686 De Gier, 1989:176; De Gier, 1997:73
687 Jansen, 1923:144
688 Vergelyk Jansen en Pol, 1934:58
689 Van Dellen en Monsma, 1954:143
690 Monsma gebruik in hierdie verband die beskrywende terme *invalidate* en *nullify*.
691 Monsma, 1967:129

Teenoor Kuyper se gedagte dat besluite van mindere vergaderinge deur meerdere vergaderinge gekasseer kan word, stel Deddens[692] dat Kuyper die kerklike reg op die lees van die wêreldlike reg probeer skoei.  Deddens oordeel dat daar geen kassering in die kerkreg bestaan nie.  Meerdere vergaderinge kan hulle wil nie dwingend aan 'n mindere vergadering oplê nie.  Hulle kan wel mindere vergaderinge op 'n onjuiste uitspraak wys, en versoek dat die mindere vergadering sy uitspraak intrek.

Ook Van Oene[693] beskou dit as absoluut onmoontlik dat die meerdere vergadering die besluit van 'n mindere vergadering nietig verklaar.  Na sy mening moet die mindere vergadering die oordeel van die meerdere vergadering by wyse van acta ontvang, dit aanvaar en self 'n nuwe besluit neem wat die vorige een regstel.

> Saamgevat:  as 'n meerdere vergadering uitspreek dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan dat die uitspraak van die mindere vergadering geldig bly totdat hy die uitspraak van die meerdere vergadering aanvaar en self 'n besluit neem wat die vorige uitspraak regstel.  Dit is nie duidelik wat bedoel word met meerdere vergaderinge wat 'n mindere vergadering moet 'versoek, adviseer of aanraai' om sy uitspraak te heroorweeg nie.

***Balans***

Mening A lei in sy volle konsekwensie tot *hiërargie*.  'n Meerdere vergadering se uitspraak kan nie net 'n uitspraak van 'n mindere vergadering oor die appèl, maar ook die kerkraadsbesluit wat tot die appèl aanleiding gegee het, vernietig nie.  Laasgenoemde kan gebeur sonder dat die kerkraad ooreenkomstig Artikel 31 KO geleentheid gegee word om die uitspraak te ratifiseer[694].

Mening B lei in sy volle konsekwensie tot *independentisme*.  Die meerdere vergadering se regs-uitspraak word tot 'n advies gedegradeer.  Dit word aan die mindere vergadering oorgelaat wat met die advies gedoen word.

Beide menings kan herlei word na 'n gebrek aan onderskeid tussen die *besluit* van 'n kerkraad waarteen geappelleer word, en die *uitspraak* van 'n mindere vergadering oor die appèl.  Die besluit van 'n kerkraad wat tot die appèl aanleiding gegee het, en die uitspraak van die

[692] Deddens, 1954e:183
[693] Van Oene, 1990:151
[694] Met ratifiseer word bedoel:  die uitspraak van die meerdere vergadering toets en as sy eie aanvaar (Meijer, 1995:46).

meerdere vergadering oor die appèl verskil wesenlik van mekaar – juis wat die regskrag en effek daarvan betref.

In praktyk kan ’n partikuliere sinode ’n ander uitspraak oor ’n appèl gee as ’n klassis. Die uitspraak van die partikuliere sinode is dan regskragtig, sonder dat die klassis – wat buitendien uiteengegaan het en nie meer bestaan nie[695] – die uitspraak wat hy gegee het hersien of terugtrek. Net so kan die nasionale sinode ’n ander uitspraak as ’n partikuliere sinode of klassis oor ’n appèl lewer. ’n Ander beslissing van ’n meerdere vergadering beteken nie dat die appèl terug is op die tafel van die mindere vergadering en daardie vergadering dit *de novo* moet hanteer nie. ‘Terugverwys’ van regspraak dui op hiërargie en lei tot vertraging van regsherstel[696].

Die kerkraad daarenteen, moet ooreenkomstig Artikel 31 KO aktief met die uitspraak van die regsprekende vergadering werk. Die kerkraad moet die saak wat tot die appèl aanleiding gegee het, met die daad – ooreenkomstig die uitspraak van die meerdere vergadering – *de novo* ondersoek en verder hanteer.

Die regskrag van die uitspraak van die regsprekende vergadering is dus tweeledig:

- die uitsprake van mindere vergaderinge wat voorheen oor die appèl gelewer is, word – afhangende van die nuwe uitspraak – ter syde gestel of bevestig;
- die besluit van die kerkraad, wat tot die appèl aanleiding gegee het, word met die aanvaarding van ’n appèl nie summier ter syde gestel nie. Die kerkraad is kragtens Artikel 31 KO daartoe verbind om die regs-uitspraak van die regsprekende vergadering vir vas en bindend te hou, tensy bewys word dat dit strydig is met God se Woord of die artikels van die kerkorde. Die ‘… *ratum habebitur, nisi* …’ van Artikel 31 KO is die *sjibbolet* vir alle kerklike regspraak[697].

In die weerlegging en bestryding van hiërargie en independentisme (menings A en B) lewer Rutgers[698] ’n tersaaklike betoog[699].

Teen die gevaar van *hiërargie* onderstreep Rutgers die belang daarvan dat meerdere vergaderinge die vryheid en selfstandigheid van die plaaslike kerke erken en eerbiedig – ook in geval van regspraak.

[695] Artikel 35 KO
[696] Hierdie saak is in paragraaf 4.4.5.3 bespreek.
[697] Kamphuis, 1970:63
[698] Rutgers, 1918:122
[699] Die betoog staan in direkte verband met die skorsing van en tug oor ’n ampsdraer (Artikels 79 en 80 KO).

- As 'n kerkraad[700] 'n predikant skors, kan die geskorste predikant teen die besluit van die kerkraad appelleer. Indien die partikuliere sinode uitspreek dat die appèl slaag, is dit onmoontlik dat die sinode die skorsingshandeling van die kerkraad eenvoudig vernietig en dit so voorstel asof dit wetlik nie meer bestaan nie.
- Die partikuliere sinode moet uitspreek dat die besluit van die kerkraad en die klassis volgens sy oordeel nie op goeie en genoegsame gronde steun nie, en dat dit dus ingetrek moet word.

Teen die gevaar van *independentisme* oordeel Rutgers soos volg oor dit wat die kerkraad (en klassis) te doen staan:

- In navolging van die uitspraak van die partikuliere sinode behoort die kerkraad op sy vroeëre uitspraak terug te kom en sy vonnis in te trek.
- Al sou die kerkraad van oordeel bly dat die sensuur reg en goed was, kan hy nogtans in die uitspraak van die partikuliere sinode genoeg rede vind om op sy eie vonnis terug te kom, en hom by die uitspraak van die meerdere vergadering neerlê.
- Hierdie 'voeg by die meerderheid' is formeel nodig, omdat die partikuliere sinode nie die besluit van die kerkraad kan vernietig nie.
- Indien die kerkraad nie by die uitspraak van die partikuliere sinode kan berus nie, kan hy na die nasionale sinode appelleer.

Rutgers se betoog bied 'n suiwer perspektief op die regskrag van die uitspraak van die regsprekende vergadering. As 'n meerdere vergadering oordeel dat 'n appèl slaag, is die effek daarvan nie dat die kerkraadsbesluit waarteen geappelleer is ongeldig is en vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan nie (hiërargie). Die effek daarvan is ook nie dat die mindere vergadering versoek, geadviseer of aangeraai word om sy beslissings oor die appèl te heroorweeg nie (independentisme). Die effek is wel dat die beslissing van 'n meerdere vergadering die beslissing van 'n mindere vergadering oor dieselfde saak vernietig, en dat die kerkraad die nuwe beslissing vir vas en bindend sal hou.

#### 4.4.6.3.2 Effektuering van uitspraak

Regspraak is gerig op die herstel van reg. 'Daarom wordt met de uitspraak van de vergadering de bal weer neergelegd bij de partijen: zij moeten nu tot overeenstemming, herstel van eensgezindheid en vrede en/of ook verzoening komen op basis van de rechtsgeldige uitspraak'[701]. Omdat die partye dikwels al 'n lang pad van konflik geloop het, wat bes moontlik tot gevolg het dat verhoudings versteur is of onder spanning staan, is dit volgens

[700] Tesame met naburige kerke in die klassis (Artikel 79 KO).
[701] Te Velde, 2004d:1

Van der Linde[702] goed dat die vergadering 'n hand van hulp uitreik. Te Velde[703] stel voor dat die vergadering by sy uitspraak 'een vervolgtraject uitzet voor het effectueren van haar besluiten in kerkenraad en/of gemeente waar het appèl betrekking op heeft. Voor die effectuering *in loco* kunnen vertrouwde mensen worden aangewezen'.

In aansluiting by wat in paragraaf 4.4.6.2 oor die regsprekende vergadering se bevoegdheid gestel is, moet die waarskuwing onderstreep word dat die 'effectuering *in loco*' nie daartoe lei dat die regsprekende vergadering in die regering van die plaaslike kerk inmeng nie. Dit sal van saak tot saak afhang hoedanige hulp deur die kerkverband aan die plaaslike kerk in nood aangebied word.

#### 4.4.6.4 Wanneer 'n appèl in proses is

In die Roomse kerkreg geld die reël dat die uitvoer van 'n aanvanklike oordeel deur appèl uitgestel word, totdat die appèl aangehoor is[704].

In die Gereformeerde kerkreg is daar geen geskrewe reël in dié verband nie[705]. Die sake waaroor geappelleer word, is uiteenlopend van aard[706] en verskil sodanig van geval tot geval[707] dat 'n enkele reël nie genoegsaam voorsiening kan maak nie.

Oor die algemeen word daar tot versigtigheid gemaan[708] en dit as raadsaam geag dat die uitvoering van 'n besluit uitgestel word indien appèl daarteen aangeteken word en die saak gevolglik *sub judice* is[709].

Die algemene 'reël' gaan noodwendig met besondere waarskuwings gepaard.

- Dit is raadsaam om met uitvoering van 'n besluit te wag as dit oor essensiële sake gaan[710]. In gevalle van tug is die goue reël om langsaam te haas. Voortsetting van ampstug-handelinge kan baie skade berokken as dit aan appèl onderhewig is[711]. In die geval van gewetensbindende besluite, onder andere leerbeslissinge, moet met groot versigtigheid

[702] Van der Linde, 1965:153
[703] Te Velde, 2004d:1
[704] *Canon* 1638; Rommel, 2000:146
[705] Voorskriftelikheid insake die tyd hangende 'n beswaar of appèl kan die vryheid van die kerke prinsipieel aantas. Buitendien sal geen reglement kan voorsien in die veelheid van uiteenlopende situasies waarin geappelleer word nie (Roeleveld, 1972b:56).
[706] Bouwman, 1970b:44
[707] Visser, 1999:147
[708] Jansen, 1923:144
[709] Spoelstra, 1966:204; Van Rongen, 1995:59
[710] Jansen, 1923:144; Spoelstra, 1966:204; Bouwman, 1970b:44
[711] Van Oene, 1990:152

opgetree word. Daar moet in so 'n geval liefs gewag word tot die appèlsaak afgehandel is, al moet 'n buitengewone klassis, partikuliere sinode of sinode byeengeroep word[712].

- Die veronderstelling is dat daar in geval van appèl so gou as moontlik tot regspraak oorgegaan word. Die *sub judice*-tydperk moet tot die minimum beperk word[713].
- Niemand mag die kerkregering vertroebel of tot stilstand bring deur 'n blote kennisgewing van appèl nie[714].
- Vergaderings moenie uit vrees vir die moontlike sukses van 'n eventuele appèl die uitvoering van 'n besluit al te vinnig uitstel nie[715].

Oor die reg en taak van die appellant gedurende die tyd van appèl maak Roeleveld[716] die volgende opmerkings:

- 'n Appellerende ampsdraer moet by die ondertekeningsformulier bly, waarvolgens hy beloof dat hy sy gevoelens oor 'n saak (*in casu*: die appèl) nie openlik sal propageer nie, maar aan die kerklike vergaderinge sal voorlê[717].
- Hangende die appèl sal almal wat daardeur geraak word – die appellant sowel as die vergadering waarteen geappelleer word – die eenheid van die kerk dien.
- Die appellant moet bewys dat hy, terwyl hy hom nie aan die besluit waarteen hy appelleer kan bind nie, by die gemeenskap van gelowiges in die skuld is om die kerklike weg end-uit te volg. As hy appelleer, beroep hy hom op die kerkorde; dan moet hy wys dat hy sy verantwoordelikheid voor God ten volle nakom. Hy moenie onstigtelik optree, partyskappe verwek en agterdog kweek nie.
- As daar op die Skrif beroep word, sal daar binne die grense van die Skrif gedebatteer en geoordeel word. Die etiek van beswaard-wees is duidelik in die Skrif uitgespel[718].
- Gedurende die *sub judice*-periode moet dit as vanselfsprekend beskou word dat die appellant hom in die suiwer broederlike gesindheid oopstel vir die moontlikheid dat hy geheel of ten dele verkeerd is. Hy moet hom kan laat oortuig: nie net as die appèl deur die meerdere vergadering behandel word nie, maar – indien die geleentheid hom voordoen – reeds in die aanloop tot die regspraak.

Dit word as slotsom gestel dat, wanneer die appèl *sub judice* is, die appellant en die kerkraad beide ingestel moet wees op die eer van God en die welsyn van die kerk, waarvan die appellant lid is[719]. Soeke na regsherstel moet by uitstek blyk as die appèl in proses is. As

---

712 Van der Linde, 1983:133
713 Van Oene, 1990:152
714 Jansen, 1923:144; Bouwman, 1970b:45; Visser, 1999:147;
715 Visser, 1999:148
716 Roeleveld, 1972b:55-60
717 Van der Linde, 1983:133
718 Galasiërs 5:22; 2 Timoteus 2:24-26; Titus 1:7
719 Van der Linde, 1983:132

daar nie reeds gedurende die periode vóór regspraak na harmonie en vrede verlang word nie, hoe sal dit ná regspraak realiteit word?

## 4.5 APPÈL EN ALTERNATIEWE METODES VAN GESKILBESLEGTING

### 4.5.1 Inleidende opmerkings

ʼn Appèl vloei uit ʼn geskil, wat in baie gevalle tot ʼn konflik gelei het, voort. Deur middel van appèl word regspraak as middel gekies om by ʼn oplossing van die geskil en die daaruit voortspruitende konflik te kom.

Daar is ook ander metodes om die geskil aan te spreek en uit die weg te ruim. Dié metodes is nie soseer gerig op ʼn juridiese proses en uitspraak nie, maar het te doen met ʼn oplossing op ʼn nie-juridiese wyse[720]. Geskil*beslegting* dien ter voorkoming van geskil*beregting*[721].

Geskilbeslegting kan verskeie vorme aanneem. Die bekendste en onontbeerlik noodsaaklike word in Matteus 18:15 voorgeskryf: ‘As jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen’. Matteus 18:16 skryf die tweede onontbeerlike wyse van geskilbeslegting voor: ‘As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan’.

Op die basis van Matteus 18 word in die volgende paragrawe aandag aan vyf erkende[722] alternatiewe metodes van geskilbeslegting gegee. Die metodes kan nie waterdig van mekaar geskei word nie. Visitatore kan byvoorbeeld van arbitrasie of mediasie gebruik maak. Ter wille van oorsigtelikheid word elke metode kortliks bespreek en met betrekking tot die onderwerp van die studie geëvalueer.

### 4.5.2 Arbitrasie

***Beskrywing***

Arbitrasie is die proses waarvolgens ʼn geskil deur ʼn onafhanklike arbiter (skeidsregter) beslis en besleg word. ʼn Versoek tot arbitrasie is gebaseer op ʼn ooreenkoms tussen partye[723].

---

[720] Van Oene, 1990:153
[721] Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11
[722] Santing-Wubs, 2002:105; Haitsma, 2004:11
[723] Haitsma, 2004:10

Ooreenkomstig die reëls van die prosesreg moet[724]:

- by die samestelling van 'n arbitrasiekommissie na onpartydigheid van kommissielede gekyk word[725];
- alle partye insae in alle stukke hê;
- arbiters bevoeg wees om partye aan te hoor;
- arbiters, indien een van die partye so 'n versoek rig, 'n geleentheid vir hoor en wederhoor reël waarby alle betrokke partye teenwoordig sal wees;
- die partye in die behandeling van die geskil ruimte gegee word om hulle deur 'n gevolmagtigde te laat verteenwoordig en selfs deur 'n raadsman te laat bystaan;
- die genotuleerde gebeure na afloop van die verhoor deur die arbiters, die notularis en die gehoordes onderteken word;
- voorsiening gemaak word vir 'n bepaling van tyd waarbinne die arbiters uitspraak sal gee;
- die arbiters in die uitspraak al die redes vir hulle besluit deurgee.

Die beslissing van die arbiters is bindend vir die partye, sonder moontlikheid om in appèl te gaan[726].

Die arbitrasie-kommissie behandel nie leersake nie. Indien dit deur die loop van die ondersoek sou blyk dat daar wel 'n leergeskil ter sprake is, neem die kommissie 'n besluit dat hy homself onbevoeg verklaar om verder daarmee te werk[727].

***Evaluering***

Die Skrif maak sporadies, maar nietemin uitdruklik, van arbitrasie melding[728]. 1 Korintiërs 6:5 word as *locus classicus* vir kerklike arbitrasie beskou[729]. Ook al treur Paulus oor die bedroewende feit dát daar onder gelowiges hoegenaamd regsgedinge oor geringe sake voorkom, wys hy op die moontlikheid van regspraak deur 'n geskilbeslegter in eie geledere[730].

Die voordele van kerklike arbitrasie is dat:

- die partye en die arbiter vryheid by die vasstelling van die reëls het waarvolgens die proses van arbitrasie verloop[731];

---

724 Santing-Wubs, 2002:88; Haitsma, 2004:11
725 Geen familiebande tot en met die tweede graad word toegelaat nie.
726 Santing-Wubs, 2002:88
727 Santing-Wubs, 2002:88
728 Genesis 31:37; Job 9:33 en 16:21
729 Deddens, 1954p:335; Roeleveld, 1972a:49; Van Veelen, 1995:42. Van Bekkum (1990:798) meen dat die 'wyse man' van 1 Korintiërs 6:5 as skeidsregter of eventueel as regter kan optree. 1 Korintiërs 6 is dus nie tot arbitrasie beperk nie, maar kan ook op 'n ander vorm van regspraak dui.
730 Vergelyk Ekskursie 2 oor 1 Korintiërs 6:1-9 onder hoofstuk 2.3.3.1
731 Santing-Wubs, 2002:116; Haitsma, 2004:10

- dit ’n beslissing oplewer wat vir uitvoering vatbaar is[732];
- dit ’n uitweg bied vir ampsdraers wat nie by magte is om ’n bepaalde konflik op te los nie[733];
- dit ’n spoedige wyse is om die materie van die konflik te hanteer en uit die weg te ruim[734];
- almal bymekaar betrokke bly en gefokus is op herstel van reg[735] en vrede[736].

#### 4.5.3 Mediasie

***Beskrywing***

Mediasie is die proses waarby partye probeer om met behulp en onder leiding van ’n onafhanklike derde (mediator, bemiddelaar) *self* hulle geskil in der minne op te los[737].

Die mediasie-proses kan soos volg beskryf word[738]:

- Dit is ’n onderhandelingsproses wat aan vertroue, beslotenheid, geheimhouding en openhartigheid geken word.
- Omdat die proses nie openbaar is nie en daar nie verder as ‘tussen vier mure’ gepraat word nie, is daar ruimte om diep emosies openbaar te maak, wat deurgaans ’n genesende effek het.
- Die partye moet tot mediasie bereid wees – nie téénoor mekaar nie, maar mét mekaar.
- ’n Belangrike kenmerk is dat die partye vrywillig aan die proses saamwerk. Sowel die partye as die mediator kan egter te eniger tyd aan die proses onttrek.
- Die mediator het ’n belangrike rol en funksie. In die eerste plek moet hy die vertroue van beide partye hê. Daarby moet hy oor die vermoë beskik om die gesprekspunte reg saam te vat en telkens aan die partye terug te gee.
- Die mediator word deur beide partye gekies, en kan met ’n ander vervang word as albei daarvoor vra.
- Mediators moenie toetree as hulle reeds by die saak betrokke was nie. Daar mag op geen manier prejudisering plaasvind nie.
- ’n Mediator moet die gesprek voortdurend na die kern van die konflik herlei en uiteindelik sinvol in ’n rigting stuur.
- In die mediasie-proses neem die partye self verantwoordelikheid om die konflik op te los. Die mediator kies nie kant nie en lewer geen uitspraak in die geskil nie. Hy moet die partye slegs help om die konflik deur onderhandeling op te los. Mediators sluit die saak af met ’n

[732] Haitsma, 2004:10
[733] Harmannij, 1995:81
[734] Deddens, 1954h:208
[735] Harmannij, 1995:81
[736] Deddens, 1954h:208
[737] Rhodius, 2000:63; Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11
[738] Rhodius, 2000:63-68; Santing-Wubs, 2002:128; Haitsma, 2004:11

vasstellingsooreenkoms waarin die partye met mekaar ooreenkom hoe hulle die konflik beëindig het.

- In ooreenstemming met die regsgeldige mediasie-prosedure word 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens partye afspreek dát en hóé hulle die konflik wil oplos. Duidelike gespreksreëls word daarin neergelê, die regte en pligte van elke party word daarin uitgespel, en binding van die uitslag word daarin bepaal.

***Evaluering***

Rhodius[739] is van mening dat die skriftuurlike fundering vir kerklike mediasie in 1 Korintiërs 6 gesoek moet word – dieselfde Skrifdeel wat as *locus classicus* vir arbitrasie gebruik word. Hy beskou dit as 'n goeie oplossing vir konflikhantering. In bepaalde gevalle kan mediasie 'n appèl voorkom[740]. Dit bied 'n vinnige en aanvaarbare oplossing van konflik, sonder dat ingewikkelde en tydrowende prosedures gevolg moet word[741].

Die pluspunt van mediasie is dat dit die moontlikheid bied om 'n sosiale geskil wat ten onregte in 'n juridiese geskil omskep is, te dejuridiseer en tot 'n optimale oplossing te bring[742]. Die oplossing word nie voorgesê of gedikteer nie, maar gesamentlik deur die betrokkenes gevind.

Dit word as 'n nadeel[743] van mediasie beskou dat dit blootstellend en baie persoonlik is. Dit kan soms die doel mis omdat geen uitspraak gegee word nie. Ook is daar die gevaar van ongelykheid in partye, veral as daar tussen 'n lidmaat en 'n kerkraad mediasie moet plaasvind.

Indien 'n konflik 'n beginsel raak, kan daar van mediasie geen sprake wees nie[744]. Dan moet daar *reg* gespreek word en nie *bemiddel* word met die oog op die bereik van konsensus nie. Die aanwending van mediasie in die kerkreg is dus beperkend. As 'n konfliksituasie nog nie ver ontwikkel het nie, is dit ideaal dat partye vir bemiddeling kies[745].

Appèldeputate van 'n meerdere vergadering kan nie as mediators optree nie, aangesien dit noodwendig tot vermenging van verantwoordelikhede lei[746]. In formele regspraak moet daar

---

[739] Rhodius, 2000:63
[740] Haitsma, 2004:11; Van Rongen, 2004:55
[741] Santing-Wubs, 2002:129
[742] Haitsma, 2004:11
[743] Rhodius, 2000:72
[744] Rhodius, 2000:75; Santing-Wubs, 2002:131
[745] Haitsma *ea.*, 2002b:9
[746] Haitsma *ea.*, 2002b:9

sterk teen mediasie gewaak word. Dit is aanvullend tot kerklike regspraak, maar kan dit nooit vervang nie[747].

### 4.5.4 Bindende advies

***Beskrywing***

In geval van bindende advies kom die partye ooreen dat die beslissing van 'n geskil aan 'n derde, onafhanklike persoon, opgedra word [748].

Partye kom ooreen om die advies van die onafhanklike derde inderdaad as bindend te beskou. Met die oog daarop word 'n vasstellingsooreenkoms gesluit[749]. Die doel met die ooreenkoms is om die geskil te beëindig of om verdere onsekerheid rondom die geskil wat reeds daar is, te voorkom. Die advies het die krag van 'n ooreenkoms, en sluit vryblywendheid uit. Die beslissing is vernietigbaar wanneer aangetoon word dat die inhoud daarvan bots met redelikheid en billikheid. As een van die partye hulle nie aan die uitspraak hou nie, kan die ander party nakoming by die owerheidsregter eis.

***Evaluering***

In 'n sekere sin is die besluite van kerklike vergaderinge voor die burgerlike reg niks anders as bindende advies nie[750].

Bindende advies bied minder wetlike waarborge en minder onaantasbare uitsprake as arbitrasie[751]. Die voordeel is dat daar minder vormvoorskrifte is wat nagekom moet word, en die saak gevolglik makliker hanteer kan word. Prosedures is minder formeel as by arbitrasie. Dieselfde reëls van die prosesreg geld soos by enige ander regspraak.

In gevalle waar 'n goeie verstandhouding tussen partye bestaan, sal bindende advies produktief kan werk.

---

747 Santing-Wubs, 2002:131; Haitsma, 2004:11
748 Santing-Wubs, 2002:121; Haitsma, 2004:11
749 Haitsma, 2004:11
750 Santing-Wubs, 2002:121
751 Haitsma, 2004:11

### 4.5.5 Kommissie van wyse persone

***Beskrywing***

ŉ Kommissie van wyse persone (ook genoem: 'goeie dienste')[752] is ŉ aantal lede van die kerklike vergadering aan wie mandaat gegee word om *in loco* na oplossing van ŉ konflik te soek. Die mandaat rus op die basis van die uitspraak wat die meerdere vergadering oor die kern van die geskil geneem het.

Hierdie vorm van alternatiewe geskilbeslegting is baie vryblywend en ken geen wetlike reëling of reglement wat aan die funksionering daarvan ten grondslag lê nie[753]. Spelreëls wat hanteer word is meestal nie omskryf nie en gevolglik subjektief bepaal. Geen party is aan iets gebind nie. Geen uitspraak, bindende advies of ooreenkoms kom tussen die partye tot stand nie.

***Evaluering***

Deddens[754] wys op ŉ prinsipiële verskil van mening insake die vraag of ŉ sinode goed daaraan doen om ŉ kommissie uit te stuur om partye, wat met mekaar in konflik is, met mekaar te versoen. Dié vraag word in die kader van ŉ appèlsaak gestel, maar is ook in hierdie verband relevant. Sommige reken dat ŉ kommissie (ook ŉ kommissie van wyse persone) slegs besluite van die sinode kan oordra en die implikasies verduidelik. Ander reken dat, indien daar tydens so ŉ gesprek ruimte vir ŉ versoenende gesprek ontstaan, dit nie weerhou mag word nie.

Die vraag moet gestel word in hoeverre alternatiewe geskilbeslegting in hierdie geval met regspraak vermeng en/of verwar raak. Indien die kommissie van wyse persone ander lede van die kerklike vergadering is as die appèlkommissie, moet hulle baie nou met die appèlkommissie saamwerk om presies te weet wat die kern en omvang van die konflik is. In so ŉ geval lyk dit na oneffektiewe duplisering van werk. Indien lede van die appèlkommissie by die kommissie van wyse persone ingesluit word, word die kerkregtelike probleem nog groter, aangesien daardie lede in so ŉ geval na alle kante vir prejudisering oopstaan. In die lig hiervan moet met Haitsma[755] saamgestem word dat hierdie wyse van geskilbeslegting 'veel te wense oorlaat'.

---

752 Haitsma, 2004:11
753 Haitsma, 2004:11
754 Deddens, 1956d:178
755 Haitsma, 2004:11

### 4.5.6 Kerkvisitasie

***Beskrywing***

Visitatore het ingevolge Artikel 44 KO[756] opdrag om, waar nodig, 'betyds broederlik te vermaan en met raad en daad alles te help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk'.

Visitatore kan dus 'n belangrike rol in die oplossing van geskille in die plaaslike kerk speel[757]. Hulle is die eerste adres waar om hulp aangeklop kan word. Visitatore kan 'n bemiddelende rol speel. Onreg kan vinnig en effektief reggestel word[758], wat beteken dat moontlike eskalering van die probleme voorkom word.

In die GKSA is dit staande praktyk dat die klassis 'n konsulent vir elke gemeente in sy ressort aanwys[759]. Die taak van die konsulent is om, wanneer 'n gemeente vakant is, met noodsaaklike ampsbediening te help[760]. Dit sluit egter nie noodwendig uit dat die konsulent, wat ooreenkomstig sy naam die taak het om te *consulo*[761], in bepaalde omstandighede vir bystand in die hantering van 'n konflik genader word nie. Omdat 'n konsulent geen lid van die kerkraad is nie[762], kan hy as onafhanklike 'derde' die aangewese persoon wees om in voorkomende gevalle om hulp gevra te word.

***Evaluering***

Daar is baie ten gunste van die hulp van visitatore (en konsulente) te sê. Die diens van visitatore moet as 'n effektiewe wyse van alternatiewe geskilbeslegting beskou en gebruik word.

As nadeel moet genoem word dat visitatore geen bindende stel reëls vir konfliksituasies het waarvolgens hulle kan medieer nie. Die uitkoms van hulle intervensie kan daarom dikwels nie die toets van die kritiek deurstaan nie[763]. Hulle 'met raad en daad bystaan' kan – al is dit goed bedoel – op 'n gegewe oomblik tot intensivering van die konflik lei[764]. Die effek daarvan is dat

---

[756] Sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 44 KO.
[757] Spoelstra, 1966:275; Spoelstra, 1989:261; Visser, 1999:195-196; Haitsma, 2004:11
[758] Te Velde, 1994b:583
[759] Artikel 5 KO (sien Bylae 1 vir die volledige teks van Artikel 5).
[760] GKSA, 1968:42
[761] *Consulo* dui op beraadslaging, gee van advies en raad (Postma, 1975:69); vergelyk Harmannij, 1990:37; Bouwman, 2000:125.
[762] GKSA, 1968:42
[763] Haitsma, 2004:11
[764] Van der Linde, 1983:164

die konflik tot ’n deel van die klassis uitgebrei het (omdat die visitatore predikante van die naburige kerke is), wat eventuele appèl op die klassis bemoeilik.

In die lig hiervan moet visitatore wat tot ’n konfliksituasie toetree, hulleself deeglik oor hulle mandaat en werkwyse verantwoord.

### 4.5.7 Slotsom

In paragraaf 4.4.1.2 is in verband met die motief van die appellant gestel dat die appellant in eerlike selfondersoek moet uitmaak of hy alle paaie van geskil*oplossing* bewandel het, alvorens hy hom op *regspraak* beroep. In paragraaf 4.5.1.2 is beredeneer dat ’n meerdere vergadering by die bepaling van ontvanklikheid van ’n appèl behoort vas te stel of die appellant alles in sy vermoë gedoen het om die alternatiewe weë van konflikoplossing te bewandel.

Die konsekwensie van dié stelling en beredenering is dat daar deeglik na alternatiewe wyses van geskilbeslegting gekyk moet word. Uit die kort beskrywing en evaluering van die vyf alternatiewe blyk dat arbitrasie as nie-juridiese wyse van konflikhantering oorweeg moet word alvorens die juridiese pad van appèl opgegaan word. Insgelyks moet die effek en waarde van mediasie nie onderskat word nie[765]. Bindende advies en die aanwys van ’n kommissie van wyse persone bevat leemtes wat die konflik bes moontlik kan vererger instede van verlig. Om daardie rede kan dit nie aanbeveel word nie. Kerkvisitasie is sedert die sestiende-eeuse reformasie ’n beproefde metode in die kerke om geskille vroegtydig by te lê[766].

Dit is opmerklik dat daar in die kerkreg van die GKSA oor kerklike arbitrasie en mediasie tot op dese geen studie gedoen is nie. Omdat sowel arbitrasie as mediasie bepaalde wetlike aspekte het, sal dit verdienstelik wees om in verdere studie aan die ontwikkeling van dié twee sake aandag te gee. Met die oog op spoedige afhandeling van konflikte kan dit ’n wesenlike bydrae tot verbetering van kerklike regspraak lewer. Daarby moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika ’n regstaat is[767] wat ’n hoë premie op arbitrasie en mediasie plaas.

Ten slotte enkele losstaande opmerkings wat elkeen direk op die saak betrekking het:

- Daar moet op ’n vroeë stadium van die konflik na alternatiewe vorme vir geskiloplossing gesoek word[768]. Appèl dui dikwels op ’n geskil wat reeds in ’n gevorderde stadium is.

---

[765] Boersma (2004:16) oordeel dat arbitrasie of selfs bindende advies ’n goeie uitweg kan bied wanneer daar sprake is van ’n arbeidskonflik, byvoorbeeld tussen ’n koster en ’n kerkraad. Dit is nie wys om ’n kerklike vergadering met dergelike geskille te belas nie.
[766] Spoelstra, 1989:258
[767] RSA, Grondwet 1996, Artikel 1 (c)
[768] Haitsma, 2004:11

Gevolglik het die uitspraak in 'n appèl, al is dit hoe suiwer en reg, beperkinge: 'Daarbij geldt vooral dat een beslissing in een appèlzaak weliswaar een einde kan maken aan een geschil maar niet steeds een begin vormt van een verder samenleven in vrede'[769].

- Kerke doen goed daaraan om – met volle inagneming van hulle eie stel beginsels – na die basiese regsbeginsel te kyk wat in prosesreg ter sprake is. Sodoende kan die reg binne die kerke sy loop neem sonder dat lidmate uit frustrasie van verontregting hulle lot by die burgerlike regter gaan bekla[770].
- 'n Pleidooi word gelewer om lidmate beter in te lig oor verskillende vorme van regspraak en geskilbeslegting. Kerkreg moet deursigtig en toeganklik wees. As elke lidmaat die kerkreg verstaan, is die kans op misbruik van reg soveel minder[771].
- Indien van alternatiewe geskilbeslegting gebruik gemaak word, moet teen groepvorming en opmaak van 'n steunbasis gewaak word. Die konflik moet reggestel word en nie tot faksie-vorming in die kerk lei nie[772].
- Alternatiewe geskilbeslegting mag nooit as omseiling of ontduiking van regspraak ingespan word nie. Die kerk van Christus word nie deur omseiling van reg gebaat nie, maar geskaad[773].

### 4.6 SINTESE

In hierdie paragraaf word die studieresultate van die voorafgaande paragrawe by wyse van 'n sintese geformuleer. Die bedoeling is om die sintese kernagtig, konkreet en praktykgerig weer te gee. Aan die hand daarvan kan die huidige praktyk van kerklike regspraak geëvalueer (hoofstuk 5) en, waar nodig, tot heil van die gemeenskap van gelowiges aangepas word.

#### 4.6.1 Partye

'n Appèlsaak is 'n twee-partye saak. Die partye in die appèlsaak is, ongeag die verdere ontwikkeling van die geskil en geïmpliseerde betrokkenheid van ander persone[774], diegene wat oorspronklik van mekaar verskil het: deurgaans 'n kerklid (lede) en sy kerkraad[775].

Met betrekking tot die appellant word die volgende bevind:

[769] Boersma, 2004:16
[770] Santing-Wubs, 2002:105
[771] Van Rongen, 2004:56
[772] Van Oene, 1990:153
[773] Roest, 2000:47
[774] Indien 'n appèlsaak meer persone as net die twee betrokke partye impliseer, is daar sprake van 'derdes'.
[775] 'n Mindere vergadering wat hom reeds oor die appèl uitgespreek het, word geen party indien daar oor dieselfde saak op 'n meerdere vergadering geappelleer word nie.

- Sy motief vir die aangaan van 'n appèlsaak moet suiwer wees. Met die oog daarop is indringende selfondersoek[776] onontbeerlik.
- Hy moet die doel met sy appèl vanuit die staanspoor duidelik voor oë hê. Met geen kerkregtelike handeling mag begin word indien dit nie herstel van onreg as mikpunt[777] het nie.
- Hy moet by die hantering van die appèlsaak voortdurend sy Godgegewe plek in die gemeenskap van gelowiges in ere hou en koester. Tydens die behandeling en na afhandeling van die appèl mag die punt van konflik nie tot 'n breuk tussen die appellant en sy medegelowiges lei nie.

Met betrekking tot die ander party word bevind dat:

- hulle die appellant in sy verongelyking sal hoog ag en nie sy motiewe vir die appèlsaak of sy *bona fide* ligtelik sal bevraagteken nie;
- hulle saam met die appellant bereid moet wees om volgens die ordelike weg na 'n oplossing vir die konflik te soek;
- hulle alles wat moontlik en billik is sal doen om die appellant te help om die konflik op te los;
- by die gemeenskap van heiliges in geheel en die kerkraad in besonder 'n verlange moet bestaan om in harmonie en vrede bymekaar uit te kom.

### 4.6.2 Appèlskrif

Deur middel van die appèlskrif word die klag van verongelyking aan die meerdere vergadering bekend gemaak. Die appèlskrif is die skerp punt waarom die appèlsaak draai.

Die appellant moet in sy appèlskrif kort, saaklik en duidelik uiteensit waarom hy kla dat hy verongelyk is. Hy moet die besluit waardeur verongelyking plaasgevind het woordeliks weergee, asook die redes (appèlgronde) waarom hy van verongelyking kla. Die appèlgronde moet in terme van die Skrif, belydenis en/of kerkorde verwoord word.

[776] Die appellant moet sy eie posisie voor God in oënskou neem, die gewig en prioriteit van sy verongelyking bepaal en voortdurend bid vir die vrug van die Gees.

[777] Die eer van God, die stigting van geloofsgemeenskap en die heil van die appellant word hierby veronderstel.

Ter wille van 'n effektiewe regsgang en regspraak is dit aan te beveel dat 'n appèlskrif materiële[778] en formele[779] gronde bevat, wat duidelik van mekaar onderskei word[780].

Van die indiening van 'n appèlskrif moet tydig kennis gegee word, sodat dit ordelik op die agenda van die regsprekende vergadering geplaas kan word. Daarbenewens gee dit aan al die betrokkenes geleentheid om deeglik op die saak voor te berei, en word die moontlikheid van oorrompeling en verrassing uitgeskakel.

**4.6.3 Regter**

Die kerkverband (in effek: meerdere vergaderinge) is geroep en bevoeg om as regter oor appèlsake uitspraak te doen.

Wanneer 'n meerdere vergadering gevra word om in 'n appèlsaak reg te spreek, moet elke afgevaardigde deeglik daarvan bewus wees dat God in Christus die hoogste Regter is. As lid van die vergadering staan hy in diens van Christus, die hemelse Regter. Daar rus gevolglik 'n groot verantwoordelikheid op die regsprekende vergadering in geheel en elke lid daarvan persoonlik. Afgevaardigdes moet voor God en die mense betuig waar onreg gedoen is, en hoe die pad na regsherstel geloop behoort te word.

Afgevaardigdes wat voorheen reeds oor 'n betrokke appèl uitspraak gelewer het, mag nie weer aan regspraak oor dieselfde saak deelneem nie, aangesien niemand regter in sy eie saak kan wees nie[781].

'n Meerdere vergadering wat moet regspreek kan met vrug van 'n appèlkommissie of -deputate gebruik maak om hom te adviseer. Dit is nie prinsipieel verkeerd dat appèldeputate in bepaalde gevalle afhandelingsbevoegdheid ontvang nie. 'n Appèlkommissie of -deputate gaan volgens 'n welomskrewe opdrag te werk, en doen aan die volgende vergadering verslag.

Iemand met ervaring op die terrein van geskil-beslegting kan 'n wesenlike bydrae as appèl-deputaat lewer. Dit moet as wins beskou word indien 'n gelowige regsgeleerde sy juris-gawes in die behandeling van die appèlsaak kan aanwend.

---

[778] Materiële gronde beskryf die inhoud en omvang van die konflik.
[779] Formele gronde fokus op die kerkraad se hantering van die konflik.
[780] Indien 'n appèl by die partikuliere of nasionale sinode dien en daar dus vroeëre regspraak oor dieselfde saak was en in berekening gebring moet word, is dit van nog groter belang om tussen formele en materiële appèlgronde te onderskei.
[781] *Nemo iudex in causa sua.*

'n Verongelykte lidmaat wie se verongelyking nie na reg aangespreek word nie, het toegang tot die burgerlike regter[782].

### 4.6.4 Regspraak

Kerklike regspraak het sy eie-aard (*sui generis*). Dit beteken dat daar unieke elemente in kerklike regspraak is, wat in ander – byvoorbeeld burgerlike – regspraak nie voorkom nie. Die eiesoortigheid van die kerklike reg kan en mag egter nie sodanig verabsoluteer word dat dit tot onnodige spanning met ander regspraak lei nie. Kerklike regspraak moet ten alle tye ooreenkomstig algemeen geldende regsbeginsels[783], wat vir die kerke 'n minimum-vereiste[784] behoort te wees, geweeg kan word.

***Grondtoon van kerklike regspraak: basis, atmosfeer en styl***

Die *sui generis* van die kerklike reg blyk by uitstek as die grondtoon daarvan ter sprake kom. Die grondtoon[785] van suiwer kerklike regspraak verbind regsprekende vergaderinge tot:

- bereidwilligheid om reg te spreek, ook al verg appèlle deurgaans baie tyd en energie;
- deeglike ondersoek, wat die proses van hoor en wederhoor met die oog op suiwer regsvinding insluit;
- eerbare regspraak;
- spoedige regspraak;
- onbevooroordeelde regspraak;
- 'n geestelike, kerklike wyse van optrede[786].

***Verloop van kerklike regspraak***

Die hantering van die regsaak kan puntsgewys weergegee word:

- Ontvanklikheid van die appèl
  - Oordeel aan die hand van 'n duidelike maatstaf oor die formele[787] en inhoudelike[788] ontvanklikheid van die appèl[789].

---

782 Dit moet beklemtoon word dat die grondwetlike reg van toegang tot die burgerlike regter (RSA Grondwet, 1996:14, Artikel 34) nie misbruik word nie. Slegs wanneer alle kerklike weë gevolg is, en die appellant hom steeds nie by die beslissing van die kerke kan berus nie, kan dit – in afhanklikheid van en met verantwoording voor die Here – oorweeg word om regspraak by die burgerlike regter te gaan soek.

783 Die reëls van natuurlike geregtigheid word as algemeen geldende regsbeginsels beskou.

784 In soverre dit met God se Woord ooreenkom.

785 Met grondtoon word bedoel die basis waarop, die atmosfeer waarbinne en die styl waarvolgens kerklike regspraak plaasvind.

- Ondersoek van die appèl
  - Gaan deur die appèlskrif om ʼn duidelike geheelbeeld van die appellant se klag te verkry.
  - Stel deur middel van hoor en wederhoor vas wat die feite met betrekking tot die konflik is.
  - Kom by ʼn goed gefundeerde en verantwoordbare regsvinding uit.
  - Stel die behandelingsproses in die vorm van ʼn rapport op skrif.
- Regsuitspraak oor die appèl
  - Verantwoorde uitspraak[790]. Daaruit moet blyk dat die kerklike vergadering as verkondiger en beskermer van hoë morele waardes uitstaan. Verantwoorde uitspraak het alles te doen met die gebruik van die regte regsbronne en deeglike oorweging van regsgronde. Die moontlikheid dat lidmate hulle tot die burgerlike regter kan wend, noop die kerke eweneens tot sorgvuldige en verantwoordelike regspraak[791].
  - Duidelike uitspraak. Met verskaffing van redes word gestel of die appèl slaag al dan nie.
  - Pastorale uitspraak[792]. ʼn Beroep word op beide partye in die saak gedoen om in die lig van regspraak met mekaar te versoen.
  - Regskragtige uitspraak. Die uitspraak van die meerdere vergadering sal vir vas en bindend gehou word[793].
  - Doelgerigte uitspraak. Die uitspraak in ʼn appèlsaak moet sodanig wees dat dit tot beëindiging van die konflik en herstel van reg en vrede kan bydra.
  - Effektiewe uitspraak. Die vergadering reik – indien, en vir sover nodig – ʼn helpende hand uit om in die plaaslike omstandighede tot daadwerklike oplossing van die konflik te kom.
  - Skriftelike uitspraak. Die vergadering stel albei partye skriftelik van sy bindende regsuitspraak in kennis.

---

[786] Kenmerkend van die geestelike, kerklike wyse van optrede is: liefde, billikheid, wysheid, lankmoedigheid, voortdurende gebed.

[787] Formele ontvanklikheid word bepaal deur die formele vereistes waaraan aan ʼn appèl moet voldoen (woordelikse weergee van die besluit waarteen geappelleer word en stel van appèlgronde) na te gaan.

[788] Inhoudelike ontvanklikheid word bepaal deur faktore soos die gewig van die saak wat in die appèl aangespreek word, alternatiewe roetes wat gevolg is om die konflik op te los (onder andere arbitrasie, mediasie en kerkvisitasie), die motief en doel waarmee geappelleer word.

[789] Beoordeling van ontvanklikheid is as sodanig reeds ʼn regsdaad wat met omsigtigheid en erns bejeën behoort te word.

[790] ʼn Regsprekende vergadering moet ten volle verantwoording oor sy regspraak kan doen.

[791] Nie in die eerste plek uit vrees vir die moontlikheid van ʼn burgerlike regsgeding nie, maar uit eerbied vir God en die behoud van die verongelykte binne die kring van die gemeenskap van die gelowiges.

[792] Pastorale regspraak vertroos én vermaan, dit bou die goeie op én breek die kwaad af, dit waarsku teen die sonde én roep op tot bekering.

[793] Artikel 31 KO

### 4.6.5 Regsherstel

Regsherstel is ŉ gawe van God. Niemand anders nie as net God in Christus, deur sy Gees, kan gebrokenheid heel en versteurde verhoudinge herstel[794]. Kerkreg is ŉ middel in die hand van God om regsherstel te bewerk. Kerkreg is genadereg, herstellingsreg.

Regsherstel is – sover dit die mens se verantwoordelikheid in diens van God aangaan – die proses wat uitloop op ŉ toestand waarin twee partye wat met mekaar in konflik was, tot só ŉ mate die konflik oorkom het dat hulle met mekaar versoen raak en weer in harmonie en vrede met mekaar kan saamleef. Regsherstel is gegrond in liefde vir God en die naaste en gehoorsaamheid aan sy Woord.

Die uitsig op Godgegewe regsherstel moet almal wat by 'n appèlsaak betrokke is met geloofsverwagting vervul. Die appellant, die kerkraad sowel as die regsprekende vergadering mag vir geen oomblik dié één sentrale mikpunt uit die oog verloor nie. In die soeke na regsherstel sal die appellant eers alle ander moontlikhede van konflikoplossing oorweeg alvorens tot appèl of verdere appèl oorgegaan word. ŉ Regsprekende vergadering sal nie onnodig met regspraak sloer nie, maar in gehoorsaamheid aan God die onreg haastig aanspreek en uit die weg ruim.

[794] Die uitspraak oor ŉ appèl kan ŉ konflik oplos nie. Psalm 127:1 en 2 is hier van toepassing. Regspraak is tevergeefs as God se seën nie daarop rus en Hý nie sy kinders wat in konflik leef bymekaar uitbring nie.